


huit

TYOSKRIF VIA LETTERKUNDE



JAARGANG 3 : NOMMER 4



Digitized by the Internet Archive
in 2017 with funding from
University of Pretoria, Library Services

Tydskrif
vir Letterkunde

KWARTAALBLAD VAN
DIE AFRIKAANSE SKRYWERSKRING

Redakteur:

C. M. VAN DEN HEEVER

Letterkundige Adviseurs:

D. F. Malherbe, H. A. Fagan, P. C. Schoonees,

F. J. Eybers en W. A. de Klerk.

JOHANNESBURG

1953

DESEMBER 1953

JAARGANG 3 : NOMMER 4

INTEKENGELD: 15/- (posvry)

Los nommer in die handel: 5/- per eksemplaar

Uitgegee deur

Die Afrikaanse Skrywerskring

Administrasie:

Professor Abel Coetzee, Posbus 1176, Johannesburg

Inhoud

| | <i>Bladsy</i> |
|---|---------------|
| DIE JONGSTE VERHAALKUNS VAN W. A. DE KLERK, Abel Coetzee | 5 |
| SALIG IS DIE SAGMOEDIGES, W. A. de Klerk | 11 |
| GEDIGTE, D. F. Malherbe | 20 |
| J. VAN MELLE (1887-1953)†, E. Lindenberg | 23 |
| GEDIG, W. van Heerden | 26 |
| 'N MEESTERWERK VAN BACH, Ludi Schulze | 27 |
| GEDIG, Jaak van den Iepe | 40 |
| CASTELLIO EN ONS, Marius Valkhoff | 41 |
| GEDIGTE, Vincent van der Westhuizen | 46 |
| REIS NA BEGIN, Jan Sebastian Rabie | 49 |
| FRAGMENT UIT DIE SPEL „MARIA”, J. Nel v.d. Merwe | 58 |
| EK SOEK NA JOU, Wilma Boshoff | 62 |
| GEDIG, S. J. du Toit | 65 |
| VIER SKETSE UIT DIE GOUDSTAD, Abel Coetzee | 66 |
| GEDIGTE, A. J. J. Visser | 79 |
| GEDIGTE, Fred Walewijn | 80 |
| GEDIG, S. Sellschop | 82 |
| EK IS NOU ANDERS, D. F. Malherbe | 83 |
| BOEKBESPREKING | 88 |
| UIT DIE TYDSKRIFTE | 92 |
| NUWE AFRIKAANSE BOEKE, P. J. Nienaber | 94 |

Afdrukke: W. A. de Klerk.
D. S. Richard.

Die Jongste Verhaalkuns van W. A. de Klerk

ABEL COETZEE

Die aanvang van die dertigerjare van ons eeu sien 'n aantal faktore aan die werk in die Afrikaanse volkslewe waarvan die strekking en draagwydte eers gaandeweg duidelik word, sodat ons eers in ons eie tyd — ondanks die waarskuwende stemme van destyds — in staat is om na verwarring en verydeling weer poolshoogte te neem en koers in te slaan.

Drie van die ingrypendste faktore van destyds was sonder twyfel die verhewigde verskuiwing van die landelike Afrikaner na die nywerheidstede, die versterking van die Afrikaanse nasionale gevoel, en die verskyning van die verskerpte individualisme onder invloed van die diepte-sielkunde, wat toe in besonderhede begin bekend word het in ons land.

Die inwerking van hierdie faktore op mekaar in die Afrikaanse gemeenskap van destyds bring 'n aantal strominge in ons geesteslewe wat die volgende twee dekades oorheers en waardeur dit 'n tydperk van gisting en woeling word.

Die ouer geslag skrywers en veral die groep wat tussen 1925-30 op die voorgrond tree, is met ontsetting vervul oor die plaasverlating en die ontvolking van die platteland. Die meeste van hulle verwag uit hierdie volksverhuising niks as agteruitgang en verval. Dat hulle hierdie houding ingeneem het, is allesins begryplik. Die teenstelling tussen die ou, rustige bestaan op die boerderye en die roesemoes van die nywerheidstad was vir hulle groot en hulle kon niks as onheil in die toekoms sien nie en 'n versaking van die oue.

Daar verskyn egter gou 'n geslag mense wat nie die rus van die dorp en die plaas geken het nie en vir wie die geraas en die ydelheid van die grootstad eintlik 'n natuurlike agtergrond vorm waarsonder hulle bestaan nie te dink is nie. Hierdie geslag mense word deur die dwang

van 'n magtige kultuur in die nywerheidstad genoodsaak om die ou Afrikaanse kultuur met al sy waardes, sy skoonheid wat vasgelê is in die klank van die woord, te gaan afweeg teen die Engelse en buitelandse of internasionale kultuur. By dié vergelyking het die Afrikaanse kultuurbesit min ontsag meer ingeboesem, en by die jongeres het ons 'n minagting gekry wat gebore is uit onbegrip. En daaruit is gebore 'n gevoel van verydeling wat enersyds uitloop op 'n futlose verlange na heroïese dinge, en andersyds 'n opskeppery met vreemde ideologieë. Uit hierdie gees is gebore 'n lewenshouding wat die beste getipeer word deur die titel van die betreffende roman van wyle Willem van der Berg: *Reisigers na Nêrens*. Op die stofband van dié roman word die werk soos volg saamgevat: „— 'n verhaal van 'n groep jong Afrikaners in 'n moderne stad, tipiese verteenwoordigers van 'n geslag wat die tradisie verwerp het, vir wie die ou orde eens en vir altyd afgehandel is en wat nou op soek is na nuwe waardes en nuwe dinge om aan te glo — sonder om hulle te vind. Hulle is mense wat losgeraak het van die instellings en opvattinge van die verlede, wat eerlik op soek is na rigtinggewende gedagtes tussen die talle ideologieë en lewensbeskouings van hulle tyd, en uiteindelik hulle toevlug neem tot skeptisisme — hulle lewens sonder inhoud of betekenis met uitsondering van die geluk of ongeluk van die oomblik — elkeen 'n medereisiger op 'n pad wat nêrens heen lei nie . . .”

Hierdie gees in die volkslewe, en die uitwerking daarvan op die letterkunde, word vir bykans twee dekades lank weerstaan, nie deur die „moderne stedelinge” nie, maar deur dié geslag skrywers en kunstenaars wat die landelike rus in die verlede geken het en die beeld daarvan hunkerend in hulle omgedra het soos 'n veraf soete herinnering wat hulle maar nie kon laat sterf nie.

En dan begin die jongeres, die stedelinge wat nie die plaasbestaan geken het nie, koers kry. Dis of hulle meteens die siel van die grootstad, sy betekenis, waarde en bedreiging vir ons volkslewe suiwer deurgrond. En dan kry hulle koers. Die skeptisisme en sinisme word afgeskud en daar kom nuwe krag — ook in die volkslewe.

Onder al die jongeres by wie die nuwe te bespeur is, wil ek hier die aandag opvra vir die jongste prosawerk van Willem Abraham de Klerk, wat wel in sy eerste jeugjare die „landelike” rus ken, maar wat weldra burger van die Moederstad word.

Moontlik onder die invloed van Willem van der Berg, of 'n ander lid van dié groep, hou De Klerk hom aanvanklik besig met die ideologiese, die dieptesielkundige, die hiper-individualistiese gewaarwording wat uitloop op die kille ivoortoring en die weg na nêrens. Ons sien sy gees aangevreet deur die sinisme en skeptisisme. Maar van ondergang in hierdie moeras is hy gered deur sy ontdekking van die skoonheid van die Bolandse natuur en van een van die verlore gemeenskappe wat in afsondering in die berg-klowe woon. Vir De Klerk het die nuwe hier begin.

Dit staan só uitgebeeld in *Die Wolkemaker*, 'n boek wat, om sy tema miskien, nie soveel aandag getrek het as wat dit verdien nie, maar tog 'n boek wat nou, vier jaar ná sy verskyning en ná die publikasie van ander werke, 'n nuwe betekenis kry as ons tot klaarheid wil kom oor die wordingsbeeld van De Klerk as kunstenaar. In *Die Wolkemaker* (1949) staan die karaktertrekke van *Reisiger Na Nêrens* neffens die nuwe wat aan die kom is. Abraham Kock, die hooffiguur (let op die naam!), dink agtereenvolgens só: „Dit gee hom 'n nuwe en dringende besef van sy taak om homself bloot te lê, sy gedagtes, sy gevoelens; om te midde van die matelose chaos van sy tyd, die vormlose, noodlotsware wil-tot-die-dood, 'n wil-tot-die-lewe te skep” (bls. 3; kurs. van my). „En die slotsom van alles? Dat die lewe per slot van rekening maar net 'n ewige stryd teen die ek is... want anderkant die ek lê die rand van die werklikheid. Die meeste ontvlug of gee oor. 'n Paar dring deur...” (bls. 5).

Die betekenisvolle hier, in die lig van die latere ontwikkelinge, is enersyds die aanvreting deur die „chaos,” die „baaierd” ('n woord wat by De Klerk voorkom en ook geliefkoosde woord is van die groep digters uit sy tyd wat dieselfde gees openbaar), die aanvreting van die gees deur die verval van sy tydgenote. Maar andersyds die *wil-tot-die-lewe!* Dan merk ons, heeltemal terloops en op dáárdie tydstip nog onbegryplik in die hele verband, die anker waaraan hy hom gaan vasklem: „... Ingedagte sluk hy aan die kakao. ‚Liewe ou Kromrivier!’ sê hy dan langsaam. ‚Neef Wit Andries het laat weet dat die koeseaatjies weer een van die dae in die blom staan... En daar's ribbokke op die trap en jakkalskos in die melkbosveld. En tant Spykie se kambrokonfyt en egte rooibostee...’ ,... en 'n waboomvuur?’ Hy glimlag. ‚En smôrens as die ryp knyp, 'n bakkerbos om aan die brand te steek... en die mense van Dwarsrivier... en oom Gertjie en oom Glasbeen.’ Sy

oë glinster. „Sommer die hele lieue ou wêreld. Eendag se eendag gaan ek daar woon. So waaragtig!” (Bls. 6-7; kurs. van my).

Hierdie jong man gaan dan die woeste plooiingsberge van die Boland binne, op lewensgevaar af, om 'n groep reisigers te soek waarvan die vliegtuig in die klowe neergestort het. Hulle word deur hom ontdek; enkele dae leef hy met hulle saam, en ons sien die een na die ander lid van die geselskap sterf aan die streng deurgevoerde noodsaak van sy eie karakterswakheid. Ons leer aanvoel hoe die een volksonde na die ander onverbiddelik moet lei tot die dood. Van die hele groep bereik hy alleen die lewe daar buite weer. Maar „nou is hy oud — oud in ervaring. Ja, laat hulle maar kom. Hy ken geen vrees nie. Nou weet hy dit. Deur hierdie dieptes moes hy dwaal om werklik mee te voel, werklik die nood en ellende van sy medemens te deel en so sy eie te maak, om werklik uit homself te kan gee . . . En hy sal gee — alles wat in hom is, die ervaring, die verstand, en die nuwe deernis. „En so na bo . . .” fluister hy 'n halfuur later.” (bls.384).

In die reeks van sy werke kan ons *Die Wolkemaker* se betekenis vir die skrywer aanvoel as 'n bevryding van sy gees uit die „chaos.” Hy verlaat die „baaiërd” van die reisigers-na-nêrens en hy word 'n inwoner van Dwarsrivier. „Eendag se eendag gaan ek daar woon. So waaragtig!” In gewone taal beteken dit die terugkeer na die volkse, die lewe van die landelike mens, die lewe van eenvoudige skepping en wroting en ewewig, en 'n bespiegeling van die vraagstukke van hierdie soort mens i.p.v. abstrakte probleme wat buitekant ruimte en tyd staan en wat op geen punt die huidige volkslewe raak nie. Met ander woorde: i.p.v. die bleke digter van die ideologiese wêreld (ivoortoring), kies hy die weg van volksdigter, profeet, siener, opvoeder. En daarmee het hy die weg oopgeslaan wat versper geraak het, en die band tussen skeppende kunstenaar en volksgemeenskap is herstel vir die jonger kunstenaars van sy tyd.

Na *Die Wolkemaker* sou ons nog kennis maak met die bekroonde *Jaar van die Vuuros* ('n drama wat vasgeknop sit aan die grootste maatskaplike vraagstuk van ons eie tyd), *Nelia Bell*, *Drie Swerwers oor die Eindlers*, *Die Uur van Verlange* en *Die Eensames* ('n verhaal wat saamhang met ons stormjaertyd tydens die afgelope wêreldoorlog).

Van hierdie later werk is *Drie Swerwers oor die Eindlers* en *Die Uur van Verlange* — twee boeke wat 'n emosionele

eenheid vorm en bymekaar gelees moet word — van die grootste betekenis vir sy ontwikkeling. *Drie Swerwers* is oënskynlik die beskrywing van 'n reis deur Suidwes. In wese is dit 'n treursang oor soveel skoons wat, as oorblyfsel van die ou Afrikaanse rustige „adelbestaan,” noodwendig moet verdwyn onder die aanslae van ons moderne stoflike welvaart en vooruitgang. In *Die Uur van Verlange* word die voorspelling van *Die Wolkemaker* bewaarheid: „Dwarsrivier... oom Gertjie... oom Glasbeen... „Eendag se eendag gaan ek daar woon. So waaragtig!”

Oor 'n tydperk van vyftien jaar heen het die skrywer telkens weer na hierdie afgesonderde landelike gemeenskappie teruggekeer, sy mense liefgekry, vergroei met sy landskap. Die vraagstuk van hulle afsondering het hy deurgrond en die bedreiging van die kruipende siekte wat stoflike welvaart heet, het hy leer voel as die ondergang van die oue. Hy het egter leer insien dat die oue noodwendig opgeskryf is ten dode omdat dit uit 'n ander tyd is met 'n ander ideaal en nie meer bestand is teen die nuwe soort „wetenskaplike” bedryfsbeplanning nie. Tog weet hy dat die nuwe ook sy eiesoortige skoonheid kan en moet hê, wat hy ook kan waardeer.

Sodoende word die boek vir ons hele geslag 'n boodskap: behou wat skoon is uit die oue, en bou die nuwe daarop. Deur terug te keer na die volkslewe, wat skoon is daarin te aanvaar, wat lelik is daarin te verwerp, word ons verlos uit die „baaierd” wat die teenswoordige tydperk is, en ons word reisigers, nie meer na nêrens nie, maar na 'n doelbewuste bestaan waar gestreef word na 'n lewe in gebed in betekenisvolle tradisies wat soos 'n stroom rigting gee aan die enkelinge in die groep.

Wat hier in enkele woorde uitgestippel word, is in der waarheid 'n merkwaardige geestesontwikkeling. Die geslag van 1925-30 het uitgeroep: „Terug na die plaas! In die stad lê die dood van ons volk!” Die nuwe geslag, by monde van De Klerk, skryf in sy vaandel: „Ons sal nuwe vorme moet vind — en 'n nuwe adel” (bls. 371). En daarmee word die kunstenaar weer die leier van die volk soos van ouds. Eintlik beteken dit dat die jong geslag besef dat die ou landelike tradisies, wat in die ou omgewing mooi en goed was, vir die nuwe soort bestaan nie meer deug nie. Daarom moet nuwe tradisies met betekenisinhoud gesoek word teneinde aan die volksbestaan sin, vastigheid en 'n gerigtheid te besorg. Dit is sy siening, en daaraan probeer hy

gestalte gee in *Die Uur van Verlange*. En dit is meteens ook die betekenis van Willem de Klerk.

Nie dat sy werk, veral *Die Uur van Verlange*, waarde het slegs om die ideologiese inhoud nie. In sy oeuvre as geheel is daar nog heelwat wat onryp is, en in *Die Uur van Verlange* word die gaafheid van die kunswerk nog tot 'n mate geskaad deur 'n gevoel van „beplandheid,” 'n te bewuste instelling teenoor die werklikheid. Daarteenoor staan juis in hierdie werk 'n emosionele egtheid wat getuig van persoonlike beleving en bepeinsing en daarby 'n soepele hantering van die volkstaal wat iets nuuts is in De Klerk se prosa en wat vir ons prosakuns nuwe vergesigte open ná 'n geslag van introspektiewe stilistiek.

By die gesonde wisselwerking tussen die bewuste kunstenaar en die volksgemeenskap, daar lê die gesonde bloei van 'n nasionale letterkunde.

Salig is die Sagmoediges

W. A. DE KLERK

Hier is die kroeg in 'n klein sykamertjie. Ek glip daarin, verby die breë rûe van 'n sestal bekendes. Ons kan maar later ook gesels.

'n Moeë kelner met 'n wit baadjie kyk met dowwe oë op. „Brandewyn, meneer?”

„'n Bietjie sjerrie, dankie!”

Die kelner moet soek om dit te vind. Ek neem die kelkie en loop terug na die groot vertrekke.

Ai, dis 'n mensdom! En ek is maar één van hulle. Dit weet ek maar te goed. Terwyl ek hulle staan en beskou, beskou hulle my. En juis daarom is ek op die oomblik met min liefde vir hulle bedeel. Ek weet ek doen sonde . . . Maar dit moet my maar vergewe word. Dis Oukersaand en ek wou dit glad nie só gevier het nie . . .

Wie is hulle? Ou elmboogligters wat mens op elke partytjie vind; 'n paar „blommetjies” met eksotiese kleredrag; baie vrouens met die eerste fleur al af; een of twee uitgeweke aristokrate; mense uit al die beroepe; politici, kunstenaars sonder roem.

* * *

Ek het eindelijk 'n plekkie op die stoep gevind waar ek van die gedreun kon ontsnap. Daar het ek my kelkie wyn kom drink en aan 'n toebroodjie geproe. Daar het ek nagedink oor wat my eintlik nou weer na hierdie viering gebring het.

Ek het min sin aan die ding. Maar Jan en Miempie het ook so aangehou dat ek moet kom . . .

Ek het my laat ompraat. Eintlik wou ek baie eerder êrens op die platteland gewees het — in my tuisdorp of op een of ander strandplek. Die afgelope jare het meer as ooit tevore dié gevoel van afkeer by my gaande gemaak — afkeer van die dolle gejaag van die stedelike bestaan.

Is ons dan hiervoor geskape — die gekke gelui van telefone, die ewige narkose van die koerant, swetende, stampende skares in busse en treine, versuf en verstar deur die gespook om by te bly, blêrende radio's wat van ligdag tot nanag onsinnig hulle ware opveil, kletsende partytjies?

Ek weet die stad het ook baie kompensasies — sy eie onbeskryflike aantrekking, sy kultuur en groot geeste. Maar tog . . . !

My mymering word onderbreek as my gasheer meteens op my neerdaal. „O hier sit jy!” roep hy uit. „Ons het jou al oral gesoek! Miempie sê sy het jou nog met g'n oog gesien nie. Kom saam, man! Wat het jy al te drinke gehad?”

Daar is niks aan te doen nie. Ek hou my maar gesellig en laat my meevoer. Miempie vind ons eindelijk by 'n muurkassie. Sy is werklik bly om my te sien: „Ek het gewonder wáár kruip jy tog weg!” Sy glimlag my toe. „Soe, nou gaan dit dol! Die mense éét . . . !” Sy sluit die kas oop. Regimente bottels staan op aandag.

Ken ek almal? wil Miempie weet. Dis Dokter Sus, dis Doktor So!! . . . Sy gesels dan nog 'n oomblik, verdwyn dan weer tussen die skare met die brandewyn in 'n mandjie gepak.

Dr. Sus wil weet of ek wil rook. Dr. So wil my glasier vol skink. Ek laat hulle maar begaan. En tog . . . Dis Kersfees!

Ander geeste doem voor my op. 'n regter, etlike advokate, selfs 'n minister.

Die regter wil weet of ek van die Kaap is. Ek gesels maar omdat ek moet. „Die Kaap is 'n goeie plek,” sê die regter later.

Ek betwyfel dit nie.

* * *

Ek het hom daar eenkant in 'n hoekie gemerk. Wat my tot hom aangetrek het, kan ek nouliks sê. Ons het aan die gesels geraak. Hy was 'n jong man, lank en mooi gebou, met iets fris in sy voorkoms — iets wat nie heeltemal gepas het by die geleentheid nie.

Ons het gesels oor die boerdery en nuwe metodes van weervoorspelling — iets waarmee ek my ook die afgelope jaar al besig gehou het.

„Miempie,” vra ek haar as sy my 'n rukkie later weer afkeer en aan die gesels raak, „Wie is hy?”

Sy glimlag met haar mooi oë. „Ken jy hom nie?” Dit kom bietjie verbaas — asof almal hom ken. „Dis Danie Roux mos! . . . Speel vleuel vir die W.P.!”

„O!” Ek rond maar net die lippe, maar uiter geen geluid nie.

„Jy ken sy vrou?” Sy wys met die oë. Ek kyk na dié waar sy omring deur 'n tiental mans haar flikkers staan en gooi. Ek ken haar maar te goed.

Miempie lag meteens en verdwyn.

Ingedagte drentel ek na 'n venster en staar uit in die nag. Die sterre flonker hoog en eensaam oor die vlakke en die berge.

Irma — en dié seun!

Ek kan dit nouliks glo. Sy is mooi, uitsonderlik mooi — en sy weet dit ook. Sy roem op die baie mans wat nie bestand was teen haar kunste nie. Sy kan wonderbaarlik bekoorlik wees — maar net so berekend en hard. Sy is 'n sakevrou wat volleerd is. Min kan teen haar opweeg.

Só ken ek Irma . . .

So ver ek weet, is sy al drie maal tevore getroud. En nou hierdie een . . . ! Sy moet jare ouer as hy wees.

Ek skud net my kop en vra my af in hoe verre hý ook reeds ontnugter is.

* * *

Ek beskou hom. Die gedempte lig beklemtoon sy sterk gelaatstrekke. Ek vertel hom van my reise. Hy is die ene belangstelling. Hy kom uit die noordweste. Ek sien hom glimlag as ek spesifiek na 'n sekere kontrei verwys. „Hoe ken Meneer dit dan?”

„Vroeër het ek baie daar gekom.” Ek noem plekke, mense, plase wat hy ook ken. Sy gesig gloei met 'n ou, opgegaarde vreugde.

„Ma huur mos Swawelkrans by oom Sias-hulle.”

'n Skielike gedagte skiet my in die sin. „Ek het juis lus en gaan hou more Kersfees daar. Langvlei se mense is ou vriende.”

Hy glimlag en gedagtes speel in sy oë. „As u dalk nog ry . . . die pad loop knap daar oor die werf by Ma-hulle verby!”

Ek knik.

. . . „Dis net Ma en Hennie op die plaas nog. Hulle sal bly wees om besoek te kry.”

„Hoekom ry jy en jou vrou nie maar saam nie?”

Hy antwoord nie, kyk dan meteens weg na Irma waar sy nog altyd sprankel tussen die manlike aandag. „Dis maar bietjie moeilik.”

Hy kyk my weer aan. „Miskien gaan ons met Pase. Sê maar groete? U sal van Ma hou!”

* * *

Irma staan voor my en rinkel haar goue armbandjies.

„Irma,” sê ek as ek haar eenkant afkeer. „Ek gaan jou nie gelukwens met jou jongste sukses nie.”

„Ja, druiloor?” terg sy my terwyl haar skitterende oë vonke op my skiet.

„Ek meen dit. Waarom doen jy sulke dinge?”

„Waarom nie?”

„Dit word alles vir jou opgeteken. Hoekom gaan jy nie saam met hom huis toe nie?”

Sy lag net rinkelend en sluk haar brandewyn. „Ag!” ’n Harder lig kom in haar oë. „Dis ons saak en ons saak alleen. Ek dink hy’s skattig!”

Woede kook in my op. Maar ek hou my in. Ek weet baie goed dat dit niks sal baat — nie teen hierdie vrou nie.

„Kom kry nog ’n drankie,” sê sy ewe vrolik.

* * *

Ek het later buite in die tuin gaan staan. Die nag was groots en klaar. Maar my gedagte het nog aldeur om Danie Roux gedraai.

Hy is ’n eerlike siel, meen ek — eenvoudig en manlik, maar vasgevang deur magte wat hy seker nouliks kan begryp.

Opstand?

Moontlik, besluit ek weldra.

Op ’n dag sal hy seker ontwaak uit die eerste verdowing van die liefde, sal hy met ’n skok uitvind hoe ver hy reeds afgedwaal het. Miskien sal hy dan vasskop en weier om verder te loop. Maar dis ook moontlik dat hy maar sal toegee, tevrede sal wees om sy vrou net in naam te besit. Dit kan ook wees dat hy maar heeltemaal boedel sal oorgee, ook offers sal bring aan die groot god Geld, gelei word deur die evangelie van die pers, geskei word van die natuur, bekoor word deur die etiek van grootte en snelheid.

Dit sal Irma aan hom doen.

Nou, fluister ek by myself, waarom my moeg maak oor hom? Hy is maar nog een, nog net één. En is daar nie ’n noodsaak by nie? *Iemand* moet die slagoffer wees.

En tog daar bly iets in die man wat my tot sy natuurlike bondgenoot maak. Ek wil hom help, bystaan. Maar hoe kan ek?

Ek voel die magteloosheid in my opstoot en loop doelloos in die tuin rond.

* * *

Ek het seker nie bedoel om hulle af te luister nie. Maar ek kon nie anders nie. ’n Paar sekonde hét ek daar stil bly staan — daar agter die somerhuisie.

Dis ’n man en ’n vrou wat woorde wissel. Sy snik en hy probeer haar stil maak.

Ek stap maar weg. Ek wil nie verder hoor nie. Ek weet wie dit is. Hulle saak sal een van die dae voor die hof dien.

Binne woed die slampampery voort. Bedenklike speletjies is aan die orde — en Irma is die middelpunt van alles. Ek moet ook maar glimlag, loop dan weer na die stoep.

'n Figuurtjie kom meteens by een van die deure uit. „Paultjie . . . !” lag ek en tel hom op. Dis Jan en Miempie se jongste. Al wat hy aan het is 'n slaappak se baadjie en 'n verspote klein broekie. „Jy moet gaan slabies, my ou grote!”

Sy lippe bewe. „Wáár is Vader Krismis . . . ?”

„Hy kom nog!”

Binne gil 'n vrou. Dis Irma.

„. . . Hy sal kom, toemaar!” Sy broekie gly meteens af. Hy gryp met 'n handjie daarna.

„Het jy dan nie 'n knopie nie? Toemaar, Omie steek hom sommer vas!” Gelukkig vind ek 'n haakspeldjie op my das. „Nou gaan ons weer Klaas Vakie soek.”

Ek neem hom weer na sy kamer en lê hom op sy bed neer.

Aan die voetenent hang daar 'n leë sloop.

* * *

Weldra keer ek terug na die skare en begin my gasheer en gasvrou soek. Dis tyd dat ek nou maar verkas. Jan vind ek op langelaas in die kroeg — in 'n hewige woordestryd gewikkel.

„Wat makeer?” vra ek 'n omstander.

Die man grimlag. „Ou Piet kla daar's nie meer kos nie. Hy wil hê die manne moet daar na hom toe kom.”

„Jy saboteer die hele spulletjie!” klink Jan se verwoede stem. „Loop man, as jy dan wil — maar los die ander mense!”

Ek haal net my skouers op.

„Wederom, Miempie,” jok ek as ek haar eindelijk raakloop. „Dit was gaaf. Maar ek moet loop!”

„Ag nee . . . !” begin sy dadelik protesteer. „Dis nog gans te vroeg!”

Iemand het 'n radio aangeskakel. Dit dring deur die kabaal.

„*Stille Nacht, heilige Nacht.*” Só sing Elizabeth Schumann.

„Toe bly nog!” dring Miempie nog altyd daarop aan. „Ag toe.”

* * *

Om half-twaalf die Kersmôre het honderd-en-vyftig myl al tussen my en die stad gelê.

Dit was een van daardie somerdae wanneer die suidoostewind in 'n vloed oor die berge jaag en die gras op die suurvlaktes blink soos dit golf.

Ek het met opset nie die Langvleivriende laat weet dat ek kom nie. Ek wou hulle maar verras. En ek het geweet dat die welkom altyd hartlik sou wees.

Ek dreun teen die laaste steiltes van die pas uit en bereik die groot suurvlak wat blougroen en skoon soos altyd tussen die insluitende reekse voor my strek. Hier is dit windstil. Populier- en eikebosse dui aan waar die opstalle van die enkele bergplase hulle verskuil. Ek trap op die versneller en die motor skiet lustig vorentoe. Die lewe is gaaf! Dis hoog hier en die lug is fris na die bedompige hitte van die stad; daarby ervaar ek die enige vreugde wat kom by die weersien van beminde plekke.

Twaalfuur op die kop maak die nou pad 'n skerp draai teen 'n skotige hoogtetjie en sak skerp anderkant af na Swawelkrans. Alles is net soos dit altyd was. Alles bekoor my: die stroom water wat dwars oor die pad loop; die ou meul onder die eikebome; die klein leidam waarop wit eende swem; die kersiebome, swaar van drag; die klein maar goedversorgde boorde en landerye in die vleigrond bo die pad; dan die huisie self — witgekalkte mure, 'n rietdak en 'n wingerdpriemel. Dit staan vlak by die pad in die lommer van die eike.

* * *

Ek het haar van ver af op die stoepie sien staan — met twee briewe in die hand. Sy is geset en die gesig is vriendelik in die raamwerk van die kappie . . .

„Môre, hartjie!” lag sy my aansteeklik toe as ek stilhou.
„Geseënde Krismis, hoor!”

„More, Tante, ookso, Tante!”

„Hoe voer Neef die van?” Sy gee hand.

„De Wet, Tante. Ek kom van die stad af.”

„Ja-nee,” sê sy, „so gewaar ek! En dis ook dié lat ek Neef hier staan in inwag, sien! Neef gaan mos seker weer terug?”

„Miskien moreaand al, Tante!”

„Nou maar, dan neem Neef sommer die briewe vir my saam?”

„Met genoeë, Tante.” Ek glimlag en vat hulle. Ek weet al aan wie minstens één daarvan gerig is.

„Ons is natuurlik maar ver van die dorp af, soos Neef kan sien! En daar's ook nie aldag geleentheid nie. Wil Neef dan nie maar afklim nie?”



W. A. DE KLERK

Met vergunning van die Nasionale Boekhandel.

Ek aarsel 'n oomblik. Dis nog tien myl vol na Langvlei. Maar die gedagte aan die belofte aan Danie Roux en die vriendelike opregtheid van die liewe ou gesig, verwyder alle twyfel.

„Dan maar net so heen-en-weer, Tante.” Ek klim uit. „Danie stuur groete... en hy dink baie aan Tante nou met die Kersfees!”

Ek sien haar opskrik, dan hoe 'n groot glimlag oor haar gesig sprei. „Ag toe nou! En *ken* neef tog nie vir hóm nie?”

„So effentjies, Tante.”

„Maar my goeiste...!”

„Ons het mekaar nou vergange op 'n plek raakgeloop.”

„Reken...! Ag, ek is darem alte baie dankbaar.” Sy lag. „Dié ou wêreld van ons, nè... Dis darem 'n ou *klein* plekkie! Nou toenou... hene!”

Ek stap die koel voorhuisie binne. Dis skemerig hier. Die vloer is vars gesmeer. Bo my kop is daar 'n nuwe geelhoutplafon. Ek hoor die horlosie gesels aan die muur, kry die geur van boegoe. Alles is kraaksindelik en netjies.

„Ek is eintlik op pad na oom Sias-hulle van Langvlei, Tante.”

„My hene...!” Sy knik weer en haar gesig straal terug. „Ek het nou ook juis vanmore vir Sias-hulle gehad. Ons het mos so 'n diensie gehou daar op Dwarskloof. Ag, en was dit nie gááf om al die mense weer te kry nie! So, en Neef ken dan vir Danie? Hartjie, jy's seker al dors ook van al die ry! Lat ek vir jou gou bietjie lemoenstroop ingooi!”

* * *

Ons gesels soos ou, ou vriende. Alles gaan so maklik. Die geesdrif by haar is soos dié van 'n kind. Sy vertel my van alles — Swawelkrans, die dood van haar oorlede man, haar kinders. Eerlank ken ek die hele familie.

„... Ja,” sluit sy dan eindelijk met 'n sug af. „Hier het jy swaar gewerk, dis nou so! Smôrs vieruur is ons al op... ek en die seuns. Hulle pa het hulle ook nie verniet geleer werk nie...! Ons maak skoon en ons plant en haal uit en oes en dors vir die valers... En dan gaan maak ons nog boegoe en tee in die berge, want dié was mos op prys... Soms het dit maar bitter swaar gegaan... Somers werk ons tot die son gaan lê... en winters in die reën en wind... Maar ons kom ook altyd bo uit!... Ek kon die kinders darem geleerd kry. Elkeen het nou al vir hom 'n goeie werk uitgeslaan... Ek skuld ook niemand iets nie... Die ou grondjie is maar klein, maar hy's goed. Ons het 'n mooi klompie twak al staangemaak... Sias-hulle was ook altyd

danig goed vir my... Die ander mense ook almal. Na Stoffel se dood het almal mos kom help — hier met trekgoed, dáár met saad en mis en dit en dat. Hartjie, kry nog van die stroop!”

Sy skink weer vol. Haar hande bewe.

„... Jan is mos konstawel daar bo in Riemland — soos hulle sê!” Sy lag. „Wel, eintlik speurder. En hene, nou laas het die regter hom mos ook so geprys in die hof oor hy toe mos ’n klomp skelms so oulik loop vang het. En Bettie is getroud... hier op die dorp met ’n onderwyser... Al twee seuns glad!... Kuier nou in die strand... Dan is daar ook nog Danie — dié Danie! Dié kind was ook altyd so ’n voorstand... Tog altyd so bruikbaar gewees... Niks staan mos vir sy hande verkeerd nie. Slim ook, hoor! Dís nou waar. Ook nooit anders as eerste op skool gekom nie... En voetbal speel! Sy moses is dood. Nou skryf hulle al van hom in die koerante, raai!... Hy speel hom mos beroemd!”

Daarmee skater sy weer.

„Die mense praat met groot lof van hom,” beaam ek weldra. „Ek het hom al self sien speel.”

„Reken tog!... Ag, maar ek is bly!... ” Sy vee ’n traan met die punt van haar voorskoot weg. „So is dit ook, nè!... Ek is die Here ook baie dankbaar dat hy my só geseën het... Nou het Daan ook nog boonop so ’n mooi en slim vrou gekry... Het Neef haar al gesien dalk?”

„Nee, Tante.”

Sy staan op en trek ’n laai van die tafel oop. „Hier!” sê sy meteens en haal ’n foto te voorskyn. „Kyk, dis nou toe hulle getroud is... ! Kyk bietjie... !”

„Mooi!” sê ek na ’n rukkjie.

„Reken, ek laat hulle toe mos ook weet hulle hoef nie na die troue te kom kuier nie (hulle is ook so skielik toe mos getroud!). Nee, maar nou met Kersfees moet hulle tog kom. Hulle sê toe nee, liever met Nuwejaar. Ek is toe ook maar tevrede... Nou is ek hulle aanstaande week nog te wagte. Is ook al opgewonne oor alles! Flip van Sias het vir my ’n nuwe plafon kom insit, soos Neef kan sien. En ek het glad twee van dié nuwerwetse matrasse van die dorp laat kom... ” Sy lag... „Ek weet mos nie hoe die nuwe dogter op ’n buksak sal aard nie!”

Sy sug en stoot haar kappie reg. Ek sien die grys hare wegvloei van haar slape. Sy staar deur die venster na buite — daar waar die grysblou pieke teen die loom na-oggend staan. Ek sien vrae, hoop, verlange in haar oë.

„Dis ook net Hennie wat eintlik nou oorbly. Hy's hier met die kloof op om heuning te loop uithaal.”

Ek sit ingedagte. „Tante,” vra ek naderhand, „en wat is Tante se plan? Gaan Tante maar hier bly?”

„Dis nou die vraag! Sien, ek is mos nie meer vandag se kind nie. Bets wil hê ek moet daar by hulle op die dorp kom bly. Maar raai, ek weet nie so mooi nie . . . „Die oë straal weer. „ . . . Ek is half danig met die wêreld hier saam. En daarby moet mens mos nie die rook uit jou skoonma se skoorsteen kan sien nie.”

Ek staan op.

„Is Neef dan só haastig?”

„Die mense sal al wil begin eet daaronder op Langvlei, Tante. Ek moet maar naderstaan, anders kry ek dalk nog niks.”

Sy sug genoeglik. „Ai, hene, ek is da'em bly Neef het hier aangekom. Hou Neef van biltong?”

„Nie min nie, Tante.”

„Kry ook vir jou van die kersies . . .” Buite pluk sy vinnig 'n paar glansende rooi trossies van die naaste boom. „Dis mos óns land se goed dié. Het jy die briewe?”

„Ek het hulle.” Ek gee hand maar sy loop my by en groet my met 'n soen.

„So ja! . . . En kuier nou maar lekker!”

Ek staan nog bietjie verdwaas. „Ek sal.”

„Groetnis aan Sias-hulle!”

„Ek sal, Tante!”

„En, sê tog vir nig Tryna ek bring oormôre haar koekpanne terug . . . En sê ook vir Willem van Dolf dat Hennie vir Bokkie . . . Neef weet, dis mos 'n volbloed hantam hier van Welbedacht af . . . sê tog maar Hennie het gebesluit hy sal maar verkoop en hy moet maar lat weet as hy hom wil kom haal . . . En as Neef weer miskien vir Danie-hulle in die stad sien, kan Neef ook maar groetnis gee en sê ons woel en werskaf dat dit 'n naarheid is . . . Maar hulle moet seker, *seker* kom! . . . Tot siens, hartjie . . . Tot siens!”

Die stof hang lui en glinsterend in die stil lug toe ek eindelijk weer wegtrek. Ek kyk in die spieëltjie bo my kop, sien hoe sy nog in die voordeur staan en my vir oulaas met 'n sakdoek tot siens toewuif.

„Tot siens, Tante,” fluister ek by myself. „Tot siens, Swawelkrans . . . Tot siens, Hennie . . . Tot siens, almal!”

Ek trap op die versneller, soek die pad met my oë.

„Tot siens,” klink dit weer eindelijk hier diep uit my hart. „Tot siens . . .”

D. F. Malherbe

IN MEMORIAM

Die buurt was ryk aan sonskyn, ryk:
hy was 'n wyd-oop vlakteblom
wat naartig in die rooidag-uur
doupêrels opgegaar het om

die suiwer skat dag in te dra,
die hart se gunste om uit te deel
vir jou, vir my, vir wie wou hê
by saamwees — 't was so goed, so veel.

Te gou, te gou! Die tyd se eis:
soos 'n vér lig-oog in die nag
skielik sy wimpers dig-toe sluit —
so weggaan — mooi Septemberdag!

Maar al die blomme van die vlei
het saam met hom bult op gegaan
en bo die kuil 'n heuwel blink
van pers en wit en blou gestaan.

En in die aand het oor die berg
met koel, klam wind vanuit die see
deur blommeblare 'n stem gesuis:
„Hy het so veel, so veel gegee,

so veel wat niemand iets van weet,
wat meer as goud was om te kry
en wat die Liefde nooit vergeet
en immer onverganklik bly.”

SOUT VAN DIE AARDE

Af met die staalkou dieper, diep,
af in die lou hart van die nag...
Wie ken sy eie ondergrond
en wat daar in die kamers wag?

Vals lig van fakkel lei die voet
deur gange van die onderland:
plots in 'n saal van soutkristal
waar glinsterwit in swoelte brand.

En van haar troon in gindse hoek
kom sy, die skone, in blouwit kleed.
„Wat steur jy my? Wie hier verskyn,
moet van die soutkristalle eet.”

Sy was die skone van my droom.
„Moet 'k van my eie hart hier eet?”
„Jou hart is wit, jou hart is swart,
eet!” sê die skone in blou wit kleed.

„Sout van die aarde sal jy wees,
en jy sal dors na Lewende Water,
en ander sal jou dors begeer;
dit is jou seën later, later...”

Ek wil haar duister woord nog vat,
toe sy al weg in dik mis wyk:
die son van 'n volmaakte dag
wat oor die bergkam na my kyk.

„Sout van die aarde” bly in my
en dors deur moeities van my dag...
Wie ken sy eie ondergrond
en wat daar in die kamers wag?

SORGELOOS

Saamwees op een erf blank en swart
vanaf 'n vroeë dag tot nou:
Die ploeg, die bees, eertydse maat
vreedsaam en fris in die môredou.

Maar tussen weiland in en sooie
het ou Gomorra opgestaan:
swart waai sy asem uit rumoer
op teen die stille wolkwit aan.

En torings klim die ylte in,
en stampers stamp 'n nuwe tyd,
en glase klink, en waan oornag
in sorgelose veiligheid.

Die stilte soek wanhopig na
plek vir die holte van sy voet,
en by die drumpel van weleer
het hy net vreemde stemme ontmoet.

Wie sê hul grawe reeds die graf
waar blank en swart tesame sink?
Die ploeg, die bees, eertydse maat
van swart begeerte . . . , maar bedink:

die dag is kort en swaar die eis
want stampers stamp 'n nuwe tyd:
die glase klink, en waan oornag
in sorgelose veiligheid.

J. van Melle (1887-1953) †

E. LINDENBERG

Hoe weinig sprake daar nog kan wees van 'n Afrikaanse literatuurgeskiedenis staan 'n mens skielik weer helder voor oë by geleentheid van die afsterwe van 'n bekende skrywer soos Van Melle. Eintlik val ons letterkundige geskiedenis uiteen in twee afdelings: die politieke, kultuur- en taalgeskiedenis gevolg deur karakteristieke van 'n reeks tydgenootlike kunstenaars. Met die indeling in „geslagte” vergeet mens al te dikwels dat bv. Totius nie alleen nog bande het met die Eerste Taalbeweging nie, maar ook 'n tydgenoot is van van N. P. van Wyk Louw. En die „periodes” in die poësie en die prosa dek mekaar nie. Die belangrikste taak op die oomblik is nog steeds die bestudering van die afsonderlike kunswerke. Dis nie ons doel om in hierdie artikel 'n volledige beeld te gee van Van Melle se prosa nie, slegs enkele opmerkings i.v.m. die aard daarvan en om die belangrikste werke aan te dui.

Van Melle was besonder produktief en het romans, nouvelles, kortverhale, sketse en toneelstukke geskryf. Tog meen ek dat ons sonder nadere motivering kan konstateer dat sy romans *Dawid Booysen* en *En ek is nog hy* verreweg die belangrikste is.

By 'n karakteristiek van Van Melle se prosa, lê die vergelyking met Jochem van Bruggen voor die hand. Nie alleen dat die uiterlike omstandighede ooreenstem nie — albei is van geboorte Nederlanders wat hulle in Suid-Afrika kom vestig, onderwys gee en Afrikaans as literêre medium aanwend —, maar die verwantskap lê dieper in hulle werk self: albei is realiste wat taalgebruik betref, maar idealiste in hulle houding teenoor hulle stof. Tewens lê die groot gebreke van beide in die neiging om die sosiale hervormingsdrang te beklemtoon. Van Bruggen bly in hierdie opsig taamlik konstant, word selde werklik didakties, terwyl Van Melle aanvanklik objektiewer staan, maar gaandeweg die godsdienstige tendens veral die oorhand laat kry.

Ek meen dat Van Melle in *Dawid Booysen* 'n meer ope oog vir die problematiek van die werklikheid openbaar. Die neerbuigende houding teenoor die „probleemkinders” van

die wêreld is hier nie so hinderlik nie — miskien juis omdat die hooffiguur nie tot die mindere klas behoort nie. Dawid Booysen besef wel dat daar standverskille is, sluit dus nie sy oë vir die werklikheid nie, maar hierdie verskille is nie so onoorbrugbaar nie. Hy is wel die weldoener, maar nie sentimenteel nie. Dit is juis die feit dat Van Melle hier die landelike lewe liefdevol uitbeeld sonder om die nugterheid en prosaïese te probeer verdoesel, wat *Dawid Booysen* ten spyte van alle gebreke — en daar is baie! — 'n verrassende roman maak. Myns insiens lê die swakheid van die roman nie in die nugtere en onopgesmukke taal soos soms beweer word nie, maar in die psigologiese mensbeelding. Telkens word die stemming pragtig gesuggereer, maar selde weet ons wat die innerlike stryd van die mens is. Daardeer vind ons selde dramatiese spanning en afwisseling.

By ons verwysings na *En ek is nog hy*, wat oorspronklik as Nederlandse roman met Afrikaanse dialoog verskyn het onder die titel *Bart Nel, de Opstandeling*, ontwyk ons gerieflikheidshalwe die lastige vraag of ons hier met 'n Afrikaanse roman te doen het. Wat van meer belang is, is dat hierdie roman dieselfde goeie hoedanighede as *Dawid Booysen* openbaar, gekombineerd met 'n hegte komposisie en vollediger mensbeelding. Boonop is die tendens hier geheel en al afwesig. Oortuigend en menslik, sonder enige sentimentaliteit, word uitgebeeld hoe die man en vrou teen wil en dank deur die lewensomstandighede van mekaar verwyder word. En dit geskied ten spyte van hulle ontwyfelbare liefde vir mekaar. Juis hierdie trek openbaar die dieper menslikheid van die roman — sake word nie so simplisties voorgestel asof ideële verskille noodwendig die liefde dood nie, maar die kompleksiteit van menslike verhoudings kom tot sy reg. So ook met die *Rebellie*: die twee botsende groepe word nie sommer goedsmoeds vereenselwig met „goed” en „sleg”, „reg” en „verkeerd” nie, maar albei bestaan uit individue met menslike gevoelens. Mens kry soms die gevoel dat die verskillende groepe so deur die noodlot gevorm is. Langsamerhand sien ons hoe Bart Nel van al sy aardse besittings, van vriende en geliefdes geskei word, omdat hy geen kompromis kan sluit met die werklikheid nie. Hy bly die rebel, die koppige maar inwendig suiwer mens. Deur sy karaktersterkte en onwrikbaarheid word hy 'n tragiese figuur wat in sy botsing met ander magte van alles gestroop word tot hy alleen en eensaam agterbly. Maar Bart Nel word ook simbool van die Afrikaner in sy botsing met vreemde magte, deur Bart treffend verpersoonlik in die woord „hulle”: „hulle het my

grond, my vrou, my kinders; maar my het hulle nie. My sal hulle nooit kry nie. Hulle kan maar kom! Hulle kan my maar in die tronk gooi, en hulle kan my grond vat, en my kinders vat; hulle kan my maar doodskiet ook, maar my sal hulle nie kry nie." Hierdie dramatiese uitbarsting aan die einde getuig van goeie mensbeelding — dit gee meteens uiting aan die ingehoue en opgekropte emosies wat opgelaaï het gedurende die skeiding van Annekie. Dis die erkenning van eie wese deur Bart wat innerlik nooit verander het nie, maar wat geleer het dat daar nog 'n ander soort lewe naas syne bestaan en dat hy nie vir sy dogter kan kies nie. Weer word die harde werklikheid nie ontwyk nie.

In hierdie roman tree ook duidelik voor die dag die groot verskil tussen Van Melle enersyds en realiste soos Mikro en Van Bruggen andersyds. Laasgenoemde skrywers interpreteer, verwerk hulle waarnemings so dat 'n voltooide en afgeronde waarneming aan die leser gebied word, terwyl Van Melle tevrede is om te volstaan met die rangskikking van gegewens sodat die leser self kan interpreteer. Van Melle se metode, meen ek, bied meer moontlikhede.

Dis bepaald jammer dat Van Melle nie weer 'n roman geskryf het nie, want in hierdie genre het hy sy beste werk gelewer. Sy „kortverhale" is meestal sketse deur die gebrek aan spanning en konsentrasie op 'n kernpunt. Die Christelike idealisme is ook te dikwels van buite af aangebring en staan ietwat los van die menslike gebeure. Tog kry ons hierin ook telkens weer flitse van sy suiwer en ongeforceerde eenvoud, koel waarneming met 'n suggestie van diep emosie daaragter.

Ek meen dat Van Melle 'n blywende bydrae gelewer het tot die Afrikaanse letterkunde met genoemde twee romans, en dat sy besondere verdienste is die manlike aanvaarding van 'n voller werklikheid as by ons ander realiste. En dis nou die tydstip om met dankbaarheid terug te dink aan die goeie wat hy ons gegee het.

W. van Heerden

VINCENT VAN GOGH

(1888 te Arles.)

Hoe moeitevol is ek nie voorberei
op hierdie eenvoud en aanvaarding nie.

Langs watter duister weë moes ek tas!

In my verkeer die son en ligte blare,
die koringvelde en die nuwe gras;
die breë somerdag gloei binne my
in al sy weelde; en die wilde wind
stroom deur my hoof en liggaam, stryk my hare.

In dié oorstraalde suiderland het ek
op my palet die helderte van tint,
wat 'n geheime honger was, ontdek.

Uit water, aarde, son (primêre drie
in kleur) meng ek die iris in my kwas.

Geel skilder ek die fel intense sfeer
wat oor die aarde sirkel en dit voed
met warremte en lig. Ek wil niks meer
as hierdie goue landskap, hierdie gloed.

Na soveel soek het ek die son gevind!

Geen grense is daar tussen ons: dit vul
my deur die oë vol van binne, dié
asepties-suiwer lig. My skedel hul
dit soos 'n kruik. O boordelose bron,
die hart wat eensaam en ellendig was
is gans gevul deur jou, o gulde son.

'n Meesterwerk van Bach

LUDI SCHULZE

Dit moet betreur word dat baie mense in ons land nog so weinig daarop ingestel is om die kunsskatte wat met die loop van die eeue aan ons Westerse beskawing geskenk is, te leer ken en waardeer en hulleself daardeur innerlik te verryk. Dit is veral die skeppinge op musiekgebied wat deur hierdie houding in besondere mate verwaarloos word. Tog is daar ook op hierdie gebied kunswerke gelewer, só groots in konsepie en uitbouing, dat hulle ongeskaad die verowering van die eeue weerstaan het en vandag nog by die aanhoor ons diep ontroer en by nadere beskouing ons grootste bewondering afdwing. Tot hierdie kategorie behoort ongetwyfeld ook die Mattheüs-passie van Johann Sebastian Bach.

Hierdie kolossale verklanking van die lydensgeskiedenis van Christus volgens die Evangelie van Mattheüs, wat elke Goeie Vrydag oor die radio gehoor kan word, besit soveel subtiele skoonheid dat ons dit alleen met bewondering kan aanhoor en dankbaar kan wees vir die lewe en werk van 'n J. S. Bach.

Bach het in die herfs van 1728 met die komposisie van die Passie begin en dit ongeveer ses maande later, net voor die Paasfees in 1729, voltooi. Op Goeie Vrydag (15 April 1729) is dit vir die eerste keer deur Bach in die Thomaskerk te Leipzig uitgevoer. Die vorm van die passie soos dit die eerste keer uitgevoer is, het aanmerklik verskil van die struktuur van die werk wat ons vandag ken. Belangrike veranderinge is deur die komponis aangebring voor die tweede opvoering in 1736. Die vernaamste hiervan was die omwerking van die openingskoor, sodat dit nou deur 'n dubbelkoor uitgevoer moes word. Bevestiging hiervoor is gevind in 'n aantekening van die destydse koster, Rost, waarin hy met ontsag vermeld dat die passie „met beide orrels” uitgevoer is. (Elke koor het sy eie orkes, insluitende 'n orrel, gehad.) Hoe Bach beide kore, geplaas op twee aparte orrelgalerye, beheer en gelei het, sal vir ons altyd 'n raaisel bly. Dit lyk byna onmoontlik, en daar is historici wat dit ontken. Tog moet ons op grond van die gegewens dit aanvaar.

Daarna het hy die werk nog drie maal uitgevoer t.w. in

1740, 1744 en 1748. Ondertussen het Bach nog steeds geskaaf en gevyl aan die werk en klein veranderinge aangebring.

Die Passie het gedurende die lewe van die komponis nie in druk verskyn nie en kon daarom des te makliker in vergetelheid raak na die dood van Bach, in 1750. Die vernaamste rede waarom dit gedurende die tweede helfte van die 18de eeu feitlik heeltemal onbekend geword het en nie een enkele uitvoering gehad het nie, is die stilistiese verandering wat daar in hierdie periode plaasgevind het: die kontrapuntale styl van Bach en sy voorgangers is verdring deur 'n nuwe, gevoelvolle en meer melodieuse styl. In hulle vurige entoesiasme vir die ekspressiewe styl het die jonger geslag musici, waartoe ook die seuns van Bach behoort het, die musiek van hul voorgangers bestempel as koud en gevoelloos. Hierdie nuwe kunsideaal van die geslag na 1750 het dus hulle visie en aanvoelingsvermoë beperk. Dit was die groot oorsaak vir die onbekendheid van dié meester se musiek na sy dood. Bach is nog geroem as kenner van die kontrapunt en as magtige orrelis, maar daarby het dit dan ook gebly. Slegs enkele van sy leerlinge, wat sy ware-grootheid besef het, het nog binne hulle intieme vriendekring die werke van Bach gespeel, bestudeer en bewonder en het sodoende in die donker tyd van onbekendheid die vlammetjie van die ware insig in en bewondering van sy werke brandende gehou. Twee van hulle, Agricola en Kirnberger, het elk 'n kopie van die Mattheüs-passie gehad, wat stam uit die jare 1739-1741, toe hulle nog studente van die meester was.

So het die toestand gebly tot aan die begin van die 19de eeu, toe daar 'n hernude belangstelling in die geskiedenis, in die nasionale verlede en in die godsdiens gekom het — in kort: die Romantiek met sy verlange na die vertes was in aantog, en nou was die tyd ryp vir 'n herwaardering van die genialiteit van Bach.

Nou kan ons ook die groot verdienste van die klein kringetjie Bach-bewonderaars verstaan: hulle het nie alleen baie van sy manuskripte nie maar ook 'n dieper insig in die karakter en ware grootheid van die komponis bewaar en dit oorgedra aan die Romantici, wat die werke met gretigheid aanvaar en met belangstelling bestudeer het. So was hierdie enkele leerlinge van Bach eintlik die vat waarin die Bach-tradisie behou is vir die 19de eeu.

Zelter was die eerste persoon wat besliste poginge aangewend het om die werke van Bach te laat herleef. Danksy

hierdie klein groepie bewonderaars is die belangstelling van Zelter in die komponis opgewek. Dit het hom geprikkel tot bestudering van die werke van Bach, tot versameling van die manuskripte en tot bekendstelling van die werke aan die publiek. Tog was selfs die invloedryke Zelter — hy was direkteur van die Sang-akademie van Berlyn en 'n vriend van Goethe — huiwerig om die Passie uit te voer, veral omdat die werk baie lank, uiters moeilik en totaal onbekend was. Ons weet egter dat hy dit reeds so vroeg as 1815 met die Berlynse Sangakademie ingestudeer het en die volledige werk, met veranderings deur hom aangebring, met hulle gerepeteer het. Tot 'n uitvoering het dit egter nie gekom nie.

Die eer om die Passie die eerste maal sedert 1748 weer uit te voer kom toe aan Zelter se leerling, Mendelssohn. Dié groot gebeurtenis het in 1829, toe Mendelssohn maar 20 jaar oud was, plaasgevind. 'n Tweede en 'n derde uitvoering het spoedig gevolg, en sedertdien het hierdie werk, tesame met die ander werke van Bach, steeds groter bekendheid verwerf. Dit is 'n proses wat nog steeds voortgaan: gedurende die eerste tien jaar van ons eeu is daar meer boeke oor Bach gepubliseer as in die laaste helfte van die vorige eeu.

Terloops wil ek verwys na 'n artikel van E. von Moltke in *Die Huisgenoot* van 17 Oktober 1952, waarin die skrywer beweer dat die Mattheüs-passie net een enkele maal uitgevoer is (in 1729) en dat dit daarna totaal verlore geraak het en presies honderd jaar later deur die toeval aan die mensdom teruggegee is. Die instrument wat die toeval (is dit die ander kant van die noodlot?) hiervoor gebruik het, was 'n Berlynse kaashandelaar, en die gelukkige persoon wat die Passie namens die mensdom ontvang het, was Zelter; hy het dit present gekry saam met die gekoopte kaas en wel in die vorm van toedraaipapier. Al hierdie feite klink baie opwindend, maar ongelukkig is hulle histories nie te verantwoord nie.

Wanneer ons die teks van die Mattheüs-passie vergelyk met dié van ander passies uit hierdie periode, word ons dadelik getref deur diepgaande verskille; verskille wat nie alleen die strekking van die woorde raak nie maar ook t.o.v. die bou van die teks gesien kan word. Dit word dan duidelik dat die teks van die Mattheüs-passie in menige opsig uniek is, nie omdat dit „nuut” of modern sou wees nie maar veeleer omdat dit 'n argaïstiese karakter openbaar.

Die Italiaanse opera, 'n sprankelende nuwe genre wat omstreeks 1600 ontstaan het, het reeds vroeg in die 17de eeu sy invloed op die kerklike kuns laat voel: die Passie is meer en meer gedramatiseer, en liriese arias is in die Passie opgeneem en het 'n integrale bestanddeel daarvan geword. Die invloed van die opera met sy dramatiek en gevoelvolle ontboeseminge tref ons reeds in die kerkmusiek van Johann Kuhnau, Bach se voorganger in Leipzig, aan. Die invloed het steeds sterker geword, sodat baie van die passies van Bach se tydgenote kwalik onderskei kan word van die opera. Baie van hierdie werke besit inderdaad al die karakteristieke eienskappe van die opera, behalwe die handeling, en was kwalik geskik vir 'n uitvoering in die kerk.

Naas die opera het ook die piëtisme, wat in hierdie tyd 'n besonder kragtige en invloedryke stroming in die godsdiens was, baie daartoe bygedra om die Passie-tekste 'n lirie-subjektiewe karakter te gee: die Passie was nie meer die verhaal van die lydensgeskiedenis volgens die Skrif nie maar 'n meditasie oor en kommentaar op die lydensverhaal. Dit spreek duidelik uit die titel van 'n destyds bekende werk van Telemann, nl. „Blissful Reflection upon the Sufferings and Death of Our Lord.” Graun se passie, „Der Tod Jesu,” is 'n ander voorbeeld van hierdie sentimentele werke. Dit was 'n geweldig populêre werk en het sy roem behou tot aan die begin van die 19de eeu. Volgens 'n bekende musikoloog kry mens by die aanhoor van die werk die indruk dat die musiek by enige ander teks sal pas. Dit is duidelik dat dié komposisie ver verwyderd is van die Mattheüs-passie, waar woord en musiek so innig vervleg is.

Picander (C. F. Henrici), wat verantwoordelik was vir die buite-Bybelse dele van die teks van die Mattheüs-passie, het gestaan onder invloed van pastor Neumeister, 'n teenstander van die piëtisme, wat begin het met die hervorming van die sentimentele libretti van kantates en passies. Tog het dit hom nie geluk om volkome te ontsnap aan die sentimentele piëtistiese neiging van sy tyd nie, want hy het, soos gebruiklik was in daardie tyd, self ook die woorde van die Bybel gaan verwerk in 'n soetsappige en dikwels gewaagde rymelary. 'n Mooi voorbeeld hiervan vind ons in sy passie-tekst van 1725, waaruit ons enkele stukkie aanhaal:

Evangelis:

„Am Abend, der vor Ostern war,
Asz Jesum nebst der Jünger-Schaar

Das Oster-Mahl;
Und weil die Stunde seiner Quaal
Und Leidens nicht mehr weit,
So setzt er, unter Brot und Wein,
Zum Zeichen seiner Gütigkeit,
Sein Fleisch und Blut
Im Testament den Jüngern ein”.

En later:

„Und um die neundte Stunde,
Rief unser Heyl mit lauten Munde
Es ist vollbracht!
Da gab der Geist dem Leibe gute Nacht”.

Nog erger word dit wanneer Petrus tydens die gevangene-
ning van Jesus sy gevoelens teenoor Judas lug:

„Verdammt Verräther, wo hast du dein Hertze?
Haben es Löwen und Tyger verwahrt!”

Hierdie beryming wat soos 'n karikatuur van die oorspronklike Skrifverhaal klink, toon, nieteenstaande die temperende invloed van Neumeister, tog baie duidelik trekke van die werk van Brockes. Laasgenoemde beroemde digter het in 1712 'n passie-tekst geskryf onder die titel *“Die für die Sünden der Welt gemarterten und sterbenden Jesus, aus den vier Evangelisten in gebundener Rede Vorgestellt”*, wat getoonset is deur beroemde komponiste soos Keiser, Telemann, Mattheson en Händel en wat blykbaar as model gedien het vir die Passie van Picander.

Die teks van die Mattheüs-passie toring hoog uit bo hierdie minderwaardige produkte van die kunstenaarsfantasie. Ons vind hier nog enkele piëtistiese trekke, maar dit is so gering dat dit in die niet verdwyn in 'n vergelyking met die ander passietekste. Bach kon ongetwyfeld nie tevrede gestel word met enige rymelary as teks nie en het moontlik nie veel gedink van die bogenoemde teks van Picander nie. Hy het dan ook nie aan Picander volkome vryheid gegee by die skepping van die teks van die Mattheüs-passie nie maar het aan die digter voorgeskryf en oor sy werk toesig gehou. Dit is heel moontlik ook die rede waarom Picander nou veel beter geprester het as in 1725.

Hiermee is nie gesê dat die werk van die digter in hierdie Passie — d.i. die buite-Bybelse of beskouende gedeeltes

van die werk — 'n meesterstuk is nie; inteendeel, ons vind hierin ook dikwels onsuier en soms onsmaklike beeldspraak soos die volgende:

„Denn sein Mund
Der mit Milch und Honig fließert”,

en:

„Er ist bereit,
Den Kelch, des Todes Bitterkeit
Zu trinken,
In welchen Sünden dieser Welt
Gegossen sind, und hässlich stinken”.

Tog is sy werk hier oor die algemeen van veel hoër gehalte as vroeër. As ons onderstaande naas die enkele sitate uit die Passie van 1725 stel, sal dit duidelik word:

„O Schmerz!
Hier zittert das gequälte Herz!
Wie sinkt es hin, wie bleicht sein Angesicht!
Der Richter führt ihn vor Gericht,
Da ist kein Trost, kein Helfer nicht.
Er leidet alle Höllenqualen.
Er soll für fremden Raub bezahlen”.

Ook die volgende strofes toon groot verbetering:

„Er hat uns allen wohlgetan.
Den Blinden gab er das Gesicht,
Die lahmen macht' er gehend”;

en:

„Aus Liebe
Will mein Heiland sterben,
Von einer Sünde weiss er nichts,
Dass das ewige Verderben
Und die Strafe des Gerichts
Nicht auf meiner Seele bliebe”.

Behalwe die beskouende gedeeltes (arioso's, arias en die begin- en slotkoor) is daar nog twee ander elemente in die passie-teks, nl. die koraalverse (gesange van die Lutherse Kerk) en die Bybelteks. Die verskillende elemente van



D. S. RICHARD

die teks is deur Bach self met die grootste sorg tot 'n geheel gekonstrueer. In die subtile wyse waarop die komponis die Bybelteks, koraalgesang en oorpeinsende aria met mekaar afwissel, vind ons 'n verrassende openbaring van die diepe estetiese sin van die kunstenaar.

Die keuse van elke koraalvers op grond van sy verband in die teks as geheel toon duidelik die grondige kennis wat Bach van die honderde Lutherse korale moes gehad het. Hy het inderdaad die regte vers van die regte koraal op die gepaste plek in die Passie ingevoeg. Twee voorbeelde sal dit verduidelik: Wanneer die evangelis in resitatietoon die geskiedenis van die laaste avondmaal verhaal, en Christus aankondig dat een van die twaalf Hom sal verraai, volg daar direk na die dringende vraag van die dissipels: „Here, is dit ek?” die volgende koraalvers:

„Ich bin's ich sollte büßen
An Händen und an Füßen
Gebunden in der Höll'.
Die Geißeln und die Banden,
Und was du ausgestanden,
Das hat verdient meine Seel'.”

(„O Welt sieh hier dein Leben”, vers 5; teks van Paul Gerhardt, 1648.)

Wanneer Christus sterf aan die kruis (Matth. 27:50), hoor ons onmiddellik daarna die volgende koraalvers:

„Wenn ich einmal soll scheiden,
So scheid nicht von mir!
Wenn ich den Tod soll leiden,
So tritt du dann herfür!
Wenn mir am allerbängsten
Wird um das Herze sein,
So reiss mich aus den Aengsten
Kraft deiner Angst und Pein”.

(„O Haupt voll Blut und Wunden,” vers 9; teks van Gerhardt.)

Die aangehaalde voorbeelde dui meteen die funksie van die koraal aan: dit is die reaksie van die gemeente op die lydensverhaal. In die aria maak 'n enkeling hom los van die koor om te reageer op die verhaal van die evangelis,

maar in die koraal beluister ons die antwoord van die ganse gemeente op die goddelike Openbaring. Ja, dit is asof die Kerk van alle eeue hier saam sing. Beide kore en orkeste neem dan ook deel aan die uitvoering van die korale. Hier is inderdaad geen plek vir liriese uitinge en sentimentele voordrag nie, want die korale is beslis objektief van aard. Die praktyk wat mens soms by die uitvoering van die Passie aantref, nl. om die korale sonder begeleiding van die orkes te laat sing, ontspring moontlik uit 'n oorgevoelige geestesinstelling en getuig enkel en alleen van 'n wanbegrip van die ware aard en betekenis van hierdie element van die werk.

Die kardinale verskil tussen die passies van Bach en dié van sy tydgenote lê egter in die aanwesigheid van die Bybelteks in onverkorte vorm. Tussen die afwisseling van korale en arias loop die goue draad van die Evangelie (Matth. 26 en 27), verhaal deur die evangelis. Die direkte woorde van die verskillende persone (Judas, Pilatus, Petrus, e.a.) word deur verskillende stemme gesing. Ofskoon die Evangelie dit nie doen nie, word ook Pilatus se vrou hier, ooreenkomstig 'n ou gewoonte, sprekend ingevoer. Die Bybelwoorde en die korale vorm eintlik die kern van die Mattheüs-passie as liturgiese werk, en van die twee elemente is die Bybelteks verreweg die belangrikste. Dit beslaan die grootste gedeelte van die teks as geheel en staan in die middelpunt van die werk. Bach was liturg genoeg om, in teenstelling met sy tydgenote, die belangrikheid van die Skrifwoorde te besef en om ons weer eens te toon dat dit in die Passie tog eintlik gaan om die bybelse geskiedenis, om die lydensverhaal as sodanig.

Die hele teks van die destyds gewilde passie was berym, die liriese element was baie prominent, en namate dié invloed van die Italiaanse opera gegroei het, het die koraal al meer van sy betekenis ingeboet, totdat dit feitlik net as tradisionele slot van die passie behou is. Stel ons hierteenoor die Mattheüs-passie met sy oorspronklike Bybelteks en sy vyftien korale, dan besef ons dat hierdie werk, tesame met die ander passies van Bach, 'n enigszins eensame plek in die passieliteratuur van die 18de eeu inneem.

DIE MUSIEK

By die bespreking van die musiek van die Mattheüs-passie kan ons die drie-deling van die werk behou en aan elke element afsonderlik aandag gee.

Van der Leeuw sê in sy boek oor die Mattheüs-passie:

„De Matthaepassie is vol wonderen, maar het grootste wonder is het Evangelie-recitatief.” Dit klink vreemd dat dit nou juis van die resitatief gesê word; die resitatief wat ons meesal beskou as die droogste en mees onmusikale deel van ’n opera, oratorium of passie. Hoe meer mens die werk hoor, hoe dieper kom jy onder die besef dat die evangelis in sy vertelling meeleeft met die lydensgeskiedenis, dat sy deklamasie van die Bybelwoorde groot ekspressiewe krag openbaar en dat hy tog desnieteenstaande getrou bly aan die soberheid van die Skrif. Die Evangelie-recitatief is ’n voortsetting van die ou koraalpassie, wat in die 9de eeu reeds ontstaan het. Hierdie tipe passie bevat die Bybelteks soos dit in die Skrif staan, en dit is eenstemmig op heel eenvoudige wyse in die sogenaamde lectio-toon voorgedra, d.i. in ’n sobere, weinig genuanseerde en byna eentonige resiteertoon. In later eeue is die Bybelteks meerstemmig voorgedra, en in Bach se tyd het ’n solis ’n poëtiese parafrase van die Skrif op sentimentele wyse vertolk. Van die ou koraalpassie behou die komponis dus die voordrag van die Bybelteks deur ’n solis. Die ou lectio-toon is hier egter geheel en al vervang deur ’n vrye, ekspressiewe deklamerings van die teks — iets wat moontlik geword het deur die opkoms van die Italiaanse opera. Bach het egter die moontlikhede wat die nuwe Italiaanse styl bied, op sy eie manier aangewend en so gekom tot die skepping van ’n eie, individuele styl. Ons moet waak teen ’n eensydige oorskatting van die Italiaanse invloed op Bach, want hoewel hy uit Italiaanse bron geput het, het hy hom nie soos sy tydgenote daarin verdrink en soetsappige operapassies geskep nie. Die resitatief van die Mattheüs-passie het, ten spyte van die lewendige deklamasie, tog nog die soberheid van die Skrif; dit is menslik, teer en gewyd. Ons vind hierin weer ’n getuigenis van die grootheid van Bach: hy staan aan die einde van die Barok, en sy kuns is ’n verhewe samevatting van al die rigtings van sy tyd — ’n versmelting van ou en nuwe stilistiese elemente in ’n kragtige, persoonlike styl.

Die wonder van die resitatief lê in die perfekte ewewig van ekspressie en liturgiese voordrag.

Geeneen van die korale is deur Bach gekomponeer nie. Soos reeds gesê, het Bach die korale geneem uit die reeds bestaande versameling van die Lutherse Kerk. Al wat hy gedoen het, was om die koraalmelodie telkens opnuut te harmoniseer wanneer verskillende verse van dieselfde koraal in die passie gebruik word. Dit word dan ook met

die meeste korale gedoen: ons tref byvoorbeeld drie verse van die koraal *Herzliebster Jesu* (melodie van Johann Crüger, 1640) op verskillende plekke in die Passie aan, terwyl die koraal *O Haupt voll Blut und Wunden* (melodie van Hans Leo Hassler, 1601) nie minder as vyf maal in die gang van die werk gehoor word nie. Die fyne harmoniese veranderinge, asook klein variasies in die beweging van die onderste drie stemme, word aangebring ter wille van die uitbeelding van die woorde.

Twee van die korale, *O Welt sieh hier dein Leben* en *O Haupt voll Blut und Wunden*, het elk 'n interessante geskiedenis. Eersgenoemde koraal se musiek is geskryf in 1490 deur Heinrich Isaac. Dit was 'n liefdeslied met die woorde: *Innspruch ich muss dich lassen!* Ongeveer vyftig jaar later verskyn die lied in gewyde gedaante, met slegs enkele wysiginge in die oorspronklike woorde: *O Welt ich muss dich lassen*. In die 17de eeu is die melodie ook verenig met die teks van Paul Gerhardt: *O Welt sieh hier dein Leben*.

Ook die tweede koraal was oorspronklik 'n minnelied, nl. *Mein Gemüt ist mir verwirret, das macht ein Jungfrau Zart*, gekomponeer deur Hassler in 1601. 'n Klompie jare later het die lied verhoging van status gekry en die melodie geword van die koraal *Herzlich tut mich verlangen*. Die Katolieke het ook die melodie aangeneem vir hulle „salva caput cruentatum,” waarop Gerhardt weer sy teks gebaseer het (dis eintlik net 'n vertaling en 'n parafrase van die latyn), nl. *O Haupt voll Blut und Wunden*. Die oorspronklike melodie wat Wieling in 1666 vir Gerhardt se teks gekomponeer het, is spoedig verdring deur die melodie van *Herzlich tut mich verlangen* en word sedertdien altyd nog as melodie van *O Haupt* behou. Tereg merk Van der Leeuw op: „De aardsche liefde was in het oorspronkelijk zoo teer uitgedrukt, dat zij zich zonder dwang liet symboliseeren tot hemelsche liefde.”

Die arias en arioso's vorm saam die eintlike Italiaanse element in die Passie. Immers, dit is vorme wat ontstaan en gegroei het in die Italiaanse opera van die 17de eeu. Maar ook hier, net soos by die resitatiewe, is daar 'n diepgaande verskil tussen die passie en die Italiaanse opera: in die opera-aria was die solis die dominerende figuur wat, met die orkes heeltemal op die agtergrond, ten volle sy stembeheer en virtuositeit ten toon gestel het; in die passie-aria is die orkes ook belangrik, want saam met die solis is daar altyd 'n konserterende (d.i. mededingende) instrument teen-

woordig, en dit maak onbeteuelde liriese ontboeseming en vertoon van stemtegniek onmoontlik. Die meeste arias is dus vir twee soliste geskryf; vir die sangstem en vir die instrumentale stem. Beide het dieselfde melodie, maar elkeen gaan selfstandig sy eie gang. Die liriese ekspressie van die teks is gelyklik verdeel tussen stem en instrument. 'n Pragtige voorbeeld hiervan is die beroemde aria *Erbarme dich*, waarin die rol van die viool selfs gevoelvoller en belangriker is as dié van die stem. Dit gee aan die liriese gedeeltes 'n verhewe, gedrae en teruggehoue toon.

Die vorm van die arias is, op enkele uitsonderings ná, soos die van die drieledige Italiaanse da capo-aria, geskryf volgens die skema A-B-A. Daarteenoor is die struktuur van die arioso (uitgewerkte resitatiewe wat die arias voorafgaan) baie minder omlynd en veel vryer.

Nieteenstaande die swakhede in die teks van Picander, het Bach resitatiewe (so noem hy ook die arioso's om die volle klem op die arias te laat val) en arias geskep wat altyd deur hulle skoonheid en sensitiewe verklanking van die woorde sal bekoor. Die komponis het daarin geslaag om deur te dring tot die wesenlike stemming en die kerngedagte van die woorde en om dit te verklank. Hy kon dit doen omrede sy vakmansvaardigheid en sy groot uitdrukkingsvermoë en ook omrede sy merkwaardige gawe vir toonskildering, waardeur hy 'n motief van die teks (valende trane, géselslae, aandstemming e.d.m.) aangryp en daarvoor 'n musikale ekwivalent skep, waaruit dan 'n selfstandige musikale weefsel gespin word. Hierdie toonsimbool vorm die basis van die stuk, en al na gelang die musiek van die aria of arioso uit dié kern langs suiwer musikale lyne ontwikkel word, belig dit die sentrale gedagte of motief van die teks van verskillende kante. Op die wyse word nie alleen die atmosfeer van die woorde nie, maar ook die kerngedagte van die teks deur die musiek na vore gebring.

Toonskildering op bogenoemde wyse was een van die kenmerkende eienskappe van die Barokstyl. Wanneer Bach egter in sommige arias twee verskillende motiewe van die teks verklank en beide in die komposisie ontwikkel, wyk hy af van die algemene estetiese opvatting van sy tyd, wat eenheid van effek in 'n komposisie geëis het. 'n Mooi voorbeeld van so 'n aria waarin daar twee motiewe verwerk is, is *Ich will dir mein Herze schenken*, waarin die musiek aanvanklik duidelik die selfoorgawe aan Christus simboliseer en onmiddellik daarna die motief „senke dich” verklank.

Die simboliek is nie net beperk tot die arias en arioso's nie, want afgesien van die toonskildering vind ons dwarsdeur die hele werk Skrifwaarhede wat in die musiek gesimboliseer is. Hierdie feit word soms oorbeklemtoon, en sommige skrywers oor Bach verval in haarklowery en soek dinge in die Passie wat Bach m.i. nie daarin gelê het nie. Aan die ander kant is daar sulke duidelike voorbeelde van „prediking” deur die musiek dat die aanwesigheid van musikale simboliek in die Passie nie ontken kan word nie. Van die talle voorbeelde wil ek net 'n paar voortreflikes noem en kortliks bespreek.

(a) Nadat Christus by die laaste avondmaal aangekondig het dat een van die twaalf Hom sal verraaï, vra elkeen van hulle die benouende vraag: „Here is dit ek?” Hierdie vraag van die dissipels is getoonset in die vorm van 'n kort vierstemmige koortjie, waarin die verskillende stemme, die een kort op die ander, die vraag op dieselfde motief vra. Die musikale motief van die vraag is sodanig dat die aksente val op: „*Here, is dit ek?*” Die vraag word drie maal deur die soprane gevra, soms met herhalinge van die laaste deel van die vraag, waaruit die opgewondenheid van die dissipels blyk. Ons kan dit ook anders stel: daar is drie soprane wat vra. So is daar ook drie alte en drie tenore wat die vraag stel. Daar is egter net twee basse wat vra. As ons verder in ag neem dat die rol van Judas in die Passie deur 'n bas gesing word, dan weet ons wat Bach in hierdie koor wil sê, nl. „Judas vra nie: hy weet!” Wat 'n fyn sielkundige insig openbaar Bach hier!

(b) Kort hierna stel Judas alleen die vraag (Matth. 26:25) en gebruik dan dieselfde motief maar nou in omgekeerde posisie, sodat die aksente nou val op: „*Is dit ek, Rabbi?*”

(c) Christus antwoord die twaalf, wat verontwaardig is oor die vermorsing van die kosbare salf deur die vrou, en sê: „Want die armes het julle altyd by julle, maar My het julle nie altyd nie” (Matth. 26:11). Die musikale aksent van die tweede deel van die sin lê op *het* (My *het* julle), en hieruit is dit duidelik dat Bach deur middel van die musiek die alomteenwoordigheid van Christus aan ons verkondig.

(d) Die uitroep van die volk teenoor Pilatus: „Laat sy bloed op ons en op ons kinders kom,” is getoonset as 'n wilde, vierstemmige koorstuk, waarin albei die kore gesamentlik optree. Die menigvuldige en gedurig verskuiwende sinkopasies in die stuk is 'n kostelike skildering van die onverskilligheid en ruheid van die opgesweepte

volksmassa. Behalwe die realistiese tekening van die Jode lê daar ook nog 'n diepsinnige getalle-simboliek in die koorstuk opgesluit. Die eerste en mees opvallende is dat die fugale onderwerp van die stuk altesaam sewe maal gehoor word. Die tweede aspek van die getallesimboliek is meer verborge en kan alleen by die bestudering van die partituur gesien word. Martin Jansen was die eerste wat daarop gewys het dat die woorde „op ons” altesaam ses-en-dertig keer en die woorde „op ons kinders” vier-en-dertig maal deur die verskillende stemme herhaal word. Die totaal hiervan is sewentig, en in die jaar 70 is Jerusalem verwoes!

Talle ander soortgelyke voorbeelde kan aangehaal word. Bogenoemde is egter genoeg om te betoog dat Bach nie slegs 'n groot musiekmeester was nie maar ook 'n teoloog van die eerste rang.

Ten slotte is daar nog een besonder opvallende saak waarop gewys moet word: die omranking van Christus se woorde deur die strykinstrumente. Dwarsdeur die werk word die evangelis slegs deur die continuo-instrument ('n harpsimbaal of 'n orrel) begelei. Maar die woorde van Christus word altyd deur die strykers met 'n besondere glans omhul — 'n afbeelding van die heerlikheid van die Heiland. Alleen op één plek ontbreek dit, nl. by die woorde aan die kruis: „Eli, Eli, lama sabagtáni?” Hier het die glans van Sy goddelike heerlikheid vir ons oë totaal verdwyn; hier sterf Hy as mens aan die kruis.

Suiwer musikaal gesien is die werk volmaak. Tog is die musiek tegelykertyd ook die verklanking en vertolking van die Heilige Skrif. Hierdie prestasie is een van die beste bewyse van die genialiteit van Bach.

Só gesien is die Mattheüs-passie met sy verhewe eenvoud, sy liturgiese toon, sy soms so hewig dramatiese kore, sy tere arias, fyne toonskildering en diepe simboliek nie net 'n pragtige en tegniese meesterlike stuk musiek nie, maar is dit 'n monumentale verklanking van die lydengeskiedenis en 'n magtige prediking van Hom wat vir ons gely het.

Jaak van den Iepe

GOD, NU DE TAAK WEER BEIDT...

God, nu de taak weer beidt, wijd ook Uw Zegen
op 't werk dat staag vóór U ons krachten kromt,
—de paradijstvloek voort om elk doet wegen,
en aard-zwaar boeit de ziel die van U komt.

Laat iedre daad opnieuw de straf aanvaarden,
die op elk deel der mensheid hard neer-weegt:
dan wordt de vloek steeds lichter, die geen spaarde
toen Gij voor goed 't arm mensdom buiten-dreeft.

Dan wacht Gij allen weer in ál ons daden,
die — straf en losprijs — álle mijlpaal zijn
waarlangs wij — altijd dichter — opnieuw naâdren
de Schitter van Uw blindend-schoon Aanschijn...

Maar telkens 't werk weer beidt, wijd ook Uw Zegen
op ál wat steeds vóór U ons krachten kromt
— en, strompelt immer voort ons straf U tegen,
blijf Gij de Liefde, die steeds tegen-komt

en voelen laat, aan wie 't eens ál moet geven,
dat Uw Al-Goedheid elke dool meêgaat;
— dat, werden schuldig wij eens uit-gedreven,
voor bede en boete Uw Hart weer open-staat.

Castellio en Ons

MARIUS VALKHOFF

„Op 27 October 1953 zal het 400 jaar geleden zijn, dat Michaël Servet te Genève tot de brandstapel werd veroordeeld, hetgeen voor Sebastiaan Castellio aanleiding werd tot het schrijven van zijn klassiek pleidooi voor de verdraagzaamheid „De haeticis an sint persecuendi” (Of men kettters vervolgen mag) en tot zijn opzienbarende polemie met Calvin en Beza. Wij menen dat wij die 27ste October 1953 niet onopgemerkt voorbij moeten laten gaan, en dat er in deze tijd van groeiend fanatisme op politiek en religieus gebied alle reden is om de stem van Castellio opnieuw te laten horen. Voor het gehele Europese geestesleven is hij belangriek geweest als religieus humanist en als apostel der verdraagzaamheid, en vooral in de Nederlanden hebben zijn ideeën over de vrijheid van godsdienst grote invloed gehad.”—(Uit Manifest van het Nederlandse Castellio-comité.)

Dit is 'n wonderlike geskiedenis wat vertel van die lewe, die werk, die stryd, die vervolging, die invloed en die late populariteit van die humanis en hervormer Sebastiaan Castellio. Stendhal, die bekende Franse romanskrywer, het êrens gesê dat hy 'n lot gekoop het in 'n groot lotery waarvan die hoogste prys daarin bestaan dat hy beroemd sal wees oor 'n eeu. Hy het daardie gelukkige lot getrek; maar 'n mens kan sê dat Castellio nog 'n baie belangriker lot gewen het: Hierdie „arm opsigter van 'n lettersettery wat eenmaal vir altyd die groot gebod van die verdraagzaamheid geformuleer het,”¹ het daarin geslaag om vier eeue later as die vernaamste voorloper van die vrysinnige protestantisme en as die eerste konsekwente verdediger van die godsdiensvryheid gehuldig te word.

Dis 'n feit dat in die Noordelike Nederlande, waar die Calvinisme nooit in staat was om die vrysinnige sektes heeltemal uit te roei nie, Castellio deur die Remonstrante, Doopsgesindes en ander liberale altyd geëer is. Daar loop 'n lang tradisie van Coornhert oor Arminius, Wetstein en ander na die Modernes in die ruimste sin van die woord, 'n tradisie van denkers wat almal bewonderaars van die groot

1. „Un pauvre prote d'imprimerie, Sebastien Chatellon, qui posa pour tout l'avenir la grande loi de la tolérance.” Hierdie woorde is van die beroemde Franse geskiedkundige Jules Michelet. 'n Goeie en boeiende roman oor Castellio is: Stefan Sweig, *Castellio gegen Calvin, oder Ein Gewissen gegen die Gewalt* (1936). Van hierdie boek het ook Nederlandse, Engelse en Franse vertalings verskyn.

en miskende teenstander van Calvyn was; party van sy handskrifte en selfs sy testament word nog in Hollandse biblioteke bewaar. Dáár het ook professor B. Becker (Amsterdam), die vermaarde kenner van die 16e eeuse geestesgeskiedenis en uitgewer van Coornhert se *Wellevenskunste*, in 1938 nog twee nuwe Castellio-handskrifte ontdek; die een manuskrip is in Latyn en deur Castellio self geskryf, die ander is 'n Franse vertaling daarvan, en hulle beteken die laaste woord in die beroemde polemieks van Castellio teen Calvyn en Beza, na aanleiding van Servetus se teregstelling.²

Net al in die laaste drie jaar het daar twee bundels studies verskyn wat aan Castellio (en Servetus) gewy is. In die *Castellioniana* (Leiden, 1951) vind ons o.a. 'n diepgaande karakterskets van Castellio in Engels deur die welbekende kerkhistorikus professor R. Bainton (Yale) — dis die beste karakterisering wat ek ken; en hy het ook probeer om aan Calvyn reg te doen, wat nie gemaklik vir 'n Castellionis is nie. Dan is daar 'n Franse artikel deur professor B. Becker oor die so pas vermelde, sensasionele ontdekking van die handskrifte *De Haereticis a civili magistratu non puniendis*, waarin hy allerlei interessante besonderhede gee.³

Die ander bundel wat hierdie jaar verskyn het (Haarlem, 1953), dra as titel *Autour de Michel Servet et de Sébastien Castellion* (Rondom M. Servet en S. Castellion). Dit bevat 17 bydraes deur spesialiste uit verskillende lande gelewer, waarvan 8 in Frans, 5 in Engels, 3 in Duits en 1 in Italiaans. Dat die meeste in Frans geskryf is, behoeft ons nie te verwonder nie, want Castellio was 'n Fransman, en behalwe humanis, teoloog en kenner van Grieks, was hy ook 'n Franse skrywer. Hy het sy plek in die geestesgeskiedenis van Frankryk, langs ander verdedigers van die verdraagsaamheid, soos Michel de l'Hôpital en Montaigne.⁴ Die belangrikste artikels van hierdie bundel vind ek dié van professor J. Kühn (Heidelberg) oor *Das Geschichtsproblem der Toleranz*, van professor S. Kot (Parys) oor *l'Influence de Servet sur le mouvement antitrinitariens en Pologne et en Transylvanie* (Servetus se invloed op die antitrinitariese beweging in Pole en Seweburge) en van

2. O.a. B. Becker, *Een onbekend werk van Sebastiaan Castellio, de apostel der verdraagsaamheid*, in die *Dietsche Warande en Belfort* van 1949.

3. Hier volg die volledige inhoud van die bundel *Castellioniana*: S. van der Woude, *Gestaltung der Toleranz*; R. H. Bainton, *Sebastian Castellio, Champion of Religious Liberty*; M. Valkhoff, *Sébastien Castellion et l'Idée de la Tolérance au 16e siècle*; B. Becker, *Un manuscrit inédit de Castellion*.

4. Sien my studie in die genoemde *Castellioniana*.

professor J. L. Lindeboom (Groningen) oor *La Place de Castellion dans l'histoire de l'esprit* (Castellio se plek in die geestesgeskiedenis). Ek sou maklik nog ander belangwekkende studies onder die 17 kon siteer. Maar ek volstaan met net op twee tendensies te wys wat baie duidelik in eintlik almal uitkom. Dis ten eerste die aktualiteit en die groot betekenis wat Castellio vir ons 20e eeuers het, en ten tweede die sentrale plek wat die „geval Servetus” in hierdie „pleit van dwang en vryheid” ingeneem het.

Die leser ken waarskynlik die treurige feite van hierdie Geneefse tragedie, maar dit kan darem nuttig wees om hulle 'n keer opnuut te interpreteer. Michaël Servetus was 'n knap Spaanse dokter — hy het vóór Harvey al 'n denkebeeld van die bloedsomloop gehad⁵ — en 'n goeie Christen en mens. Hy was baie geïnteresseer in teologiese vraagstukke en het in die tyd van die Hervorming die ou anti-trinitarisme van die Ariane en ander „ketterse” sektes weer verdedig;⁵ hy het dus die Heilige Drie-eenheid verwerp en so 'n regstreekse voorloper van die teenswoordige Unitariërs geword. Toe hy in 1553 toevallig deur Genève gereis het, het Calvyn hom gevange laat neem, en Servetus is, en net op grond van sy menings, wreedaardig veroordeel om langzaam („à petit feu”) verbrand te word. Hierdie vonnis is op 23 Oktober van daardie jaar uitgevoer en het 'n deel van die protestantse wêreld met 'n gevoel van afkeer en skrik vervul. Toe het Castellio die woord geneem.

'n Mens kan Castellio en andere se verontwaardiging verstaan. Calvyn en Luther het mos eers, toe hulle nog deur klein minderhede in die Katolieke wêreld gevolg word, verdraagsaamheid en geloofsvryheid gepredik. Maar nou Calvyn self aan die regering gekom het, word hy ewe onverdraagsaam teenoor andersdenkendes as die Katolieke inkwisisiteurs! Daar was sekerlik in die 16e eeuse republiek Genève 'n sterk groep van Katolieke, libertyne en ander dissidente — of „kettters” soos die Calviniste gesê het —, en hulle het selfs (in 1538), daarin geslaag om die Calvinistiese regime omver te gooi. Dog Calvyn was oortuig dat hy God se plan verstaan en kon uitvoer, en hy was ewe oortuig dat hy en sy gemeente en sy regering die volkswil verteenwoordig. Daardie vermeende volkswil het hy met „die swaard van die owerheid” aan die minderheid — wat miskien selfs wel 'n meerderheid was in sy tyd! — op-

5. Oor die bloedsomloop: Professor John F. Fulton (Yale), *Michael Servetus and the Lesser Circulation of the Blood through the Lungs* oor Servetus se teologiese voorlopers: Professor R. H. Bainton (Yale), *Michael Servetus and the Trinitarian Speculation of the Middle Ages*, albei in *Autour de M. Servet et de S. Castellion*.

gedring; wat daardie minderheid gedink of gewens het, het hy verkeerd of misdadig gevind. Hierdie calvinistiese staatsopvatting kan 'n mens ook nog in die tyd van die Republiek van die Nederlande — ek dink aan Oldenbarnevelt se onthoofding — en selfs baie later ontmoet. — In *Autour de M. Servet et de S. Castellion* wys J. Jacquot ten slotte daarop hoe die Katolieke vervolgers van die Franse Hugenote ten tyde van die herroeping van die Edik van Nantes (1685) dankbaar die geval Servetus gebruik het en hoe die meeste van hulle argumente tot verdediging van die „kettervervolging” aan Calvyn self ontleen was!⁶

Wat ons teenswoordig nog besonder in Castellio aantrek, is nie alleen sy stryd vir verdraagsaamheid nie, maar ook sy merkwaardige mengsel van diepe vroomheid en prinsipiële ondogmatiesheid, ja selfs anti-dogmatisme. Net daarom al moes hy wel met die skrywer *Institutio Religionis Christianae* in konflik kom. Hierdie openheid van gees verklaar enersyds sy veelsydigheid andersyds sy vriendskaplike omgang met „aartsketters”, soos David Joris, wat hom in Basel skuil gehou het, of onafhanklike denkers, soos Loelius Socinus. Hulle algemeen-Christelike geloof en hulle menslike regskenning was vir hom genoeg. Trouens daardie omgang met David Joris, gepaard met sy opposisie teen die Calvinisme en sy geesteshouding in die algemeen, sou waarskynlik vir hom noodlottig geword het as hy nie in 1563 gesterf het nie, want die stad Basel het begin om 'n proses weens kettery teen hom in te stel. Maar nadat hy eenmaal dood en ongevaarlik was, het Castellio 'n stadsbegraving gekry! Ondanks sy moeilike lewe, was hy baie blymoediger as Calvyn, en ek skrywe dit vernaamlik toe aan Castellio se persoonlike en „aktivistiese” opvattinge oor die vrye wil, die genade en die werke, wat hom ook baie nader aan ons moderne mense bring as die sombere kompleks van die predestinasieleer.

Castellio se veelsydigheid blyk reeds uit sy Franse werke, ofskoon hulle net 'n klein deel van sy oeuvre is. Maar omdat hulle min of meer binne die gebied van die Franse letterkunde val, is dit die moeite werd dat ek hulle hier kort die revue laat passeer. Meestal is hulle vertalings wat Castellio self gemaak het van sy oorspronklike Latynse tekste. Daar is allereers 'n skoolboekie met lewendige dialoë wat hy uit die Bybel geput het (*Dialogues Sacrés*); dit beteken 'n groot vooruitgang in die geskiedenis van die pedagogiek.⁷

6. *L'Affaire Servet dans les controverses sur la tolérance au temps de la Révocation de l'Édit de Nantes.*

7. Professor Helena W. F. Stellwag, *Castellio Paedagogus* (in Engels) in *Autour de M. Servet et de S. Castellion.*

Daarna kom 'n bloemlesing van uitsprake ten gunste van verdraagsaamheid en gewetensvryheid (*Traité des Hérétiques*), wat nog steeds goed leesbaar is; dit is die Franse bewerking van die traktaat *De Haereticis an sint persequendi*, wat in die motto van hierdie artikel genoem word. Dan volg sy Bybel van 1555, wat hy opsetlik in baie eenvoudige Frans vertaal het vir „die wat arm van gees is”, en wat daarom uniek is in sy soort.⁸ Tipies vir sy ekumenies-Christelike instelling is sy vertaling van 'n Middeleeus-mistieke verhandeling, sy *Théologie Germanique*, tipies vir sy irenisme of pasifisme, sy *Conseil à la France désolée* (raad aan die rampsalige Frankryk). Ons moet vermoedelik êrens aan die end van sy lewe die Franse vertaling van *De Haereticis a civili magistratu non puniendis* — prof. Becker se ontdekking — plaas, as hierdie vertaling ten minste van Castellio self is.⁹ Miskien is daar nog meer,¹⁰ maar hierdie genoemde werke is almal belangwekkend en sou seker herdrukke verdien.

Origens is dit 'n verblydende verskynsel dat daar 'n sekere communis opinio oor Castellio en Servetus ontstaan het in hierdie eeu en dat hulle darem ook onder die Calviniste indien nie instemming dan tog waardering gevind het nie. Daarom wil ek eindig met wat ons as 'n laaste vrug van Castellio se veldtog vir die verdraagsaamheid sou kon beskou, naamlik die mooi teks van die „versoeningsmonument”, wat Calvyn se beroemde biograaf Emile Doumergue en 'n aantal ander prominente Calviniste uit Frankryk en Switserland te Champel opgerig het:

„*Fils respectueux et reconnaissants de Calvin, notre grand Réformateur, mais condamnant une erreur qui fut celle de son siècle, et fermement attachés à la liberté de conscience, selon les vrais principes de la Réformation et de l'Évangile, nous avons élevé ce monument expiatoire, le XXVII octobre MCMIII.*”

(As eerbiedige en dankbare seuns van Calvyn, ons groot Hervormer, maar veroordelende 'n dwaling wat die van sy eeu was, en diep geheg aan die vryheid van gewete, volgens die ware beginsels van die Hervorming en die Evangelie, het ons hierdie versoeningsmonument opgerig op die 27e Oktober 1903.)

8. J. van Andel, *La langue de Castellion dans sa Bible française in Autour de M. Servet et de S. Castellion.*

9. Dit is 'n vraagstuk wat ek hoop op te los in die uitgawe van die twee manuskripte wat prof. Becker en ek gesamentlik uitgee.

10. B. Becker, *Sur quelques documents manuscrits de Castellion in Autour de M. Servet et de S. Castellion*, noem en siteer 'n Franse vertaling wat Castellio blykbaar van 'n Nederlandse traktaat van David Joris gemaak het.

Vincent van der Westhuizen

VAN ENGEL EN DIER

Verkondig — is 'n heroutster, o Heer,
in hierdie smeuling wat my rus verteer?
Ontsteek dié klein-beskeie drang tot daad
U Weerligstem wat uit die wolke praat?
Of moet ek in die suising-sagte wind
U groter, nooitverstane stilte vind?

Gebore — twyfel aan haar leed, waarom
die Lig dan eerste na 'n stal moes kom,
ru-simpel manne van die veld moes hoor
die voorspel tot U Drama in die koor —
akkoord waarop 'n skepping wank'lend wag,
gedra waar skape herkou in die nag...?

Veel dinge het ek by 'n krip verstaan
een windstil someraand. 'n Nuwe maan
het uit die waterstilte opgeblink
waar diere sug, en rustig-slurpend drink.
Die naglug was gering, en soepel-koel
het een groot Wete op my aangespoel...

...en daar was herders, wagtters by die vee,
stil manne, wat die veld se wel en wee
geken het. Laag van stem, met weinig lag,
vol fluister-eerbied vir die vreemde nag,
het hul gesels oor dinge wat hul raak —
die weer; die veld, en elke dag se taak.
Die ongesmukte woorde uit hul mond
was min, en eg, en suiwer, soos die grond
wat vars en naby hulle was. Tot laat
het hul die ure om gemymer-praat...

Groot is die vrede en die rus wat straal
uit hierdie wesens en die stille taal
wat diere praat, vir wie hul kan verstaan
en weet, dat hulle ook hul kruisweg gaan.

Terwyl die hemelreie juig het Hy,
wat hier so weinig stilt' of rus sou kry,
vir een soet stond, Genadevors, as kind
die aardse vrede in 'n krip gevind...

...en by 'n krip het ek verstaan waarom
die Christus eerste na 'n stal moes kom...

DIE KLEINER GOD

Die elemente het my hand getem —
die vuurslag uit die stapelwolk gehaal —
met krag het ek die ysterklip omklem
en leeggepers; die druppels glimwit staal

het ek tot kake en tot klou gesmee
om grou graniet uit berge los te ruk
en my tot skans en vesting aan te sleet,
en oerwoudreuse uit die grond te pluk.

Riviere het ek ingespan — die wind
'n lasdier van gemaak — die blou-
groen oseaan as ryperd kaaigebind —
en uit die marmerbrok my beeld gehou.

Ek het die stiltes met my stem gevul,
die ruimtes moes my woord en boodskap dra —
ek het die rooksuil na die kruin laat krul
uit hooggoond, herd, fabriek, en ysterwa.

Die aardkors het ek in haar rus versteur
om diep verborge dinge uit te haal —
haar skatte het ek uit haar skoot geskeur
om my te dek as sieraad en as praal.

My wieke het die klankgolf ingehaal —
die hemel het my speelterrein geword —
ek het haar sluise aangerak, en vaal
die watersluiers oor die land laat stort.

Ek het die fyn atoom laat splinter-kraak,
en selfs die son se kragstraal aangeroe —
ek het die elemente mak gemaak
en burgeroorlog teen hulself laat voer.

Ek het 'n ondier uit die stof verwek —
nou krimp ek voor my eie kreatuur
met oë van vlam, en staalkaak wydgestrek,
wat honend uit die hoogte na my gluur . . .

DIE KRIEK

Ou kriekie in my kamervloer
wat nou so lustig tjirp en sing,
aan wie stort jy jou sieltjie uit,
aan wie wil jy jou liedjie bring?

Ag, niemand luister ooit na jou,
na dit wat jy so gretig bied,
en die wat teen hul sin dit hoor,
wil jou vermorsel oor jou lied.

As ek my ou pantoffel gryp
en woedend teen die muurlys slaan,
dan swyg jy vir 'n oomblik bang
en hef maar weer jou lofsang aan.

Jou doel is darem seker nie
luidrugtig net die gek te skeer,
om mense van hul rus te roof,
of om te terg, te irriteer?

Mooi is jou stem ook werklik nie,
maar, kriekie, hoe moet jy dit weet?
Jou hartjie is dan so daarin
dat jy die res om jou vergeet!

Is jy dan eensaam en verdwaal
in hierdie wye kamervloer —
verlang jy na die biesiebos
waarin die ander krieke boer?

Swyg, diertjie, maar en hou jou leed
diep in jou hartjie toegevou —
die mure sal nie padgee nie,
en wat baat tog jou sange jou?

Maar jy sal aanhou sing — ek weet,
totdat 'n wrede skoen jou smoor,
dan sal 'n ander kriekie kom,
en op sy beurt sy stem laat hoor.

Reis na Begin

JAN SEBASTIAN RABIE

Hy het gehoor hoe die rooi bus begin maal in die steenholte van die dorpie en in 'n dondering wat oor die dorre geel gras uitswel, agter hom verbygeratel kom. Vir die oomblik dat dit stof teen die landkaart oop op sy knieë spuit, het elke kleur en lyn, elke kronkel-duiding van rivier en berg honend geskyn te ruk en tril rondom die reguit swart lyn wat hul op die kaart vaspen; sy vinger het bly voortkruip op die swart spoor van die lineaal, die reguit lyn wat hy oor die kaart se verwarring getrek het, die reguit lyn wat hy dwars oor die veld heen sou gaan loop. Eers toe sy vinger die bruin klits bereik, het hy opgekyk na die ooreenkomstige heuwel wat uit die landskap voor hom omhoog-blou. Daardie heuwel sou sy eerste baken wees. Hy het die landkaart toegevou. Wyl sy dun knieë teen mekaar stamp in die haal om orent te kom, het hy sy rugsak opgeswaai en dadelik begin aanstap.

Vir 'n kort wyle was hy bewus van sy bors se kragtige span, vreugdevol soos 'n onvergelyklike trots, maar toe het die blote feit van in 'n reguit lyn loop watter hindernisse ook al in die weg kom, die gedurige opeenvolging van miershope en klippe en reuse-polle olifantsgras waarmee hy onvermydelik in sy skrede rekening moes hou, hierdie bewussyn van trots begin wegknaag. Daar was geen blywende triomf in veronagsaming van die geaardheid van hindernisse, in nie die pad vooruitbepaal deur die hoogte-lyning van die terrein te bly volg nie. Sy hoof is gedurig binnegeval deur die volgende tree, het gedurig ontploffinkies aandag en kommer ondergaan.

Na die grashang het die grond ongelyker geword: asof hy daar in die veld ook nie te veel geluid wou maak nie, het hy op die bolle van sy voete begin loop.

Die môreson het stralend en langsaam gehel. Die heuwel daar voor het agter 'n kam rotsblokke ingeknik en toe weer sy barre kop gelig, nader, en nou met die onbeskaamde nakende brein van 'n reptiel slapend en groot in die son. Hy het sy vel voel prik met sweet en die bysiendheid van sy oë voel toeneem met sy moegheid; heelpad na die kruin het hy dieselfde pas bly hou. Sy liggaam se swakheid sou geensins rede tot verslapping wees nie.

Selfs gesete op die rots vanwaar die hemel wyer en koninkliker belonend rondom vertoon het, het hy homself die rus nie gegun nie, en met die gedagte: Ek moet elke oomblik gebruik, die kaart weer op sy knieë gesprei en die volgende baken vasgestel. Hy was alleen vaagweg bewus van bereiking, en alleen vir 'n klein rukkie: voor hom het die landskap sigself wilder en ruer as vantevore voorspel. Hy het weer afgesit, en toe, net na 'n skerp dagsoom, op die kol turksvye afgekom.

Daardie helling onder die hitte en die windlose kalnte het in luie oranje slaap gelê. Alleen die kole van rottende vrugte en die miljoen-gepunte glinster van dorings op blare vet en ovaal soos kryger-spiese het 'n sluimerende boosheid verraaï. Dit was maar 'n klein kol en die klim daarheen af was skaars gevaarlik. Dit was skaars oneerlik om rondom te gaan. Maar hy het homself geen oomblik van huiwering gegun nie.

Die oranje skeur aarde was los en vals en het afgevlou onder sy hande. Die laaste paar voet het hy pynlik gegly. Toe hy regopstaan, was die trucksvye hoër as hy, 'n dik woud ore opgelig om na hom te luister.

Sy skouers het opgekrom wyl hy indring, langsaam, want tenspyte van sy sorg, het die wit penne sy elmboë geskraap. As hy dun soos 'n mes kon wees... Hy het 'n vet stam afgeskop om verby te kan kom. 'n Boom het hom voorgekeer, 'n hele hierargie doringdraad wat dik soos sy kuite vertak, en hy het sy voet gelig en geskop en geskop. Hy het gestaan en kyk hoe die sap uitbloei, glinsterend, die reuk warm en wrang in sy neusgate. Die gevoel dat hy dopgehou word het aan sy skedel getas, en toe hy opkyk, het hy gesien hoe die harige plante monsteragtig voorgee om te slaap. Soos spinnekoppe. Die enigste geluid was sy dun gehyg. Dit was warm, die hitte was dig om hom. En skielik het vrees hom soos 'n mal glinsterende blaar geklap en het hy vorentoe gebreek, gestoot, sy pad uit geskeur, sy elmboë en arms op oor sy gesig, sy voete skoppend, sonder omgee vir die herhaaldelike klap van pyn, en vry gebars en neergesteier op die grond.

Hy het hygend gelê en snak na asem, maar byna meteens, en met 'n terugkeer wild soos 'n uitdaging, weer regopgeruk.

Maar wat makeer my, ek moet myself beheer, het hy verontwaardig gedink wyl hy die teenwoordigheid van veel dorings begin voel. Toe hy voororbuk en sy hande dwing tot die pynsoekende werk, het die palm van sy linkerhand versêg om te sluit. By die sien van die drie wit penne in die

vlees, een selfs so diep in as om uit te steek op die rug van die hand tussen die tweede en derde vingers, het die siek afkeer gewalm in sy hoof. Maar alleen 'n oomblik; toe het sy regterhand sy linker stewig vasgehou, en het hy sy tande blootgetrek vir die langsame folterende trek, alreeds algeheel meester van homself, met algehele versigtigheid oortuig dat hy sot gewees het op 'n manier wat hy in die vervolg sou voorsien en dus beheer.

En toe hy weer voortgaan, stadiger maar met strenger beslistheid dan tevore, het hy selfs trots gevoel op hierdie wil tot selfbeheer wat die jukkende herinnering en die prikkel-rem van die skouer-rieme verminder het. Hy het homself as baie kalm, baie gewetensgetrou beskou. Tog het hy na 'n tydjie vermoed dat hy besig was om homself te mislei, dat sy hoof 'n sluwe gewoonte ontwikkel om die roete na vore op so 'n manier te bepaal dat dit die ergste hindernisse vermy, wyl hy dit bewus as die kortste en reguitste pad bly glo.

Hy het gaan staan, en gebewe, vir die eerste keer bewus van die kloof tussen sy wil en sy handeling, die norske ooreenkoms wat sy beheer ontwyk.

In 'n bui van woede teen homself het hy teruggekeer na 'n besonder ruwe lap rotse en geen sorg geneem om sy skene te beskerm toe hy weer eens reguit daarvoor heen klouter nie. 'n Waboom het in sy pad gekom en hy het vasberade dwars daarvoor heen geklim.

Die son het onveranderlike klaarte van lig neergestraal. Dit het effens links gebly, omhoog, 'n verblindend witte bal wat sink of styg volgens die helling van die grond wat hy oorkruis — asof hy deur te beweeg 'n plat vlak soos 'n landkaart laat daal of styg. Hy het waggehou oor elke reguit strook voor hom, elke onvermydelike kort onderverdeling van die lang ent tussen twee bakens; hy het waggehou oor homself. Na die gloed tussen die rotse was dit goed om die groen van 'n vallei na vore te sien open. Hy het die paar skamele steenhuisies midde in hul meetkunde van steen-ommuurde landerye gesien. Hy sou baie naby verbygaan. Hy het stadig geloop.

Toe hy afgedaal kom verby 'n stoepdeur waar 'n vrou hom op 'n vyandige wyse staan en beskou, en hy oor 'n lae klipmuurtjie wou tree, het 'n man uit die land daaragter opgerys en bars gesê:

„Kan jy nie rondom gaan soos al die ander nie, is daar dan dalk g'n pad nie!”

Hy het 'n oomblik gestaan met sy oë geduldig gevestig op die aartappel-plant wat uit die swart vuis steek, en

baie duidelik gesien hoe die eier-vormige knolle in 'n netwerk wortels hang. Toe het hy weggedraai op die voetpad wat al om die lande na die ander kant van die vallei hou, en daar deur braambosse teruggeswenk na waar hy gereken het sy roete min of meer moes hervat. Hy het so lank daarna verward gebly dat hy geneig was om te struikel en 'n rots of die dorings op 'n bos te oorskakel. Maar dit was ook van 'n vreemde asof skugter begrype van die man waar goedkeuring listig in selfbejammering verander het. In die klim teen die rooi rant daarna kon hy die son heen en weer in die wye blou laat skommel, maar op geen wyse ontkom aan die tregtervlam wat hom orals aan hitte vasgepen het nie. Eenmaal, gehurk op 'n skerp rotsrug wat moeilik was om te begaan, het hy die grein van die sandsteen ru onder die been van sy vingers en knieë gevoel, en in die sekonde van huiwer voor rilling, die onbeweeglikheid van steen gewet.

Heel bo het hy gaan sit om te rus en die kaart te vergelyk met die volgende vallei en die tafelland daaragter. Dit was besonder moeilik om sy roete vas te stel, om 'n uitstaande punt op die hoë plat verte te laat korrespondeer met die lyn aangedui op sy kaart. Behalwe die vlei onder in die vallei. En saamhurkend met die dringendheid van die waarskuwing wat besit van hom neem, kon hy alleen dink aan daardie gebied van kort horisontale strepies belaglik deurspek met swart kraaivoetjies.

Hy het bly sit. Hy het die rugsak tot tussen sy bene gesleep, sy termosfles tee en die toebroodjies en appels van sy middagmaal uitgepak, en wyl hy so besig was, 'n hond oor die nek gedraf sien kom, die spits neus laag agter die skraal vinnige lyf soos hy hierheen en daarheen swenk in sy gretige jaag al op die toevalswet van 'n spoor. Hy het bly staar toe die hond sonder om selfs sy snuit na hom te lig, snel sywaarts verby verdwyn.

Sodra hy klaar was het hy alles sorgvuldig teruggepak en begin afdaal met hipnotiese aandag aan elke tree tussen skywe leisteen soos afgeskilferde rowe orals rond gestrooi. Dit was eers toe die helling uitplooi en hy die eerste mos en dwergriete sponsig onder sy voete voel meegee, dat sy angs openlik deur sy hoof marsjeer het.

Die vlei was tenminste 'n halfmyl wyd. Aan die kante het dit verdwaal in kolle riet en olierige plante, 'n grou grensgebied deursaai met poele en vlak dik, stinkende sloepe waar borrels en af en toe 'n padda geroer het. Verder-in sou die verrottende water dieper en die bodem 'n bodemlose swelging modder wees. Reeds het groen slym die dooie water begin swem.

Wyl hy steeds langamer gaan en sy voete by elke tree hoër lig in die vuil pappery waarvan hy die bodem nie langer kon gis nie, het hy oplaas gaan staan, sy neksenings bultend gespan. En tog was hy van geen gedagte om terug te draai bewus nie; in 'n leë afgryse van verwagting asof sy lyf in twee geskeur word deur sy oë, het hy die wye vlak slym-gekorste water voor hom gesien. Dit sou aaklig wees. Dit sou hom miskien afsuig, miskien vir altyd onder hou, nog steeds in 'n regop houding, langsaam aan verrot soos 'n bleekgroen waterplant. Hy sou die geboorte van padda-oë word.

Hy het sy walging teen homself voel draai. Ek sal nie paniekerig wees nie, ek sal kalm voortgaan, het sy wil elke gedagte elke refleks wat in hom roer, slawedrywend teruggedwing, maar al wat hy werklik gevoel het, was *die* walging van homself, *die* algehele onverskilligheid waarmee sy liggaam gehoorsaam het. En wyl hy voorwaarts waad, het hy 'n siddering in hom voel gly, koud en langsaam, af in die afskuwelike stilte van 'n geleegde wese.

By die volgende stap het hy tot by sy heupe ingesink. Sy regter-been het uit die sag suigende vuil gerys en vorentoe gebeur. Hy het sy linkerbeen voel volg. Hy was 'n toeskouer van homself soos in 'n nagmerrie waar wil die egskeiding en eiendom van die gruwel self geword het. Langsaam, onmerkbaar langsaam was hy tog in staat om uit en aan te waad in die moeras waar alleen beweging kon red. Groen oppervlakskuim het sy bors geraak, en toe laer en laer na sy heupe afgegely. Langsaam het hy aan die ander kant uit begin kom; op dieselfde langsame slaapwandelaarwyse het hy deur die riete na vaste aarde uitgestap.

Wyl water en slym van hom reën, sy hande nog steeds tot bo sy kop gelig, het hy outomaties aangestap oor die eerste klippe en gras.

Hy het alleen besef waar hy was toe die hemel terug na horisontaal swaai en die reuse-golwing van die hoogland aan drie kante open. Hy het met sy rug na die vallei bly staan; hy het 'n diep angstige asemtrek geneem en die rugsak van sy skouers na die grond laat gly en, haastig met die terugkeer van selfbeheer, die vuil wat nog aan sy klere geklou het, begin verwyder. Die mislike reuk het gebly. Hy het gaan sit en 'n sigaret opgesteek en sy neusgate met rook gevul en met sy opgeswelde linkerhand die landkaart weer eens koppig geopen.

Met inspanning tot *die* eerlikheid teenoor homself, het hy geweet dat sy roete hierdie keer arbitrêr en slegs naastenby

sou wees. Daar was niks in die landskap voor hom om ondubbelsinnig met die kaart ooreen te kom nie. Hy het opgeskeel na die son wat verblindend oor sy linkerskouer gluur, en toe slap gesit en uitkyk oor die hoogtes na die verste rand van blou en bruin waar dun silwer aan die see herinner het. 'n Vrede, 'n sekere sluwe wapenstilstand het hom besit, het hom daar onder die hemel van skoonheid oortuig, sag fluisterend, sag regverdigend soos 'n moeder oor 'n stout kind se leed. Lomerig skouend hoe sy voorvinger sirkels trek op die grond, het hy verstywe, met vermoede van vermoede betekenis. 'n Klipsalmander het uit 'n nabye skeur gekruip, geel en glad, die kraalogies stip op hom gevestig, en almeteens vervul met wantroue in homself, het hy sy sigaret doodgedruk en orent gesprong.

Hy het ver en vinnig geloop, 'n bietjie blindweg omdat sy oë traag en mistig geword het met die moegheid wat sy reaksies verstomp, en omdat hy nou dit wat hy nie eens kon noem nie, begin vrees het, 'n onrus wat die swart hand van die boer weer en weer in sy gedagtes opgewek het, enkelvoudig en bars, en tog, en soos die klos wortels wat daaruit gehang het, daaronder versteek in 'n bedoeling wat sy wete nors ontwyk het. Verskeie kere het hy homself verdink en moes straf; geleidelik het bewussyn van sulke afwykinge, opgehou bestaan. Eenmaal, uit 'n sy-vallei, het hy 'n mensestem hoor roep met 'n langgerekte dralende klem op die vokale, miskien na 'n hond of na koeie op die hoogland-weiding.

Skielik, by die sien van die bruin slangkop wat reg in sy pad uit 'n warboel stene oplig, het hy lamgeskrik gaan staan.

Daar was geen klip, geen stok byderhand nie. Hy het bly staan met sy oë omlaag en effens sywaarts sodat die dun dodelike regop bo die kronkel net op die grens van die gesigsveld was. Hy het die seesiek trilling in hom voel kruip; met 'n sprong toe, en met toegebyte tande het hy uit sy pad gesprong en 'n armvol klippe opgeraap en met 'n steun by elke gooi, die slang verdrywe. Dit het onder die klippe ingeseil. Hy het aangehou tot sy hande leeg was.

Hy het nog langer bly staan voor hy sy vuiste vaagweg naby sy oë gelig en met 'n vaart regoor die los klippe gestorm het.

Maar aan die ander kant het sy bene tot stilstand geruk in die verontwaardiging en woedende denke: Was dit miskien nodig om oor te steek juis daar waar die slang weggekruip lê! Die hele afstand tussen twee bakens is bepaal deur MYSELF! Van arbitrêre punt tot arbitrêre

punt kan ek dit orals dosyne treë mis hê! En die hele pad het ek SELF gestel, die reguit lyn op die kaart is deur MYSELF getrek, ek kon dit ewe goed 'n duim na enige kant toe getrek het, orals, enige plek . . . !

Opstand het hom geskud soos 'n klein hondjie wat uit water vlug, en onwillekeurig, rasend, het hy in 'n huilstem gegrein.

Na die kant, effens rugwaarts, het 'n glans geroer, versigtig.

Toe hy kon weet wat sy oë sien, en weer die slang se tongetjie sien flikker en hoe die klein ogies hom weer met onbekende bedoeling dophou, het dit almeteens koud en stil en gedagteloo in hom geword. Die geweld het in hom skuilgegaan asof dit nooit gewees het nie; daar was net die vreemde geduldige kalmte wat nie aan hom behoort het nie.

'n Rilling het op sy skouerblaaië geval, en soos 'n hand hom aangedu oor die heide-agtige struik waarvoor nou 'n ligte windjie waai. Terwyl hy aanloop in dieselfde meganiese kalmte, het hy homself gedwing tot die koppige dink: Nee, as ek eenmaal my pad gekies het, is dit nie langer arbitrêr nie, maar 'n wet vir my. Hy het op sy tande gekners, grimlaggend; geen norske antwoord, niks het in hom geroer nie. Dit was stil in hom. Hy het vinniger geloop. Die son was aan daal en hy het koorsig besluit dat die dorpie waar daardie dag se skof sou eindig, nie meer ver na vore kon wees nie. Hy het die hoogte van die son met sy oë gemeet, onrustig dat dit nog altyd effens aan sy linkerkant was. Teen die tyd behoort dit regs te wees. Rante het hom rondom omring, en die uitsig en veel van die lug uitgesluit. Nee, het hy gedink, dis om ek weswaarts hou. Hy het gaan staan om sy roete weer na te reken, alleen vir 'n oomblik onseker of die rotsige kop na vore inderdaad die piek was wat die kaart aandui. Daarna, wyl hy aanstap in die verblekende son, sy oë nou sonder afwyking vasgelym op elke reguit ent na vore, het hy 'n opwinding begin voel wat slu nog nie heeltemal seker van triomf wou wees nie. Maar hy kon hees roep teen die hemel dat hy dit na alles tog doen, tenspyte van alles tog doen, tenspyte van die waansin wat hom in sy eie vlees beveg.

Teen 'n afdraand kruis en dwars oorvleg deur vee-paadjies, het hy gaan staan in die sinsbedrog van weer eens sien hoe die hond met sy neus op die onsigbare spoor draf, en toe aangehaas oor die fluister van 'n stroompie wat oor die ryk swart aarde skuur, en met slegende voete ander kant uitgesukkel. Hy het gevoel hoe hy daardie nag sou

rus, lang diep ure slaap, sou slaap om homself te bevry van die uitputting en moordende brandmerk van die dag; hy het so moeg gevoel dat wanneer ander gedagtes kom, hulle weggevaag het net soos die landskap altyd vaagweg onduidelik voor sy oë gebly het.

Vir 'n eindeloos uitgerekte wyle het hy 'n barre gebied oorkruis, besaai met oker-bevlekte rotse wat hy met onverskillige logge gemak oorkom het. Hy het sy laaste baken gestel, 'n rant ongeveer 'n half myl ver in die geelwordende lig. Daaragter sou die land afplooi na die vlakke en die dorpie.

Hy het homself opgehys deur die kam rotsblokke om die kruin, en sodra hy op die wind en weer-geharde gelykte was, slap op die grond neersak. Maar byna onmiddellik het hy weer gebeur om op die vlakke neer te staar. Ja, daar was die dorpie. Die ver afwaartse glooiing van gras, die huisies saamgehurk op hul toring. Nog steeds hygend, en wyl sy hand tas aan sy borssak om die landkaart uit te trek en oop te spreid, het sy oë langsaam uitgesweef oor die pad wat al om die hoogtes in 'n reeks kronkelinge hou, bronsgeel in die lae sonlig van die linkerkant. Langsaam het hy verstywe. Van heel naby het 'n rotsblok plat en bekend in sy gesigsveld opgedoem terwyl sy oë weereens langsaam in 'n sirkel terugswaai al langs die pad wat hy gekom het, die glooiing, die ver motorpad langs 'n murasie, die dorpspleintjie waar die rooi bus hom neergelaat het in 'n wolk oggendstof.

Sy oë het vaagweg voortgegaan met sirkel-soek op die horison, en gesirkel-draai na die son wat heel links na ondergang sink, en dan daar tot stilstand gekom, gesien hoe, onder die sagter gloed, 'n lang streep nou uit in die rigting van die seekant lê, 'n platheid reguit soos 'n lineaal-getrekte lyn, as dit nie vir 'n inherente krullerigheid van inhoud was nie, soos van strome melk oor daardie verte gestol. Die sagte bries het geroer in sy hare.

Met skielik wanhopige ongeloof het hy ingeleun op sy hand op die kaart, en sy kop weg en afgerem. Sy oë het verdwaal, vervagend, magteloos voor besonderhede, en eers toe hy sy kop nog laer dwing, gesien wat hy 'n oomblik vir die kaart aangesien het: die lang rooi skraap oor die rug van die hand net bo die knoop van die vingers, die klein swart haartjies, die rante en deuke van die vlees, en die geswolle kronkelinge van are. Van alleen 'n paar duim weg het hy sy hand sy vingers gesien intrek en toe soos 'n klou of 'n krampagtige spinnekop frommel en skeur in die kaart.

Ek moet hier wegkom, het dit in sy brein gedring, maar toe het 'n gretige trilling sy neusgate oopgesper, en het hy

homself met 'n duiselige gevoel van bevryding op sy voete gevind.

Na enkele wilde voorwaartse spronge het hy blindelings verlangsaam in 'n draal om rotse, en 'n koershou volgens enige gril, of net ylhoofdig rondomtalie of in enige rigting swaai, sigsaggend dronk met vrywees van rigting of doel, dronk met 'n vreugde, donker en oud en driftig blind en redeloos in elke vesel van sy lyf. Hy het skraal en snel beweeg, sy kop laag, sy romp vorentoe geleun om sy voete en soms sy hande te plaas, lenig met die vuur van 'n dier wat die spoor van sy soort orals na aan die aarde vind.

Waar koue klam slierte hom aangeraak het tussen rotse wat open en sluit soos reuse mot-vae oë, het hy ingehou om die wind te snuif. Toe het hy die mis gesien. Die grysheid wat geluidloos stroom. Die vormlose grys wat rondom hom warrel, hom met stilte omring, die skemering uitklad met 'n weefsel van stilte en blindheid.

Hy het geril waar hy staan, en in sy rilling terugkeer tot homself in die wet so oud soos sy angs. Rond struikelend in die half-donker het sy hande gegryp na verdroogde struike en die droë stompies en wortels wat hulle kon vind, en na 'n lang geduldige sukkel met klam hout en klam wordende vuurhoutjies oplaas 'n vuur aangesteek.

Van dodelike moegheid op sy hande en knieë geval, het hy gesien hoe die mis die lig van rondom die klein vlam suig om geleidelik die duister van die nag te weef.

J. Nel van der Merwe

FRAGMENT UIT DIE SPEL: *MARIA*

Loom van slaap en smart
val hul oë toe om my...
En ek?
Sal ek teen hierdie rotswand slaan
en slaan en skreeu:
My seun! Ek wil my seun weer hê,
sy stem weer hoor;
sy oë sien waaruit die Lig bly straal
wat nie van hierdie aarde is;
sy glimlag sien soos van een
wat weet wat agter al ons woorde,
al ons dade skuil, — ons God?
Nee. Ek sal waak en wag. Net wag.

* * *

My liewe vriendin, rus jy maar...
En gun 'n moeder om by haar seun
se graf te waak... en bid.
Ek sien sy liggaam, glimmend van die sweet,
die doringkroon... die spykers.
Ek hoor sy laaste uitroep, ... die bekende stem
wat roep uit sy laaste eensaamheid as mens;
het ek dié stem sy eerste klank gegee?

Het ek dié hande in myne gehou?
Toe hy nog klein was, is die arms, die hande
uitgestrek na my.
Daar ver donker net drie kruise,
hoog teen die skemering...
is dit aand of oggend se grou?
Teen daardie hout was sy arms, sy hande,
ook uitgestrek, maar... oor die Ewigheid.
En uit my skoot het die Ewigheid gegroei...

Tog het ek as mens hom nooit besit:
as hy in my oë kyk, kon ek voel
dat hy verby my sien.
As hy met my praat en ek met hom,
was die stem van Kruis en Dood
immer helderder in hom,
— as die woorde van 'n moeder.

In sy lewe was hy nooit, was hy nooit,
net myne nie . . .

* * *

My vriendin, jou stem is swaar . . .
die drome van jou slaap . . .
„Dood? Is hy dood?”
Weer en weer droom ek nou
die droom van Lewe:

Ek het opnuut die pyn leer ken,
op 'n dier se rug, van Nasaret tot Betlehem.
Die saad van vreugde bly die pyn.
Galilea het verder gewyk . . .
Die paaie was vol
en baie oë het na my bly kyk . . .
Die stof en hitte het om en om
bly kring . . . om my duiselig hoof . . .
Maar sterk het ek Josef gevoel:
sy hand, sy sagte stem . . . en sy oë . . .
„Ek en my vrou soek slaapplek . . .
Sy kan nie verder . . . u begryp . . .”

Toe warmte, rus en mure teen die wind
en . . . die oë van nuuskieriges.
En Josef, my man, het my gehelp . . .
Buite het dit stil geword; hierbinne:
hoe sagter, vriendeliker was die diere oë.
En daardie bed van strooi, die ruik van strooi
sal ek my hele lewe lank onthou.

Die aarde onder my het oopgevou;
toe alles verby was
het ek Jesus in my arms gehou.

* * *

En kyk die skaapwagters kniel voor die krip:
groot trane van dankbaarheid oor
hul bruingebrande wange . . .
groot trane van dankbaarheid op
hulle hande, gebars van die kou,
geëelt deur hul werk, hul hande
nederig in gebed gevou.
En toe hulle uitgaan, roep hulle:
„Hosanna! Hosanna! Eer aan God,
vrede op aarde in die mens 'n welbehae . . .”

* * *

„Die sterre het ons vertel, jong vrou,
van hierdie Jesus-kind van jou . . .”

„Oor verre woestynheuwels het ons gereis,
gekom na hierdie stal, ons hulde te bewys.”

En kyk, die Wyse Manne kniel voor die krip: :
groot trane van dankbaarheid blink
oor hul fyngevormde wange;
groot trane van dankbaarheid drup
op die ringe aan hulle hande,
op hul lang, puntige vingers . . .
in nederige gebed gevou.
Stom staan die diere en kyk
na die weelde van skarlaken en rooi,
na die mantels van Oosterse sy,
gehurk in die stof van die stal.

* * *

Toe reeds, as hy in my arms slaap,
het ek gevoel, geweet . . .
die hande sou eendag wonde heel;
die kinderoë sou eendag sag
in die oë van sondaars kyk,
en daarin sou hulle die Lig kan sien.

Die kosbaarste Gawe
het ek warm teen my hart gedruk.
En ons het hom na Jerusalem gebring:
Jerusalem! Jerusalem!
wat sou jy later, aan hierdie,
hierdie Kind van die Mens tog doen!

* * *

Ja, dit alles bind ek in my drome saam:
die heerlikheid, die vreugde, . . . maar ook
die smart: die vlug na Egipte
en die kindermoord . . .
En in daardie donker nagte van vrees,
het ek, Maria, gevoel, geweet,
dat deur die eeue wat sou kom,
Sy vrede, Sy vreugde,
so smartlik misverstaan sou word.

Soms het ek so na my seun verlang . . .

„Het u nie geweet dat Ek
in die dinge van my Vader moet wees nie?”

En so moes ek van ver aanskou
dat hy alles volbring wat vir Hom
reeds voorbestem sou wees...
En as ek maar geweet het, sou ék,
sy moeder, met hom gewaak het dié nag...

„O Petrus, Petrus, hoe kon jy!”
En so moes ek van ver aanskou
sy weg van pyn... na Golgotha...

* * *

En toe het ons hom hier, in hierdie tuin,
heel stil kom begrawe...
Alles is verby. Dis donker...
donker? Nee... kyk! 'n helder Lig
om my, .. oor heel die aarde...
My siel maak groot die Here,
en my gees is verheug in my God,
my Saligmaker: Hy het opgestaan,
uit die Dode het Hy opgestaan,
Broer van almal en Seun van God.

Ek Soek Na Jou

WILMA BOSHOFF

Nag skink die beker van Stilte tot oorlopens toe. Dan wag sy, Stilte, ademloos.

Uit hierdie swye rys Skoonheid met haar blanke arms omhoog gelig, dansend op haar tone, met die ligte grasie van 'n ballerina. Haar trotse hoof is omhoog, haar droomgelaat, eteries — madonnarein.

Skoonheid, blomgewiekte vlinder, bly by my! Bly by my!

„Oom, sê my tog, waar het Oom haar gesien?”

„Skoonheid is 'n individuele gewaarwording, ou seun, wat vir jou mooi is, mag nie vir 'n ander so mooi wees nie, en omgekeerd. Neem nou vir my byvoorbeeld. Ek is 'n ou boer, en die mooiste ding vir my in die hele wêreld is 'n trop lammerskaap in 'n jong brand . . . Of die koringlywe goud en rypwiegend in die wind. Ja, by die arbeid sal jy haar rêrig vind, ou seun!”

Toe die nag sy donker wimper lig vanaf die blosende wang van die môre, het ek haar weer gesien — swierig geklee in die kleure van die daeraad.

Die gloeiende ooste is ligroos, teer soos die tint van skulpe. Hierdie kleur verdiep tot koraal wat opvlam en oor die lug versprei. Golwe van kleur kabbel in die ruimte. Een fantastiese skakering volg die ander — toe, soos 'n lieflike belofte, blink 'n helder sonstraal deur die wasige kleurgordyn. Die goud oorstroom nou in verblindende vloed. Daar troon sy, Skoonheid, in haar sonneglorie.

Skoonheid ek soek na jou.

By die bergstroom hoor ek haar saggies lag. Uit die blou waterkuil staar haar rein oë geheimsinnig, peilloosdiep, woordeloos na my.

My liefste, waarom ontwyk jy my?

„Is sy dalk hier, by jou Meneer?”

„Ja, hier in die marmarbeelde. Koud, esteties, volmaak, vasgevang in wit klip — die lieflikheid van vorm verewig.”

„Dis waar meneer, maar dan vlug sy weer verder, altyd verder . . . verder . . .”

Ek het jou so pas, vrolik hoor babbel in die klaviernote,

toe snik jy in die viool, dan weer is jou stem heilig in die orreltone, nou lag jy uitgelate soos 'n sigeunermeisie in die wind.

Beminde, laat ek jou omvou!

„Jy daar, wat 'n boek in jou slanke hande dra — ken jy haar?”

„Skoonheid is lettere, die woord, soepel, buigsaam. Die woord klankryk en warm:

„. . . Ek wat gaan
Waar hoër, kouer paaie lê
Wil weinig troos en geen gebed
en min, maar suiwer woorde hê.”

„Met woorde kan jy haar nie vasvang nie, meneer!”

Plots ontdek ek jou hare: Golf op golf van glimmende blinking — 'n seeweelde wat om my toevou soos 'n swart sy-sjaal, golwe wat die maanlig terugwerp, met lang kabbelinge van silwergelag en glansendblink om die rotse uitplooi.

„Streng, meneer, hoor 'n bietjie hier. Weet jy van haar, die heilige hoë, vrou?”

„Wolkekrabbers, oosterse tempels, trotse monumente en natuurlik prikkel die piramiedes steeds die verbeelding. Skoonheid bly in kastele wat jy uit jou drome met sement en steen en volharding tot werklikheid en prag kan bou.”

„Jou kastele kan verbrokkel en vergaan, meneer!”

Ek het nou net haar tergende parfuim uit duisend blomkelke gedrink. Gedrink het ek die soet wyn uit 'n bloedwarm rosehart, sodat ek bedwelmd van Skoonheid se wierook, aan haar voete wil kniel.

„Nee, kind van Israel, jy ken haar nie. Ek sal verby jou loop.”

„You praat zoe van skoenhaaid? Skoenhaaid ist mos plêntie mōnie — rolls en rolls van poents! You kan nieks hê wot moei is zonder mōnie, kaain moei house, nor moudergar, nor moei waaif. Out of der mōnie allaaïn, you kraai der Skoenhaaid!”

„Hoe blind maak die geld jou, my vriend.”

Sy is in die sterwende son. Haar skarlaken eb, vlek die firmament met gloeiende glans. Haar magtige hart tower die dans van die Dood om, in 'n triomfantelike proses waar bloed en vlam op die wolke verbyjaag.

Terwyl Natuur slaap, sit sy, Skoonheid, gesepter op haar troon. Geklee is sy in weelderige swart fluweel met diamantborduursel om haar hals en soom en kosbare maanlente, soos 'n silwer stralekrans om haar swart vlegsels getooi.

Skoonheid, waar kom jy vandaan? Wat is jou siel? Spruit jy uit musiek, uit die suiwer lied van kwelende voëls? Uit die grasia van beweging, uit die lieflikheid van vorm en lyn? Is jou siel die kleure van blomme? Is dit juweelgetinte doudruppels om 'n blom? Vind ek jou hartklop in natuur, in klankryke woorde, is dit fantasie of droom? Is dit lig en wydte — is Stilte jou eintlike wese?

Die nag is soel.

Die wolke is swart en wattedig.

Die weerlig krul blinkwit soos 'n venynige slang.

God praat met Sy groot dringende Stem, wat in dawerende eggo's oor die bulte wegsweef.

Hy is die Skepper van Skoonheid.

Alles kniel neer en bid.

S. J. du Toit

DIE KRAAI

Geveerde vreter op die motorpad,
die nag kleef aan jou fladderswart al smelt
die dag se lig, in talle ongeteld,
met bloue vuur die wilde sterre glad.

Jy klim die jare soos 'n duielleer
uit Chaos en geen oorkonde vermag
te meld wie met die nag kon impregneer
tot dikke duister jou blink verevag

Oor sonvloedwaters het jy eens geswaai.
Onwendbaar, raaf, eens diep geheime in
die oor van gode, sprokiesvoël, verraai.
Jy swerf deur liedjies, rympies sonder sin,
van ver Sambesie tot in Mosselbaai,
ou ghartjie wat die geel van eiers min.

Vier Sketse Uit Die Grootstad

DEUR ABEL COETZEE

I. VREEMDE REIS

Vannag was ek in Rusland — Moskou . . .

Dit gebeur dikwels dat ek skielik in die strate van Onrus oorval word deur 'n gewaarwording dat ek in 'n wildvreemde oord verkeer. Vir 'n oomblik word ek dan bang, panies bang met 'n byna onbeheerbare drang om alles om my heen plat te loop, so sterk is die gevoel van bedreiging deur 'n onbekende gevaar uit die omgewing. Vir enkele oomblikke is ek reddeloos verdwaal en alles om my heen lyk volslae onbekend. Die rye hoë geboue aan weerskante van die straat reik duiselingwekkend in die hoogte en dwing jou om reguit op te kyk as jy die lug wil sien. Dis onbestygbare kranse van 'n bergkloof wat jou benoud omring en alle vlugkans versper. Tydelik vergeet ek heeltemal wie ek is.

Snaaks genoeg, as ek op so'n dag met my kar stad toe moes kom en dit iewers langs 'n sypaadjie geparkeer het, het ek metééns vergeet waar die parkeerplek is. Dan gaan staan ek langs die naaste pilaar, sluit vir 'n oomblik my oë en dwing die mensgewemel heeltemal uit my gees. In my verbeelding lê ek weer die reis af soos ek van die huis af gekom het. Ek ry weer straat op en straat af, op soek na 'n leë parkeerplek, hou by die rooiligte stil, ry amper oor 'n moedswillige klonkie wat teen die stoplig probeer oorstap, ry vort as die lig groen word, en is toevallig betyds om vin-nig in 'n staanplek te glip waar 'n motor net weggetrek het. Meteens weet ek dan wáár my motor staan, die omgewing word weer bekend, ek weet wie ek is, my angs verdwyn en welgemoed stap ek verder om my sake te verrig in die wete dat ek vandag in elk geval weer behoue tuis sal kom. Maar dit gebeur nie net bedags nie.

Vannag was ek in Rusland—Moskou. Dis 'n land waarvan ek niks weet nie. In die omgewing, buitekant die stad, het ek gaan rondstap. Onder boeremense. Orals is ek omring deur hoë heuwels en diep dale. Nêrens sien 'n mens 'n klip uitsteek nie. Alles is net die ene ryk swart aarde wat vettig en vrugbaar in die son lê en verkrummel. Op 'n afstand is boere op die lande besig. Ek sien hulle het mielies geplant. As 'n

mielieplant se koppe ryp is, word dit geoes, die hele plant verwyder en die grond losgewoel en gelykgehark. Nou lyk die lande te snaaks — orals gladgeharkte kaal kolle tussen die hoë mielieplante wat nog wag om ryp en afgeoes te word. Lyk soos 'n hond met brandsiekkolle. 'n Wonderlike manier om met mielies te boer. As al die mielies af is, word die swart aarde omgeploeg en geëg. So'n twee weke voordat die najaars- en lang winterreëns begin wat alles in 'n onbegaanbare pappery omskep, word die nuwe mielies gesaai. Om die waarheid te sê, die eerste najaarsreëns moet op die boer val terwyl hy nog besig is met die plantery. Hulle moet vóór die winter plant, want in die voorjaar bly die grond so lank drassig wanneer die dooi intree dat g'n mens die landerye kan bewerk voor omstreeks hoogsomer nie. En wie kan dan nog 'n oes groot en rypmaak?

Al hierdie dinge weet ek sommer so vanself, net of ek 'n Rus is en daarmee groot geword het. Aan die waarheid daarvan twyfel ek geen enkele oomblik nie.

Onder in die dal speel 'n klompie kinders. Vreemd stil. Ek loop teen die glooiing af. Hier word ek vir die eerste keer so helder bewus daarvan dat die aarde rond moet wees, en die uitspansel. Helderder bewus as ooit by ons in Onrus. Enkele wolkies dryf yl in die dun, blou lug, en hulle verskyn bokant die heuwelrante asof hulle uit 'n diepte opstyg. Hulle dryf stadig oor die landskap en word onsigbaar agter die heuwelrugge op my pad soos ek hierheen gekom het. Ek daal nog verder af; die heuwels word hoër, my gesigskring kleiner, en ek word oorweldig deur 'n begeerte om te weet wat agter die volgende heuwelrug lê, en agter die volgende een, en die volgende . . .

Ek kom by die kinders. Meteens weet ek dat ek stom is. Die taal van die land ken ek nie. Ek wil weet hoe laat dit is. Dis belangrik, ek weet nie hoekom nie. Een van die seuns het 'n polshorlosie. Hy het stywe swart hare, swart soos die veredos van 'n kraai. Sy vel is soel, donker om die oogkaste en mondhoeke. By ons sou ek sê hy is 'n kleurling. Ek wys na sy horlosie. Hy laat my daarna kyk. Die wysers staan op vieruur. Ek kyk na die son, byna op middaghoogte. Dit kon onmoontlik vieruur wees. Dan skiet dit my te binne: dis mos Rusland dié! Waarom kan dit nie in Rusland vieruur wees met die son op middaghoogte nie! Dis mos Rusland, en wat weet ek so danig van hulle son af?

Graag wil ek met die seuns praat, maar hoe? Ek ken Engels en Duits. En skielik ken ek ook Sweeds. Ek hoor my

stem verskonend vir die seuns sê: I do not speak Russian. Nur Deutsch. Jeg inte snakke Russisk, bare Engelsk. Toe word dit vir my duidelik dat ek so ver in die wêreld omgedool het dat ek 'n plek bereik het waar ek gans alleen staan. Hier het al my kennis geen waarde nie. Die mielieboerdery is so vreemd, mens sou sê so sonder kennis van sake. Die aarde is snaaks rond. Die son bedrieg my. Ek staan in 'n vreemde oord, eensaam, verlate. Omring deur mense — kinders, dan. Maar sonder enige middel om my in verbinding te stel met die gees van die groepie swygendes. Ek probeer my beproefde middel toepas: vir 'n oomblik staan ek doodstil, sluit my oë, dring die wêreld om my heeltemal weg. Waar het ek vanoggend begin? Waarlangs het ek gedwaal om hier te kom? Geen antwoord. Geen beeld wat in my gees opstyg om my wegwys te maak nie. Ek is daar. Maar waar?

„Toe maar,” sê die soel seun met die polshorlosie onverwags in soetvloeiende Afrikaans, „ek het lankal gesien jy's 'n Boer. Ek ken ook Afrikaans. My pa en ma het vroeër jare in Onrus gewoon. Toe was hy loodgieter. Hy sê dis daarom dat my vel nog so „warm” is. Hulle praat nog Afrikaans as hulle wil hê ek moenie verstaan nie. Maar ek weet tog wat hulle praat. Ons kinders verstaan alle tale op aarde. As ek droom, praat ek die snaaksste tale onder die son. Sjinees ook.”

Ek groet hom met 'n gevoel van geneentheid wat ek nog maar selde teenoor 'n mens ervaar het. Hy is 'n deel van my. Hy is uit die aarde waar ook ek vandaan kom. Sy soel gelaatskleur wat maak dit saak? Hy lyk nou vir my soos ek self. En die taal wat hy praat. Dit ontroer my, maak my binne in week oor my land, oor my mense, en dit voel vir my of ek na binne toe huil. Ek voel meermale so as daar nie woorde is om my gevoelens te dra nie. Dan wonder ek in my enigheid daarby of ek nie dalk krank van gees is nie. Ek sit my arms om sy skouers en ek haal hom teen my bors aan soos iets dierbaars wat ek lank moes ontbeer. Die ander kinders kyk met groot oë asof hulle al die tale van die wêreld verstaan.

Toe praat die seun weer: „Maar nou dat ons weet jy is vreemd hier, nou is jy in die knyp. Geen vreemde mag tussen ons boere en ons landerye rondstap voordat dit middag is nie.”

„Maar dis dan al vieruur! Kyk op jou horlosie.” Ek raak in die war.

„Dis wel vieruur. Maar in die óggend. Om vieruur in die middag staan die son dáár,” en hy wys met sy vinger so'n

handbreedte bokant die kimme. „En hoe dink jy, waarom het ons hier gespeel sonder om lawaai te maak?”

Hier is ek verlore, gans en al verlore. Verwyder van my mense af. Bedreig deur onheil in wie weet watter gedaante. Bedrieg deur mens en natuur.

„Maar wag, ek sal my vader gaan haal. Hy sal vir hulle sê dat die son jou deurmekaar gemaak het. En as hulle weet dat my vader jou land ken en jou verstaan, sal hulle jou by ons laat bly.”

Ons stap toe aan teen die oorkantse bult uit, dieper die land in, al met die pad langs, vermoedelik op pad na sy vader toe. Orals sien ek net die korrelige swart aarde wat lê en wag op die nuwe saad. Regte grond vir boere. Na mate ons teen die heuwel uitstyg, word die aarde effens platter. Orals sien ek die mielielande met die snaakse brandsiekkolle tussen die plante in. Bo-op die heuwelkim staan ons naderhand, en ons sien die kim van die volgende heuwel wat nog hoër is. Op daardie kim wil ek wees, dan sal die aarde voor my oopblom en ek sal ver oor die landerye heen kan sien tot in die oneindigheid. Ons daal teen die glooiing af, ons gaan deur die dal, ons styg teen die swart, vrugbare heuwelhang op. Bo-op die kim staan ons weer, en ons sien die kim van die volgende heuwel, wat ook hoër is. Op dáárdie kim moet ek staan! Toe kyk ek toevallig om. Die kim agter my is hoër as die een waarop ek staan!

Onrus slaan om my hart. Wat gebeur nou? Vol verwarring probeer ek aan die seun duidelik maak: „Ek moet nou liewers omdraai, terug na Moskou toe. My vrou is alleen in die hotel. Dis so'n klein vroutjie. En sy verstaan nie Russies nie. As ek hier, diep in die land, verlore moet raak, wat word van haar? Hoe moet sy weer in haar land kom, alleen, terug by haar mense?”

„Toe maar,” stel hy my gerus, „gee my net haar adres. My vader sal sorg . . .” 'n Towerformule.

Toe begin die mossies buitekant my venster in die bome roer. Ek sit half orent in die bed. Waar is ek en hoe het ek hier gekom? Die vertroude omgewing skemer op my aan in die flou morelig, die balkies voor die rame, die swaar gordyne wat soos twee pilare aan weerskante van die vensteropening donker gestaltes maak. Ek is in my kamer, in die bed. Langs my sien ek die gedaante van my vrou in die beddegoed, rustig aan die slaap. Reëlmatig daal en styg die komberse soos sy asemhaal, vol vertrouwe in die goedheid van die lewe. In watter droomland sou sy verkeer? As dit eendag so moet gebeur — en ek het so'n stille oortuiging

dat dit die geval gaan wees — dat ek die lang reis vóór haar sal aanvaar, wat moet van haar word, mensie alleen? Sal dit nie dan máár net so goed wees asof sy alleen in 'n vreemde hotel . . . ? Ek skuiwe teen haar aan en slaan my arm om haar. Sy roer, word half wakker, voel-voel deur die slaap na my, kruip by my in, en so slaap ons verder soos twee verlore kinders omring deur 'n slapende, swygende wêreld wat swaar lê onder die mag van eenselfde noodlot. Weldra sal die daglig kom en ons drome en spoke verdryf.

II. VREEMDE SPEL

Langs Hoofstraat woon ek, hoog in die nek van twee heuwels. Na onder toe teen die hange af beweeg die grootstad voor my soos 'n lewende beeld. Voordat Hoofstraat ons huis bereik, kom dit deur 'n digte bosplaat wat van die nek af uitsprei teen die oorkantse heuwel: basbome en bloekoms deurmekaar, met 'n dik tapyt droë blare en dooie takkies onder hulle uitgestrooi. Smorens vroeg, wanneer die eerste lig aan die oostekant sweem, nog voordat die straatligte gedoof word, begin die mossies in die bosplaat hulle klein geluidjies maak. Eers enetjie, wat skaars glo aan die boodskap wat hy met sy piepstemmetjie bring, dan nog een en nog een totdat ontelbare kele kwelend dawer in die boslower, om eers effens te bedaar wanneer die voëltjies oor die stadsbuurtes heen uitsprei op hulle daaglikse soektog na kos. In dié vroeë uur lê ek dan en luister, want as my dag só kan begin, al kan ek die nuwe lig nog nie onderskei teen my ruit nie, weet ek dat dit goed is om die lewe in jou te hê. In die donker hoor ek hoedat die stadsrumoer van die vorige dag, wat nog nooit heeltemal verstil het nie, geleidelik aangesterk word deur die geluide van elke nuwe ontwakende stadsdag, van melkkanne en broodwaens en groenteventers, maar wat in die klein uurtjie van die oggend nog nie kragtig genoeg is om die geringe geluidjies van die mossies hoog te oorstem nie. Ek draai nog 'n keer om in my bed, totdat die lomp geklop van die huisbediende teen my vensterruit die bedrywighede van die nuwe dag in ons woning aan die gang sit, wat volle spanning bereik as die jong son vol oor die aarde staan en almal gereed is om elders met die dagtaak voort te gaan.

Uiteindelik staan ek op die stoep, gereed om af te daal na die stad. Tussen die gedreun van outo's en busse en die voetgeklap deur hoor ek die stadshorlosie in die verte slaan. Vredig, ondanks die rumoer van die vroeë dagtaak, lê die stad uitgestrek teen heuwel en hang en in die leegtes. Die

hele advertensiewêreld wat van neonligte hulle boodskappe so driftig uitbrand teen die nagemel, is stil en lewenloos. Mens glo byna dat dit 'n ander wêreld is hier voor jou, as die een wat jy gisteraand so angsvol deur die vensterraam betrag het. En tog is dit daar, dieselfde wêreld, dieselfde skyn, dieselfde werklikheid . . .

„More, Omie!” By die voorhekkie loop ek my vas teen Andries, 'n sonderlinge, onversorgde figuur wat vreemd afsteek in die grootstad. Om hom hang nog half die gees van die plaaslewe: stil, rustig, enkelvoudig. Met die grootste oorgawe kan hy uitbundig geniet van die lewe, soos 'n boer lag dat dit dreun om wat vir hom snaaks lyk. Vry van komplekse, sonder onderdrukte neigings en verborge drange. En tog, in ander opsigte is hy weer bedorwe soos die kind van die Grootstad wat van die hand in die mond leef deur 'n soort slimmigheid wat mens om liefdeswil maar geslepenheid kan noem. Ons is ou kennisse, sonder dat ek juis kan sê waar ek hom leer ken het of hoe hy in die stadslewe inpas. Orals waar jy hom nie verwag nie, duik hy op, so doodluiters dat jy hom daar onnadenkend aanvaar, tot later, soos 'n blink uitlandse sikspens wat 'n buskondukteur tussen jou kleingeld inmoffel. Waarom hy my van die eerste dag af „Omie” noem, weet nugter. Miskien het hy onbewus ontsag vir my hardeboordjie!

Swygzaam stap ons langs mekaar in Hoofstraat langs teen die bult af. Af en toe skop Andries met die dwarskant van sy skoen die los klippies voor hom weg dat hulle draaiend oor die betonblad van die sypaadjie skuiwe, of welluidend wegskram teen een van die elektriese ysterpale. So vorder ons twee blokke, drie blokke. Tot by die bekende blok wat van dwarsstraat tot dwarsstraat bankvas een ry skakelhuse is met slegs 'n hortjiesheining en 'n brandmuur tussen in om woning van woning te skei. Reeds so vroeg al staan al die voordeure oop, want binne in is dit benoud en die huisvrouens is besig om aan die kant te maak. Enkele buurvrouens staan oor die hortjiesheining praatjies en maak, onversorg met krulpenne en verslonste veltsloffies.

„Omie,” sê Andries, „ek het 'n nuwe speletjie.”

„Wat dan, Andries?” vra ek. Ons staan op die straathoek by die eerste skakelhuis. Luidkeels kom die morelied van 'n radiosanger by al die oop voordeure uit. Vaag herken ek die bulkende stem van Kris de Leeuw wat vastrapliedjies sing.

„Sien Omie,” verduidelik Andries, „ons draf taamlik vin-nig voor hierdie huise langs, dan luister jy na die ou wat

daar sing. Maar jy moet so hardloop dat jy elke woord hoor. Kom Omie!" Andries buk vinnig weg, sonder om op my instemming te wag. Half onwillig is ek agterna. Ou Kris hef 'n tweede lied aan. By die eerste voordeur galm die langgerekte „Sui...ker...bossie..." my tegemoet, dan is ek verby. By die tweede deur hoor ek net nog „... daarvan sê..." Ergerlik wink Andries: „Vinniger, Omie, vinniger!" Blykbaar is ek te stadig. Dit word 'n wilde handgalop teen die bult af dat ons skoensole galmend klap op die betonblad. By die volgende oop deur het ek die radiolied reeds ingeloopt en dan word dit ylings 'n inluisterwedloop, só: „Sui...ker...bossie..." hortjiesheining, oop deur „... ek wil jou hê..." hortjiesheining, oop deur „... wat sal jou..." hortjiesheining, oop deur „... daarvan sê..." hortjies, deur, ... totdat die hele lied af is. Uitasem kom ons by die onderste straathoek aan. Andries smyt hom sonder skroom op die randsteen neer en snakkend skater hy sy lewensvreugde uit: „Omie, lekker nè, hê Omie, verniet inluister, nè Omie!" Hygend, met my rug teen 'n elektriese paal geleun, beny ek Andries sy eenvoudige lewensgeluk. Orals storm nuuskieriges na die voorhekkies toe om te kyk waarom ons so woes hardloop. Dit bring tog afwisseling in die eentonige gang van die daaglikse lewe. Vies draai almal weg toe hulle merk dis 'n kinderagtige gedoente. Dit bring my tot besinning. So'n wilde vaart, in die geselskap van 'n verwaarloosde mens, pas maar swakkies aan by 'n stywe boordjie! Andries wil nog verder langs Hoofstraat sy „verniet"-speletjie speel, maar ek bedank, en nugterder stap ons langs mekaar aan.

Die hele dag lank bly die beeld my by van enerse huisies wat aaneengeskakel laag hurk langs Hoofstraat: enerse dakke, enerse heinings, enerse deure, enerse hekke, enerse ruite, enerse radiomusiek... enerse mensies wat vasgevang sit in die vaal bestaan wat in die stad Onrus welluidend „die lewe" genoem word. In Onrus word die mens 'n patroon wat eindeloos herhaal word, asof die natuur hom nie die tyd gun om die een mens anders te maak as sy buurman nie. Wat sal Onrus ook maak met mense wat nie eners is nie?

Is alles wat die masjien voortbring nie eenvormig, soos een moertjie die tweelingbeeld is van elke ander moertjie nie? En is Onrus nie ook maar net daar om die masjien te dien nie? Die bestaan van Onrus is vir hierdie skakelmensies 'n eindelose reeks lêe dae wat mekaar doelloos opvolg soos tweelingbeelde. Die herhaling het geen sin, behalwe dan dat dit jou laat besef hoe magteloos jy teenoor die eindelose

reeks staan. Die een leë dag volg die ander op totdat die lewe afgewikkel is en mens verder teen die bult afgedra word na 'n laaste rusplek onder God se dooies.

Onrus spot met die mens.

III SWAER PAUL

Een van die merkwaardige wonings in Hoofstraat lê taamlik laag aan die voet van die lang opdraande, byna onder in die leegte. Hier is ons in die minder aansienlike gedeelte van die straat. Minder aansienlik in dié sin dat die stad hier gebore is, langs die grootpad, en hiervandaan af uitgesprei het oor die omliggende heuwels en hellings, met die gevolg dat die woonhuise hier ouderwets geraak het, uitgewoon. Die huise was hier eers omtrent almal van sink, uitgevoer met roustene en die voorstoep — die veranda, soos die ouer mense dit genoem het — vas teenaan die sypaadjie soos in die woonerwe van ons boeredorpe. Van die meestes is die sink-omhulsel met die verloop van jare vervang deur gepleisterde en later deur siersteenmure, maar aan die oorspronklike boupatroon is weinig verander, behalwe dat kamers orals aangebou is, dikwels sonder vaste plan. Minder aansienlik beteken dan nie armelik nie, ook nie onversorg nie. Slegs burgerlik, ouderwets, en dat die nuwe ryk sakemanne en nyweraars elders in die grensvoorstede woon.

Een van hierdie huise is dan 'n merkwaardige huis, nie om sy ouderwetse spitsgeweltjie presies bokant die voordeur nie, of om sy dubbele skuiframe met groot glansende ruite nie, maar om sy inwoners.

Dis naamlik die woning van Neef Org en Nig Ralie, wat eenvoudig deur nie rond te trek nie die oudste inwoners van die buurt geword het. Hulle het nie rondgetrek nie, omdat hulle die huis besit, maar veral omdat hulle nie maklik weer 'n huis groot genoeg kon kry om hulle talryke kroos te herberg nie. Die kinders, waarvan die voorste punt orals in die sakewêreld versprei is terwyl die laastes nog op skool en universiteit sit, het hulle kennis en vriende altyd uitgenooi huis toe om kennis te maak met hulle opgewekte ouers. So het hierdie sonderlinge groep in die grootstad gaandeweg die middelpunt geword van 'n los verband van mense wat bestuurskringe, die sakewêreld en die nederiger fabrieksmingewing omsluit.

Nuwe intrekkeers in die buurt maak altyd gou met Neef Org en Nig Ralie kennis — in dié volgorde, nooit andersom nie, want Nig Ralie is die goedige, swygsame en sorgsame huisvrou wat haar pligte in stilte vervul.

Hulle woon al lank genoeg hier om te beleef het hoe die

gemeenskap sy laaste spore van gouddelwersdorp ontgroei, daarna sy kleinburgerlike dorpsheid aflê, om uiteindelik belangrikste nywerheidsknoop van die land te word met 'n roemrugtheid tot ver in die buiteland.

Betree mens die woning, voer 'n kort gangetjie jou reguit af op 'n gedruis van stemme en jy staan in 'n ruim eetkamer of voorhuis met rusbank, leunstoel en regopstoel langs 'n groot eettafel. Hier is selde minder as twee lede van die groot gesin byeen, want dis die woonvertrek. Die deftiger sitkamer lê voor, uit die gangetjie aan die straatkant, maar word selde gebruik vir die gemoedelike omgang tussen ou bekendes.

Onder die dak van hierdie huis het ek met die verloop van jare kennis gemaak met menige kant van die burgerlike lewe van Onrus. Hier het ek gehoor van Natie, wat sy hele gesin uit die armlankedom op die been wou help; van Elwina, die oujongnoot wat haar geluk aan haar ouers opgeoffer het en toe nors geweier het om hulle langs mekaar te laat begrawe. Hier het ek Amalia leer ken, Neef Org se oudste dogter wat met 'n Engelsman getroud is; vir Jerrie de Witte, wat verraaiër geword het om mynbaas te wees; vir Paulus Marthinus Wessel Olwagen, die dwergie wat graag grootman wou speel. Hier het ek verneem van Alewyn die boemelaar wat in opstand was oor die dood van sy seun. Hier het ek die geskiedenis hoor vertel van Oupa Terblaans, die trotse patriarg wat op 'n ouderdomspensioen sy laaste lewensdae slyt; van Rabantoe, die vader van vele, wat glo dat die arbeider van vandag die werkgewer is van more en die regeerder van oormore; van Piet Oorrolster, „inspekteur van geboue” en „ontvanger van openbare inkomste”; van ryk sakemanne wat hulle skaam oor nederige ouers en 'n behoefte jeug. Hier het ek Sendeling Odenaal, Pietie — die soeker, Van der Merwe — beurssepekulant, van naby leer ken. Hier het ek in aanraking gekom met die halfgaar wetenskap wat van halfgebakte studentjies goor godloënaars maak. Hier het ek besonderhede gehoor oor die lewens van mense, te veel om te boek te stel.

So het die huiskring van Neef Org en Nig Ralie stadigaan 'n beeld geword van die samelewing in die ganse Onrus, waar mense elkeen op hulle eie manier vasgevang sit in die strikke van hulle begeertes, vasgevang in 'n onwerklike wêreld van grootheidswaan en besitdrif waardeur elkeen blywende waarde probeer gee aan 'n lewe wat ondanks alles nietig en verganklik bly. Elkeen van ons struikel tog maar oor eie onaansienlikheid terwyl ons agter die lokkende

visioene van groot dinge aanstrompel. Die drome aan groot dinge maak dit dikwels vir ons moontlik om die sleurbestaan van die grootstad te verdra, maar ons drifte en drange en hartstogte bly tog maar dieselfde. Ons is gevangenes van die lewe, met te min moed om álles op die spel te plaas in een grootse poging om ons drome te verwesenlik of te sterf, want om te sterf — dáárvoor het ons ook te min moed. Gevangenes bly ons, lewenslank.

Maar Onrus het darem nog sy drome.

Met dat ek Neef Org se voorhuis betree, is hy besig om te vertel. Pietie is daar en Sendeling Odendaal. Nig Ralie kom stil binne met 'n skinkbord koffie. Neef Org gee net drie groot slukke, sit sy leë koppie op die tafel neer, en veeg sy ruie snor aan weerskante weg. Dan gaan hy voort met sy vertelling. „Ja, Eerwaarde, man, destyds ken ek mos toe nog nie die perdereisies nie. Swaer Paul vat my een Saterdag soheentoe. Hy werk toe nog hier onder in die spoorwegloods en sy sak is vol geld. Man julle kén mos vir Swaer Paul: hy wil sy pond net een keer omdraai, dan wil hy skatryk wees! Daardie Saterdag was dit ook so. Hier by die huis het ons twee, drie weke aldie kanse van die perde bespreek. Ons besluit om ons geldjies op Aandster te gaan wed. My dobbelgeldjies gee ek toe ook sommer vir Swaer Paul, want hy is ingewy in die geheime van die renbaan, ek nie. Toe ons daar kom, loop hy so'n paar draaie onder sy kernoters rond, en nie te lank nie, of hy vertel van 'n wildvreemde perd met 'n buitekans van vyftig teen een. Op hierdie perd wil hy wed. Ek keer nog: „Paul, man, nou is jy besimpeld!” Maar dit was te laat, hy het reeds al ons geld verwed. Naderhand spring die perde weg, Aandster onder die bondel uit, los voor. Swaer Paul en ek staan so skuins by die wenpaal. Die mense begin skree. En ek skree. En Swaer Paul, hy skree sonder ophou: „Aandster, jou doring! Ramkat! Hoei . . .!” Hoe nader die bondel aan die wenstreep kom, hoe harder skreeu Swaer Paul. Die perd met die groot buitekans beur vorentoe, maar Swaer Paul skree aaneen: „Toe nou Aandster! Wys hom Aandster!” En toe Aandster halflyf wen, gryp Paul sy hoed, frommel dit styf in 'n bondel en gooi dit hoog in die lug op: „Aits, jou lekker dorie!” en hy bokspring so in die lug om sy hoed te vang.

„Maar Paul,” sê ek vir hom, „het jy dan nie op daardie wildvreemde perd gewed nie?” Ewert man, dis of ek hom 'n klap in sy gesig gee. Met geweld smyt hy sy verfrommelde hoed teen die grond: „Aandster, die vark!” verwens hy die wenperd en stap mismooedig opsy.

Nou, dis Swaer Paul, 'n man wat hou van 'n mooi perd, en wat op 'n snaakse manier lekkerkry as hy 'n mooi wedren sien. Maar ook 'n man wat knaend soek na 'n buitekans om sommer met één stoot ryk te word.

Maar laat ek julle klaar vertel. Toe is al ons geld na sy peet, en ons is ver van die huis af. Ons is te békaf om twee uur ver te voet te stap.

„Paul man, hoe nou?” wou ek weet.

„Nee, Org, ek weet nie, maar ons sal 'n plan maak. Kom ons klim in die bus. Maar jy maak net soos ek vir jou sê. En gou ook, sonder teenpraat.”

Ons klim toe saam met die groot stormloop in. Paul wys ek moet net langs die deur sit. Hy sit regoor die deur. Toe kom die kondukteur met sy knippertjie die reisgeld insamel. Ek is so benoud dat ek gerus 'n ding kan oorkom, want ek wis mos ons het nie geld nie. My oë bly stip op Paul gerig. Die kondukteur kom eerste by hom.

„Dag, Jannie jong,” groet Swaer Paul oorvriendelik. „Hoe gaan dit met jou pa? Ek het die oubaas lanklaas gesien. Maar laat ek jou bekendstel: dis nou swaer Org hierdie,” en hy wys na my toe asof ek die man is met die geld. Daar sit ek toe met my mond vol tande. Maar gelukkig het die kondukteur nie tyd om te wag vir ons reisgeld nie en hy gaan voort met kaartjiesknip dat dit so klap. Die bus is volgepak, van voor tot agter. Die mans sit op mekaar se skote en die paadjie staan stampvol. Die kondukteur moet uit alle mag beur om tussen die twee rye sitplekke deur te vorder en dit duur 'n yslike ruk voordat hy agter uitkom. Toe is ons al naby die draai hier onder by die ou kerkhof. Beur-beur kom hy toe weer op die ry langs terug om die enkeles wat oorgeslaan is se kaartjies te knip. Ek word so benoud dat ek kan stik, want ek weet mos daar kom nou moeilikheid. Toe ons op die hoek van die kerkhof kom, daar waar die groot dwarsstraat indraai, swaai 'n perdetrollie voor ons in. Die busdrywer swets en trap remme dat ons almal vooroor ruk in ons sitplekke. Swaer Paul het blykbaar vir so-iets sit en wag, want skielik skree hy: „Spring, Org!” en hy stel self die voorbeeld met sy baadjiepante styf in die wind. Ek laat nie op my wag nie, en ek is agterna.

„En toe, Neef Org!” wou Eerwaarde Odendaal ewe naïef weet.

„Ja Eerwaarde, ek het dit glo oorleef, want hier sit ek dan,” antwoord Neef Org lakonies. Ons hik soos ons lag.

IV. KLEIN GENOT

Gedurende die nag het dit gereent. Skoon gewas lê Onrus in die moreson. Op so'n oggend is dit of die helder lug, swaar van die vog, die stadslawaai demp, en mens voel byna tevrede tussen die hoë geboue van beton en die skerp, reguit lyne van die teerstrate. Dit moet wees omdat die dampe en geure van die grootstad — olie en rook en straatvuil en die goor reuk van gebakte vis — weggespoel het en omdat die teerblad van die strate dan hard is en nie week van die hitte sodat dit onder jou skoene uitgly asof jy op iets vies getrap het nie.

Vanmore loop ek stad toe uit pure lus. Orals in die holte-tjies langs die straat lê nog poeletjies water. By een van die bushaltes staan 'n netjiesgeklede man met 'n bruinerige vaal hoed op, glansende bruin skoene en 'n vaal snyerspak wat nog kraaknuut is. Onwillekeurig gaan ek staan, want op die man se gesig is dit duidelik te lees hoe hoogs in sy skik hy voel met sy nuwe pak. Kort-kort draai hy om en spieël hom in die winkelvenster. Dan druk hy sy hoed effens skuins, trek sy das reg, en voel met sy hand oor sy ronde magie langs. Hier is dan 'n mens wat tevrede is met sy ingeperkte bestaan, wat tevrede is met sy klein gelukkie en wat hom staan en koester in die smaaklike verskynsel wat hy in die vensterraam weerkaats sien. Dan loop hy nader na die randsteen om te kyk of sy bus al kom. Ylend snor 'n motor verby, dwarsdeur die poeletjie modderwater dat dit so spat met 'n boog — en die welgeklede, behaaglike man is bevuil van kop tot tone. Vol ontsteltenis kyk hy na sy baadjie, sy broek, probeer die nattigheid afskud voor dit intrek, en teen dit hom byval van die skade, is die motor so ver weg dat sy nommer onleesbaar geword het.

Ek stap aan en meteens verbreek 'n bandelose skaterlag die rustigheid van die oggend.

„Omie, hy's vol modder! Van sy kop tot sy tone! Waarom staan hy ook so naby die straatkant! Omie, is dit nie 'n grap nie!” Dis Andries wat op die petalje afgekom het en slegs die snaaksigheid daarvan kon insien. Hy het nie die man se behae waargeneem nie, hy het nie 'n mens gesien wat net 'n oomblik te vore nog salig onbewus was van die knellinge van sy bestaan wat hom seker ook maar dikwels pla nie. Net maar die snaaksigheid.

„Ag, Andries,” beknor ek hom, „die arme vent het tog reg om ongehinderd op die sypaadjie te staan.”

„Ja, maar Omie, die motorkar het tog die reg om op die straat te ry! En dit is snaaks, ha-ha . . .”

„Moet mens dan juis altyd op jou regte staan en hulle grif uitoefen sonder om aan ander te dink, Andries?”

„Omie, dis tog stad hier, en dis die straat. As 'n motor jou omry op die sypaadjie kan jy kla en raas, maar as hy jou op die straat doodry, waar gaan jy dan kla, Omie? Ja waar?” En Andries raak onbedaarlik aan die lag toe die koddigheid van sy vraag hom tref.

Dis tog hopeloos om vir Andries te probeer verduidelik dat 'n mooi oomblik in die lewe van 'n medemens onherroepelik verbygegaan het deur die onnadenkendheid van 'n ander mens. Andries is te seer 'n skepsel van die oomblik, wat nie die beroeringe van voorafgaande of volgende oomblikke in verband bring of sien met wat voor sy oë gebeur nie. Net die drang van die oomblik, dit ken hy. Hoe sal dit hom eendag tref as hy ontnugter word deur te ontdek dat nie net die huidige oomblik inhoud en waarde het nie? Net 'n kind is hy, 'n groot kind wat verdwaal het in die grootstad en heerlik geniet van alles wat hy aanskou. Mag die lewe jou genadig wees.

A. J. J. Visser

NERO

Wie is die vreemde God wat dag na dag
my Ryk se fundamente meer laat beef?
Is Hy dan sterker as die wrede mag
van Jupiter wat in my woede leef?
Ek sal Hom vind in een wat Hom aanbid,
al vlug Sy gees van siel tot siel, maar met
die laaste ketter sal Hy bewend wit
in onmag sterf. Ons sal nou vir die pret
die spel begin en die verraaiers een
vir een laat boet — in elke glimlag kan
Hy skuil; in al wat slu is en oneg:
Die strate is vol bloed, maar in geeneen
is Hy gevind. Net ek, die laaste man,
kan nou die God met selfmoord nog beveg.

LOT SE VROU

Vir Hom is als in daardie land bedorwe, klug.
Nou moet ek met my mense na Sy hemel vlug.
Die ydelheid en vreugdes wat daar agter brand,
is deel van my en dwing my oë telkens trug.

ARGITEK

Skaars kom een liggaam by sy laaste steenlaag aan
sodat die jare nie met hom kan verder gaan,
of winkelhaak en passer skuif weer vlugtig oor
die vlakke en dimensies wat nog moet bestaan.

DORPS-ERF

Teen elke liggaamsgrens hoor ek hom heftig raas,
as ek van drinklokaal na dobbelsale haas.
U het dié siel vanuit die kosmos weggeruk
en neergegooi in so 'n gure agterplaas.

VERLORE STAD

Die aarde draai vir vier-en-twintig uur
sy grade voor die son om my te vind.
Maar êrens langs 'n dor rivier
is ek nog nié die stippel van 'n pen se punt.

Fred Walewijn

HARTEKLOP

Ik ben de dans
van mijn jeugd ontsprongen
en heb thans
de stilte lief.

Ik heb de hans-
worst in mij overwonnen.
Van lijf en ziel
blijft 't hart de dief.

Maar als de stilte
stram werd
is het hert
de band ontsprongen
en heb ik luid gezongen:

Ik heb u lief!

VRAGEN

Drukt de steen u niet te zwaar
of ligt gij goed en wel geborgen
Moeder,
zeg het mij vandaag nog
of zeg het mij morgen
want al heb ik andere zorgen
ik wil weten hoe het u gaat.

Als ik ooit nog met u praat
in een droom of zo
of achter een glas gezeten
nooit kom ik te weten
naar wie gij nu op beevaart gaat.

Moeder zeg het mij,
hebt gij 't wel goed?
Gij zijt gewoon van niet te klagen
maar lig mij toch niet uit te dagen
zodat ik maar moet blijven vragen
of ik nog voor u bidden moet.

OUD HUIS

Het is een oud huis.
Dit zeggen de muren.
Dat zeggen de bureen.
De man is wat gek
en de vrouw is niet pluis:
het is een oud en heel gek huis.

Hoe kan het blijven duren,
de tijd knaagt aan de muren,
hem helpen luis en muis.
En 's nachts komen er schimmen
de geveltrap beklimmen
met somber spookgedruis.

Zijn de spoken weggegaan
dan kruipen op de muren,
katten zwarter dan de nacht
en met ogen fel als vuren:
leden van een hellewacht,
akelig huilend naar de maan.

Omdat zij de spoken nog niet hebben gehoord,
zo leeft het echtpaar steeds maar voort,
in eendere tred en onverstoord,
al is de man ook gek
en de vrouw niet pluis
en knagen veel kwalen
aan dit oude huis.

L. Sellschop

RHAPSODIE

Wild dans deur die miste,
lig draai oor die gras

snel deur die skaduwees,
gees van die winter, wat dans in die nag:
strak soos die takke
sonder hul blare, wat styg teen die lug.

Betowerd my treë
en wild is my hart,
spin in my dans soos 'n koeël in sy vlug,

tot ek duiselig val
op die yskoue gras,
onder blaarlose bome en mistige nag.

Die sterre hier bo my
dans nog in hul dolheid,
snel in hul swerme, onstuimig die lug;

die bloed in my are
dans wild teen my slape,
en wilder my hart in die hygende bors:

gees van die winter
wat wyk vir die lente,
snel deur die sterre in ekstatiëse vlug.

Ek is Nou Anders

D. F. MALHERBE

My naam is Josef. Maar ek het niks gemeen met die Bybelse Josef nie, nòg sy aanleg om droomgesigte te ontwaar, nòg sy kuns om 'n droomgebeure van betekenis te verklaar. Ek is 'n mens soos die aldag by hope aanwys, veels te ingewikkel in daaglikse doen om my aan inbeeldinge te gee of my te voed met prikkelende verhale soos daar in my taal genoeg van voorhande is. Met nugtere berekening verdien ek my kos deur my winkel ordelik te bestier en my medemens eerlik te behandel, en vroeër as ek gaan slaap het, was dit altyd met 'n gevoel van voldaanheid, want ek het gehad wat die mense „sukkses” noem. Ek was in eie oë 'n eerbare man: ek het my skulde betaal, my burgerlike en sosiale pligte nagekom; ek was by in die treurstoet na die kerkhof, by as die klok Sondags roep, by om verjaarsdag of bruilof te vier, binne in die sfeer van fatsoen en erkende gewoonte gesellig, mensliewend, betroubaar... Maar ek het onnadenkend by die huis waar 'n kranke lê, verbygestap sonder om dankbaar te wees vir gesonde jeug, veiligheid en vooruitsigte; verby gestap waar oues geboë sit om hul laaste uur af te wag; verby waar nood was of droefheid, want ek het nog nie geweet hoe dit is as die dood 'n naaste dierbare kom wegneem nie... Waarheid is dat ek almelewe ingehok was in my selletjie van eiebelang. Eie voordeel, eie voorspoed en gerief, eie sin en lus, was die maat van my dae... Liggaam en gees was gewy aan die bevordering van my saak, en die las van ander my onbekend, die siel van 'n ander 'n geslote boek. En al was ek nog nie welgesteld nie, ek het my heerlik onafhanklik gevoel asof ek nooit die hulp van my naaste nodig sou kry nie... Van alle mense was ek dus die minste ingestel om geheimsinnige of buite-natuurlike dinge te gewaar.

Maar eenmaal het tog iets met my gebeur waarvoor ek altyd dankbaar sal voel, iets wat my anders gemaak het.

Ek het toe nog by my ouers ingewoon aan die kant van die dorp met uitsig op 'n uitgestrekte biesievlei waar blink kolle water altyd sigbaar was. Een aand het ek laat sit en werk met syfers en berekeninge gemaak vir die volgende halfjaar. Al wat my bietjie ontstem het, was die

aansienlike som aan donasies bestee, soos dit maar in die loop van weke van jou afgepers word. Daaronder het sommige my bepaald as nutteloos en sleg bestede goedheid voorgekom. By gaan slaap het ek eers nog uitgegaan op stoep, soos die gewoonte was, die maanlose nag ingestaar en die vreedsame paddakoor uit die vlei hoor aanruis.

Hoe lank ek gelê het, weet ek nie, en wat daar met my gebeur het, ook nie, maar ek gewaar op die stoel voor my bed 'n mistigheid wat digter en digter groei soos 'n toegesneeude bos. En langsaam smelt die sneeu: 'n mensgesig, dan die skouers, die lyf met 'n bondel op die rug. En om die figuur was dit betreklik helder sodat ek die gelaatstrekke duidelik kon sien. Ek was kalm en sonder enige ongemaklike gevoel, want die figuur was natuurlik en soos dié van 'n kameraad.

„Ek is jammer om te pla,” sê hy.

„Sit maar gerus,” sê ek.

„My naam is Groot-Moeg.”

„Seker ver geloop?”

„Vér, en nog verder om te gaan, want my land is oral.”

„En die bondel is swaar?”

„Swaar genceg, want ek samel veel in.”

„Wat dan?”

„Vreugde en smart. Vreugde as ek 'n mens vind met opregte hart en liefde daarin. Maar meeste smart want dié is volop in my land. Ek dra swaar aan trane, nie trane van hongeriges of dorstiges nie, ook nie van dié wat liggaamlike pyn het of hulself beklae nie, want die hongerige kan te ete kry en die dorstige te drinke, en liggaamlike pyn gaan verby, en wie hulself beklae, moet eers nog geduld leer . . . Maar ek dra die trane om dié wat die liefde verloor het, om die duisende wat wanhoop en ontroosbaar is, om die verbitterdes en verhardes wat na lyding nog verharder is . . . Ja, ek dra swaar aan haat. In my land is daar miljoene uit wie se hart die dorings van haat opgroei en op hul naaste gerig is; die wanhopiges en verlorenes wat g'n uitsig meer het nie, wat die Heilige en Goeie en Skone en Ware nie ag nie van pure waansinnige wanhoop, wat alle ander meet met eie bedorwe maat . . . Die trane om hulle dra die swaarste . . .”

Sy gesig het 'n oneindige medelyde gewys, en ek het gedink; so moet die Liefde lyk. Toe verander sy gesig skielik, amper glimlag, amper spot. Maar dit was nie spot nie, dit was nog maar bejammering van menslike kort-sigtigheid en bedorwenheid, en wyse begrip van reddelose onwil. Maar voor ek kon vra, het hy verder gepraat.

Hy vertel toe van 'n man wat hy geken het, wat 'n groot en opregte hart gehad het, edel en 'n toonbeeld van menslikheid. Dié het 'n boek geskrywe teen die geweldenaars, teen hulle wat trap op die heiligdom van alle menslikheid. Maar eenaardig genoeg en sprekend van helder insig het dié man nie so veel nadruk gelê op die boosaardige natuur van die geweldenaar self nie, maar meer op die aanhangers van die geweldenaar en op die verslaafdes op wie die geweldenaar trap, omdat hulle hart van dieselfde aard is as dié van die geweldenaar. Want as dit anders was, sou hulle vroeër of later alles opoffer in verzet. Maar hulle is van dieselfde aard, en as hulle die mag sou kry, sou hulle dieselfde Godvergete werk verrig, omdat die hart net so goddeloos is as dié van die geweldenaar. Maar hulle, die ongelukkiges, het sy aanklag verwerp, omdat hulle verhewe was bo skuldbesef, en hulle het sy boek verbrand.

„Maar in my land is nie geweldenaars nie.”

„Jy dink dit maar. Laat die staat wankel, laat die uiterste nood kom, laat chaos kom, en hulle spruit op soos distels op die akker asof hulle gewag het op die guns van omstandighede. Die ongebore geweldenaars van jou land sit reeds in die hart... En jou land is maar 'n stukkie van myne...”

Sy gedagtes was so oorweldigend, dat my tong verstyf het in my mond, en voor ek iets kon vra, was sy ruisende woord weer oor my.

En hy het uitgelê dat hy swaar dra aan wreedheid en onverskilligheid en bedrog, swaar aan versuim wat die geboorte van 'n liefdedaad versmoor of die hand terughou om 'n ander in sy smart by te staan.

Toe verander sy gesig weer; dit word ene vreugde. En hy praat van trane wat veerlig is: trane om skuldbesef waar 'n hart voel soos 'n bewende blaas voor die yslikheid van 'n storm in aantog; trane om skoonheid, om die wonder van 'n lentebloei, van kleure en klanke; trane om die goedheid wat God uitstort oor die mense op 'n volmaakte dag; en trane uit eerbied, eerbied vir heilige dinge, vir lewe en dood, eerbied vir wat 'n ander vereer, eerbied vir die naaste, vir sy stryd, sy arbeid, ook vir sy foute. Hy wat 'n menshart beweeg tot skuldbesef, beweeg dat hy die anker van die Goeie omklem, het meer gedoen as hy wat boeke skrywe, meer selfs as die digterwoord, want so 'n traan is van die ewigheid, kom uit die hart wat sy tuiste het in die ewigheid.

Hy het die stoel nader geskuiwe; sy gesig was naby

myne, asof hy my sondigheid in al sy naaktheid wou sien, al my versuim en liefdeloosheid, al my swakhede en sondige gesindhede... En sy gesig was nou weer strak. En my oë het toegeval van sy oormeesterende blik, dat net nog die fluistering van sy stem op my ingesink het.

„Hy wat nie trane van berou kan stort nie, trane om die leed van ander kan stort nie, hy het verloor wat die ware ontroering aan 'n menshart gee. En hy wat dié seën mis, is die armste van alle mense. Eendag as ek weer kom, of nee, miskien as iemand anders na jou kom en jy in sy stem hoor iets van die gelykenis van myne: 'n klaende kind, 'n arme wat liefde soek en troos, 'n mensekind wat sy anker verloor het... dan sal jy weet wat om te doen. Maar as jy dit gedoen het, dan sal daar vrede wees in jou en om jou soos lig in die nag...”

Toe my oë weer oopgaan, was ek alleen.

Die dag het aangebreek.

En toe ek my aanklee, was ek effe bedruk, maar tog meer blymoedig as bedruk. Maar hoe meer ek die gebeure probeer uitpluis, hoe meer ek toe oorhoop raak met myself. Was dit 'n verskyning of maar 'n droom wat vir my werklikheid gelyk het? Dié gesig en dié stem! Die gesig louter goedheid en die stem soos van 'n geliefde leermeester wat woord na woord laat indrup in 'n ontvanklike hart. Anders vervaag 'n droom, die gestaltes raak vergeet en wat hulle mag gesê het, die bleek gedaantes skemer weg uit die bewussyn om nooit terug te keer nie. Maar hierdie... En die onmag by my — net maar inneem woord na woord...

Toe val dit my by dat ek die aand van die dag te vore my vriend, die onderwyser op die dorp, besoek het en dat hy my allerlei geheimsinnige voorvalle vertel het en dat hy my 'n boek gegee het om te lees. *The Book of Mystery* waarin ek nog laat lê en lees het. Dit was van 'n man met 'n groot eelt oor die bors soos van 'n bajonetsteek, wat in 'n swembad afgeduik het en volgens die verteller nooit weer opgekom het nie. Tog het die verteller dié vreemde man later by sy vriende, 'n getroude paar, aan huis gevind, besig om met hulle 'n reis na Amerika te reël. Maar omdat die verteller in die vreemde man 'n soort Jona gesien het, was hy genoodsaak om sy vriende agteraf te waarsku om nie met hom saam te reis nie. Hulle het sy raad aangeneem, en later in die koerant gelees dat die man die dertiende op die lys was van dié wat in 'n treinongeluk omgekom het.

Dit is waar, dié verhaal het my geboei en my laat nadink. Maar wat op aarde kan in dié storie wees wat verband hou met my ervaring? Maar daar is so baie dinge

wat ons nie verstaan nie . . . Tog het ek maar geglo, soos ook nou nog, dat my ervaring maar 'n droom was. Maar al was dit 'n droom, dan bly die hele affêre vir my nog buitengewoon en iets geheimsinnigs in my lewe.

Maar daardie môre was ek 'n wyser man en van een ding ten minste seker: diep in het ek 'n skat gedra verskuil voor die oog van die aldag.

Buite was die vleiwater verskuil onder 'n mislaag van die wintermôre.

„Josef, hoe is jy dan so bleek?” vra Moeder.

„Ek weet nie, Moeder, maar ek is nou anders. Ek begin nou aan ander dink, aan ander wat hulp nodig het en . . . liefde.”

Boekbespreking

VOOR DIE NAG KOM, deur Dirk Richard (Dagbreek-boekkring, Johannesburg. bls. 250; prys 11/-).

Dit wil my voorkom asof die verskyning van *Voor die Nag kom* „'n gebeurtenis van letterkundige betekenis” in Suid-Afrika gaan wees. Hier het ons nou eendelik 'n joernalis en koerantskrywer self aan die woord oor 'n saak waaroor daar al in die afgelepe paar jaar tot vervelens toe geskryf en geredekawel is. Welmenende predikante en bekommerde moeders, wakende Skrywerskringe, ernstige romanskrywers en idealistiese hoogleraars, ja selfs uitgewers het hulle al oor hierdie belangrike onderwerp uitgespreek; . . . mense wat almal voel dat hoewel daar ook ligte leesstof moet wees, ons tydskrifte en hulle skrywers nie net „misdad en seks en onverantwoordelike sensasie mag opdis nie” om hulle lesers daarmee alleen vet te voer nie. Hierdie lekker ligte leesstof ontaard so maklik in ons moeë en verwilderde na-oorlogse wêreld tot pornografiese prikkellektuur wat dan groot profyte afwerp omdat dit heelhuids gelees, en veral deur „die bakvisse, fabriekmeisies en jong seuns met vrypuiisies” verslind word.

Ons weet hoeveel mense al die gewraakte vraagstuk aangedurf het en uit hoeveel hoeke dit reeds benader is tot nou ons Volksraad hom daarmee gaan bemoei en daar selfs sprake is van 'n sensuur oor die „geel pers” wat aanvanklik van oor die see hier aangewaai gekom het en nou

weelderig op Afrikaanse bodem voortwoeker met al die kenmerkende „jitters” en akkelpienies en fieterjasies totdat ons letterkunde uiteindelik ongeurig geword het van al die peskwalms en skandelige fratse en misdade wat die rampokkerbendes van . . . Die Vreemde kenmerk.

Dirk Richard — en hy gaan nie eers agter 'n reddende skuilnaam beveiliging soek nie — vertel omonwonde die waarheid — soos hy dit sien en grondig leer ken het as wakkere joernalis en intelligent-waarnemende koerantman.

Die tendens (wat gedurig deurskemer) word meestal fyntjies getemper deur ons belangstelling in die gebeure in die lewe van Geyer Malan en sy gesin, in sy simpatiek getekende ou moeder-tjie en haar besoek in Clarendonse kringe, in die byeenkomste by Die Uil en in die lewe van Geyer se vriende en kennisse, en soms word dit sodanig verdoesel dat ons dan amper vergeet wat die brandende boodskap van hierdie roman is.

Geyer Malan het in armoede in die *Pé'el* grootgeword. Met sy verhuising na Johannesburg en as ontluikende joernalis het hy al heel gou opgang gemaak en tot hoë sosiale kringe ingang gevind. In Clarendon het hy ook die naam van prof. Lindeque en die stugge mev. Helga leer ken. Omdat Geyer vinnig vooruitgang maak en as redakteur van sy weekblad presteer en veral omdat hy nog „ordentlike leesstof” publiseer, mag hy met Nidia, die professors-

dogter, trou. Sy bly voorts die nugtere, begrypende vrou en die moeder wat Geyer sterk in sy stryd deur die jare wat voorlê.

'n Kentering kom wanneer die hoofbestuurder van hul blad, *Protea*, op 'n dag kortaf aan Geyer sê dat die inhoud van sy blad „drasties moet verander” — sodat die sirkulasie ook kan aanwas. Aanvanklik weier Malan om hom sy sin te gee en word deur sy geesgenoot Avril Meintjies gegrugsteun. Hulle wil die waardigheid van hul blad handhaaf. Malan maak donker dae deur. Die druk van sy bestuurder, die invloed van Elise Booyesen en ander medejoernaliste, die vooruitsig van 'n lekker populêre blad, aan die een kant, en die pleidooi van Meintjies, die eise van sy skoonouers, sy eie gewete en die kalme invloed van sy eenvoudige moedertjie andersyds, wat met haar vrome eenvoud die snobs van Clarendon kom skok het, voer 'n hewige tweestryd in Geyer se gemoed. Die vrees dat sy dogtertjies, Ingrid en Sandra, ook eendag sal swaarkry en met 'n „wond wat nooit heel nie,” deur die lewe sal moet gaan, net soos hy, gee die deurslag.

Protea verander nou van beleid en word weldra 'n uiters populêre tydskrif met baie „bloed op die voorblad” en geskrifte van Afrikaners wat hulle „penne net in bloed en goedkoop liefde gedoop het” en vol ander „stukkies onaantasbaarheid wat op silwer skinkborde in die boudoirs ingedra word.” Terselfdertyd egter floreer die tydskrif. Die sirkulasie skiet die hoogte in en *Protea* word „die tydskrif met die grootste oplaag in Afrikaans.” Elise Booyesen en haar „falanks van obskure skrywers” vier hoogty. Swiegers en Kie is in hulle nop-

pies. Ondertussen probeer Malan sy gewete sus dat hy as redakteur van *Protea* en medewerking van Elisa Booyesen glad 'n ander man kan bly as eggenoot van Nidia en vader van Ingrid en Sandra.

Dan ontwaak Geyer op 'n dag! Hy besef dat hy lankal vasgetrek is in die spinneweb van die listige Elise Booyesen en net soos die ander „Geel Pers”-skrywers geword het. Swiegers en die geldmag het geseëvier! Sy eie gesondheid is deur harde werk geknak en die baie drankies wat hy gedurig in die Uil en elders met sy joernaliste-vriende moet maak, is besig om hom te verwoes. Sy huislike geluk, hyself en sy twee kinders is in doodsgevaar. Hy besluit om terug te keer na die „ordentlike”. Hy bedank as redakteur van *Protea*; hy breek met die hartelose Elise Booyesen en soek aanknoping met sy ou vriend Avril Meintjies. Hy wil weer sy volk dien en met die getroue hulp van Nidia „die leegte oorbrug wat die geel vloedwaters deur hulle (en baie andere) se lewens gespoel het.”

Maar die voorreg is hom nie beskore nie. Geyer Malan het sy gesondheid opgeoffer en sy hele lewe prysgegee om die lae, moderne smaak te bevredig en het 'n speelbal geword van die geldmag van ons tyd; voordat hy kon voordeel trek uit die feit dat daar weer „goeie tekens” gekom het en dat „die gehalte van ons boeke aan die verbeter is,” het sy geleentheid jammerlik verbygegaan.

Hierdie nugtere, openhartige roman van Dirk Richard verdien ons almal se aandag. Dit prikkel en stimuleer — nie die sinnelike in ons nie, maar stem tot nadenke en tot daadkrag. Die boek

behoort 'n wye sirkulasie te geniet en nie die minste nie by ons koerantskrywers en uitgewers, die waarheid in te skerp dat „die joernalistiek ook 'n ander doel het as om gedurig net smerigheid op te dis.”

F. J. EYBERS

THE CHAIR OF THE RAMABULANAS, by Dorothea Möller-Malan (Central News Agency, 12/6).

Die advertensie meld dat hierdie boek die vrug van ondersoekingswerk is wat meer as drie jaar geduur het. Die boek is wel vol feite — feite opsigself interessant, omtrent die geskiedenis, gelowe, gewoontes en lewenswyse van verskillende Bantoesamme, en veral van een koninklike familie, 'n paar eeue lank woonagtig in die gebied wat later die naam Soutpansberg gekry het. Die skryfster verhaal hoe hierdie stamme mekaar dikwels aangeval en uitvermoor het, en wat hulle houding was teenoor die gekleurde stam, die Buysse, en later, die wit families onder Van Rensburg, Pretorius en Louis Trichardt wat in die dertiger jare ingetrek het. Die verhaal word uit die gesigspunt van die naturel vertel, en oor die algemeen is dit objektief, alhoewel daar af en toe 'n neiging bespeurbaar is om die wit man te verheerlik.

Taal, styl en vorm maak die boek egter byna onleesbaar. Die skryfster het verkies om in Engels te skrywe. Dit spyt my om te moet sê dat sy die boek deur 'n deskundige moes laat nasien het. Die bladsye wemel van grammatikale foute — enkelvoudige werkwoord met meervoudige onderwerp, enkelvoudige voornaamwoord vir meervoudige naam-

woord; en tye en voornaamwoorde is so deurmekaar dat dit dikwels moeilik is om die bedoeling van 'n sin uit te maak.

Die gevolg is dat die leser so verward raak dat hy die verhaal nie verder wil lees nie. Wat hom nog verder deurmekaar maak en sy belangstelling verslap, is dat hy soveel nuwe name en karakters per hoofstuk gegee word dat hy in dieselfde toestand verkeer soos iemand op 'n groot skemperparty wat deur sy gasheer rondgeneem word en aan een persoon na die ander voorgestel word; later gaan hy huis toe met net een of twee vae persoonlikhede en nog vaer name in sy geheue; die res is skoon weg. In hierdie boek is dosyne van die karakters wreed doodgemaak lank voordat ons hul leer ken het; die gevolg is dat dit onmoontlik is om ons oor die oorblywendes, wat ons soms nog minder ken, te bekommer. Geen verhaal, al is dit ook histories, kan indruk maak as ons niks omgee wat van die helde of heldinne of van die skurke en vyande word nie; gevolglik kan 'n bloedbad of 'n stuk wreedheid meer ons byna nie raak nie; en wie nou per slót van rekening op die troon van die Ramabulanas gaan sit — ons kan nie eers die name of karaktertrekke van die aanspraakmakers onthou nie! Wat ook tot die algemene gevoel van verwarring bydra, is dat die verhaal onsamehangend is, soms nie veel meer as lappieswerk nie, met 'n lap hier en daar uit 'n dagboek, wat ewe goed op 'n ander plek of glad nie kon ingepas het nie.

Dit is jammer dat die indruk wat die boek maak deur hierdie ernstige foute belemmer word, want waar ons nie vassteek in

al die leë name en in misbruik van tye en voornaamwoorde nie, skryf mevrou Malan eenvoudig en lewendig; haar houding teenoor al die volkere met wie sy te

doen het, is simpatiek, en haar kennis van hul gewoontes blykbaar groot.

CHRISTINE VAN HEYNINGEN

Uit Die Tydskrifte

Critisch Bulletin, Augustus 1953: Anthonie Donker skryf met groot lof oor prof. dr. W. J. M. A. Asselbergs se versorging van die negende deel van die *Geschiedenis van de Letterkunde der Nederlanden* wat die tydvak vanaf 1885 behandel. Tog het hy enkele besware, bv. teen effense geringskatting van Gorter se *Mei* en teen die feit dat Diepenbrock nie afsonderlik behandel is nie. Hendrik de Vries skryf met bewondering oor Albrecht Goes se *Freude am Gedicht*. P. Geyl wys op ernstige tekortkomings in dr. P. J. Bouman se *Revolusie der Eenzamen; Spiegel van een Tijdperk*. Ander boeke wat hierin bespreek word, is Louis Paul Boon se *De Kapelle-kensbaan* (Anna Blaman) en Hella S. Haasse se *De Scharlaken Stad* (Felix Rutten).

De Vlaamse Gids, Okt. 1953: W. M. L. E. van Leeuwen bespreek Adriaan van der Veen se bekroonde roman, *Het Wilde Feest*, waarin die anti-semitiese vraagstuk behandel word. Greshoff sit sy *Meanders* voort, terwyl Jan Wolravens „moderne” Vlaamse poësie bespreek. Hierdie nommer bevat verder poësie van Johan Daisne, Eric Standaert, Willy J. Elsmann en Valère Coopmans.

Nieuw Vlaams Tijdschrift, 7e Jaargang (p. 897-992): In die slothoofstuk van sy poësie-kroniek stap Karel Jonckheere nog steeds met die wiggelroede deur 'n betreklik dorre landstreek. Uit Uys Krige se *Hart Sonder Hawe* van 1949 word hier-

in één van die gedigte oorgedruk. Verder verskyn poësie van Bert Decorte en Hugo Claus en prosa van Marnix Gijsen en Eugenie Boeye.

Dietsche Warande en Belfort, Aug.-Sept. 1953: Dr. J. V. L. Brans bespreek die werk van Salvador Dali en staan veral baie krities teen die kunstenaar se laaste werke. Volgens hom sal Dali „zich niet lang overleven.” Die blywendste werke behoort syns insiens tot die sg. „Surrealistiese simboliek der eerste periode.” Maurits Engelborghs bespreek Arthur Koestler as skrywer en figuur. Nuwe poësie word gepubliseer van Henri Bruning, Christine d'Haen en Jan Vercammen, terwyl 'n vertaling verskyn van 'n „nouvelle” van Machiavelli.

De Nieuwe Taalgids, 5e aflewering, 46e jaargang: W. A. P. Smit bespreek J. Noë S.J. se proefskrif *De religieuze bezieling van Vondels werk*. Die weergawe van Vondel se godsdienstige ontwikkeling vind hy goed, maar die indeling en karakteristiek van die dramas besonder swak. Meyer de Villiers skryf oor die Afrikaanse *gh*-foneem (die stemhebbende velare eksplisief). Die verskyning word aangekondig van Jonker Jan van der Noot se bundels *Het Bosken* en *Het Theatre*, versorg toegelig en ingelei deur prof. W. A. P. Smit.

Standpunte 29, Jaargang 8, Nr. 1: 'n Taamlike hoeveelheid nuwe Afrikaanse en Engelse poësie

word gepubliseer, waaronder 'n epiese gedig van D. J. Opperman, *Blom van die Baaierd*. Barrie Biermann skryf oor die herkoms van die Ou-Kaapse Blomgewel, terwyl die reeks artikels oor Katoelike en Calvinistiese kunsopvattings voortgesit word deur M. Versfeld en A. H. Murray. Uit Ernst van Heerden se proefskrif verskyn die hoofstuk oor *Die Sinestetiese Beeld*. A. A. M. Stols skryf oor die tipografiese kuns in Nederland sedert 1890. Finus M. P. Oosterhof bespreek die poësie van Albert Besnard en Antonissen S. J. Pretorius se epiese gedig, *Grou Mure*, wat hy beskou as „minder groots en minder intens” as die digter se *Die Arbeider*. Opperman antwoord op F. E. J. Malherbe se beskuldiging van „vergissings” in sy proefskrif deur hom na die bronne te verwys.

Helikon, Jaargang 3, Nr. 13: Hierdie nommer word opgedra aan D. F. Malherbe, oor wie 'n paar artikels verskyn. In sy artikel oor *Die Volkseie en Letterkunde* spreek prof. dr. Abel Coetzee die mening uit dat die Afrikaanse letterkunde die gevaarlike dooiepunt verby is waar die tradisie van die oue vergeet is en die nuwe geen verband gehou het met die geestesbesit van die volk nie. Poësie verskyn van D. F. Malherbe, A. D. Keet, S. Ign. Mocke, Rud. P. Visser, A. J. J. Visser en Afrikaanse sowel as Engelse verse deur G. A. Watermeyer. Dr. S. C. Hattingh gee 'n simpatieke bespreking van S. Ign. Mocke se nuwe bundel, *Twee Lande*.

E. LINDENBERG

Nuwe Afrikaanse Boeke

P. J. NIENABER

BIBLIOGRAFIE

- SKOOL van Biblioteekwese:
1. BURGER, M. J. Generaal J. B. M. Hertzog: 'n bibliografie. Kaapstad, Universiteit van Kaapstad: Skool van biblioteekwese, 1953. 31 bl. 10 x 8½. pap. 5/- (Gemimeo-grafer).
2. GRIESEL, M. Bibliografie van Jan F. E. Celliers. 1951. 29 bl. 10 x 8½. pap. 6/-.
3. KAMP, Y. Christiaan Maurits van den Heever. 1953. 21 bl. 10 x 8½. pap. 5/-.
4. LOUW, A. D. J. Bibliografie van Nederlandse en Afrikaanse boeke gedruk en uitgegee deur D. F. du Toit & Co., ens. 1951. 36 bl. 10 x 8½. pap. 6/-.
5. MALAN, E. M. Cornelis Jacob Langenhoven: bibliografie. 1951. 30 bl. 10 x 8½. pap. 6/-.

EKONOMIE

- WIJNHOLDS, dr. H. W. J. Geld, goud en goedere. Pretoria, Akademie pers, 1953. 140 bl. 8 x 5. karton.

GESKIEDENIS

- CONRADIE, L. J. Spaanders wat vlieg. Pretoria, J. L. van Schaik, 1953. 180 bl. illus. 8 x 5.
- PUNT, dr. W. H. J. Louis Trichardt se laaste skof. Pretoria, J. L. van Schaik, 1953. 254 bl. bibl. illus. 9 x 6.
- SPIES, dr. F. J. du Toit. Briewe uit Transvaal van G. A. A. Middelberg. Pretoria, S.A. Akademie vir Wetenskap en Kuns, sj. [1953]. 164 bl. illus. 9 x 7. pap. (oorgedruk uit die Hertzog-Annale, II, nr. 1).

GODSDIENS

- GREYLING, dr. E. Ek en my kind. Bloemfontein, Sondagskool-boekhandel, sj. [1953]. 149 bl. bibl. 8 x 5. karton.
- GUNNING, dr. J. H., J.H.sn. Die mōrestond nader; vertaal deur S. B. Pretoria, J. H. de Bussy, en H.A.U.M., Kaapstad, 1952. 265 bl. 9 x 6.
- KLERK, dr. B. J. de. Die Roomse gevaar. Pretoria, J. H. de Bussy, en Kaapstad, H.A.U.M., 1952. 98 bl. 9 x 6. pap.
- KLERK, dr. P. J. S. de. Woorde en dade van die profete. Pretoria, J. L. van Schaik, 1953. 204 bl. bibl. 9 x 6.
- WEISS, P. F. D. Die teofore geografiese name van die Ou Testament. Pretoria, J. H. de Bussy, en Kaapstad, H.A.U.M. 1952. 139 bl. bibl. 9 x 6. pap.

SKONE KUNS

- TOIT, Mattie M. du. Die kuns van blommerangskikking. Johannesburg, Afrikaanse pers-boekhandel, 1953. 141 bl. illus. 9 x 7. 17/6.

ROMANS EN VERHALE

- BEYERS-BOSHOF, C. F., en MARITZ, Petro. Nag oor die stad. Johannesburg, Goeie hoop-uitgewers, 1953. 7½ x 5. karton. 10/6.
- BOSMANN, Forona. Rukwinde. Kaapstad, Tafelberg-uitgewers, 1953. 224 bl. 7½ x 5. 10/6.
- BOTHA, Jeanne. Wanneer die liefde roep. Pretoria, Keurbiblioteek, 1953. 200 bl. 7 x 5. 8/6 (vir lede 6/6).
- BRITS, J. J. Volmaakte oorgawe. Johannesburg, Dagbreek-boekkring, 1953. 223 bl. 7½ x 5½. karton. 11/-.
- BRITS, Sarie. Sleutel tot herinnering. Johannesburg, Dagbreek-boekkring, 1953. 188 bl. 7 x 5. karton. 11/-.
- FOURIE, Nellis. Die indringer. Pretoria, Keur-biblioteek, 1953. 208 bl. 7 x 5. 8/6 (vir lede 6/3).
- FRASER, E. J. M. Die huwelik van Elsa Martyn. Kaapstad, Tafelberg-uitgewers, 1953. 205 bl. 7 x 5. karton. 10/6.
- GERDENER, Theo. Mejuffrou Colette. Johannesburg, Van Riebeeck-biblioteekskema, 1953. 219 bl. 7 x 5. 10/6.
- GROENEWALD, André. Weskus-episode. Johannesburg, Goeie hoop-uitgewers, 1953. 221 bl. 7½ x 4½. 10/6.
- HEEVER, C. M. van den, red. My jeugland. Johannesburg, Afrikaanse pers-boekhandel, 1953. 142 bl. illus. 8 x 5.
- HENDRIKS, R. Geheim van die wit orgiede. Johannesburg, Van Riebeeck-biblioteekskema, 1953. 214 bl. 7 x 5. karton. 10/6.
- HOFMEYR, De Wet. Engel met 'n engel. Kaapstad, Tafelberg-uitgewers, 1953. 221 bl. 7½ x 4½. karton. 10/6.
- HÖRSTEN, F. en H. von. Jy speel met vuur. Kaapstad, Nasionale boekhandel, 1953. 201 bl. 7 x 5. karton. 11/-.
- KLERK, W. A. de. Die ensames. Johannesburg, Afrikaanse pers-boekhandel, 1953. 257 bl. 7½ x 5. 12/6.
- Die uur van verlanje. Kaapstad, Nasionale boekhandel, sj. [1953]. 371 bl. 7 x 5. 12/6.
- KRUGER, Jannie. Beelde en stemme. Johannesburg, Voortrekkers, 1953. 135 bl. illus. 8½ x 5½. 12/6.

- KRUGER, Susan. Bloureën. Johannesburg, Afrikaanse pers-boekhandel, 1953. 259 bl. 7 x 5. („Morester-biblioteek," nr. 82).
- MARITZ, P., en BEYERS-BOSHOFF, C. F. Onderstroom. Johannesburg, Drostyd-boekklub, 1953. 240 bl. 7 x 5. 15/-.
- MULLER, Massie. Klatergoud. Johannesburg, Afrikaanse pers-boekhandel, 1953. 80 bl. 7 x 4. pap.
- PAULA. Nuwe beloftes. Johannesburg, Afrikaanse pers-boekhandel, 1953. 270 bl. 7 x 5.
- PIENAAR. Ernst. Een wat ek myne noem. Johannesburg, Voortrekkerpers, 1953. 270 bl. 7 x 4. 11/- (11/6).
- PLESSIS, I. D. du. Goede dood. Kaapstad, Nasionale boekhandel, sj. [1953]. 151 bl. 7 x 5.
- ROSE, F. Horace. Bruid van die Kaliharie: vertaal deur I. G. J. Viljoen. Johannesburg, Goeie hoop-uitgewers, 1953. 246 bl. 7 x 4. 10/6.
- SCHOONBEE, Rachel. Net eenmaal in die lewe. Johannesburg. Dagbreek-boekkring, 1953. 221 bl. 7 x 5. karton.
- SPARKS, A. C. 'n Roos vir Marianne. Kaapstad, Nasionale boekhandel, sj. [1953]. 200 bl. 7 x 5. karton. 6/6.
- STEYN, Elmar. Die vrug van die wraak. Johannesburg, Goeie hoop-uitgewers, 1953. 223 bl. 7 x 5. 10/6.

A.P.B.

